

LEWE IN *Liefde*

Moraliteit vir die markplein

J.H. VAN WYK

LEWE IN LIEFDE

MORALITEIT VIR DIE MARKPLEIN

J.H. VAN WYK



Potchefstroomse Universiteit
vir Christelike Hoër Onderwys

1999

WETENSKAPLIKE BYDRAES VAN DIE PU VIR CHO
Reeks F2: Brosjures van die Instituut vir Reformatoriese Studie
Nommer 73

Kopiereg © 1999 Instituut vir Reformatoriese Studie

TS 99/0031

Alle regte voorbehou. Geen deel van hierdie publikasie mag gereproduseer word in enige vorm, of oorgedra word hetsy elektronies, meganies, fotostaties, of per bandopname, sonder die nodige skriftelike toestemming nie.

ISBN 1-86822-354-X

Die Universiteit is nie verantwoordelik vir die menings in hierdie publikasie uitgespreek nie.

Omslagontwerp: George van der Walt

Opgedra aan die studente van die
Teologiese Skool Potchefstroom

“Omdat julle kinders van God is en Hy julle liefhet, moet julle sy voorbeeld volg. Lewe in liefde, soos Christus ons ook liefgehad en om ons ontwil sy lewe as ’n offergawe gegee het, ja, ’n offer wat vir God aanneemlik was” (Ef. 5:1-2).

VOORWOORD

Van die kant van die IRS is die versoek ontvang om 'n bundeltjie saam te stel wat oor aktuele (etiese) temas handel. Vanweë hulle aktualiteit is twee resente artikels wat in die bundel *Etiëk in eenvoud* (1998) verskyn het, ook hierin opgeneem.

Die artikels sal beter verstaan word indien rekening gehou word met die konteks waarin dit geskryf is en die jaar waarin dit verskyn het.

Baie dankie aan Lina de Bruyn vir haar rekenaarswerk en aan my vrou, Ria, vir proefleeswerk.

Die bundel word opgedra aan die studente van die Teologiese Skool Potchefstroom met wie dit een groot vreugde is om mee saam te werk.

Amie van Wyk

INHOUD

I INLEIDENDE VRAE

1. IDENTITEIT.....	1
2. VERANTWOORDELIKEID IN DIE VERANDERENDE SUID-AFRIKA.....	4
3. WIE LÊ DIE SKRIF REG UIT – EN HOE?.....	14
4. WAT IS DIE VERSKIL TUSSEN OPINIE, KENNIS EN WYSHEID?.....	18
5. GESPREK OOR MIDDELMATIGE EN FUNDAMENTELE SAKE.....	22
6. CALVINISME IN SUID-AFRIKA HIERDIE EEU.....	26
7. GEDAGTES OOR “DIE STEM VAN POTCHEFSTOOM”.....	32
8. GEDAGTES OOR BEGRAFNISPRAKTYKE.....	36

II SEKSUELE EN MEDIESE VRAE

9. DEBAT OOR ABORSIE.....	42
10. BESINNING OOR (DIE WETTING VAN) PROSTITUSIE.....	45
11. LIFE IS NOT SHEEP – GEDAGTES OOR KLONING.....	50

III POLITIEKE VRAE

12. KONINKRYK EN POLITIEK.....	55
13. MOET DIE KERK HOM MET DIE POLITIEK BEMOEI?.....	59
14. KOMMENTAAR OP DIE VERSLAG VAN DIE WAARHEIDS- EN VERSOENINGSKOMMISSIE (1).....	63
15. GEDAGTES OOR DIE VERSLAG VAN DIE WAARHEIDS- EN VERSOENINGSKOMMISSIE (2).....	67
16. GODSDIENS EN MISDAAD.....	70
17. DIE STANDPUNT VAN DIE REFORMASIE OOR DIE REG VAN VERSET.....	76
18. OPSIES VIR OORLOG.....	80

IV SLOT

19. WAARHEID EN LIEFDE.....	84
-----------------------------	----

BYLAE

VOORSTEL VIR 'N GETUIENIS OOR VERSOENING IN DIE SUID-AFRIKAANSE SAMELEWING.....	92
--	----

I

INLEIDENDE VRAE

1. IDENTITEIT*

Wie is ek? Wat is ek? Wat is ten diepste my (geloofs-)identiteit? Sommige sal onmiddellik antwoord: Gereformeerde! Ander sal sê: Christen! (En verwys na Sondag 12 van die Kategismus). Is daar egter met hierdie aanduidings deurgedring tot die diepste kern van die vraag: Wie en wat is ek?

Kind van God

Die grootste en die mooiste wat daar egter van die mens gesê kan word, is dat hy *kind-van-God* is. Hierdie aspek kom in die Bybel herhaaldelik na vore. Ons lees daarvan by die evangeliste (Matt. 5:9,45; Luk. 20; Joh. 1:12); by die apostel Paulus (Rom. 8:14,16; 9:8; Gal. 3:26; 4:6) en by die apostel Johannes (1 Joh. 3:1,2,10). En dan het ons nog net na die Nuwe Testament verwys.

Die uitdrukking *kind-van-God* (letterlik “seuns van God”) was ’n eretitel wat toentertyd in verband met die staatshoofde van Rome, Persië, Babel, Egipte en China gebruik is. Maar die Here God noem nou alle mense wat in besondere verhouding tot Hom staan, wat in verbondenheid aan en afhanklikheid van Hom leef, wat sy wil doen, kinders-van-God. Die vredemakers word so genoem (Matt. 5:9), die vyand-liefhebbers (Matt. 5:45), die opstandingskinders (Luk. 20:36), die gelowiges (Joh. 1:12), die Geesvervuldes (Rom. 8:14; Gal. 4:6), die Christus-gelowiges (Gal. 3:26), die geregtigheid-doeners (Joh. 3:10).

Om *kind-van-God* te wees, beteken om ware beeld van God te wees. Dit beteken op sy beurt weer drie dinge: dat die mens in drie verhoudings staan en rég staan: tot God, die medemens en die natuur. Eerstens staan ’n mens in verhouding tot God (Gen. 1:26). Die mens is nie God nie maar diep afhanklik van God. Hy moet “soos” God word, nie in die sin wat Eva en Adam dit wou doen nie, maar soos wat GóD wil (Matt. 5:48; 1 Pet. 1:14). Tweedens is die mens ook medemens van sy naaste (Gen. 1:27). Om as mens te lewe, beteken om sáám te lewe. Derdens is die mens heerser oor en beskermmer van die natuur (Gen. 1:28; 2:15). Vir luiaards is daar op die wêreld geen plek nie (2 Tess. 3:10), ewe min natuurlik vir natuur-uitbuiters en vernielingswolwe (Jes. 45:18).

* *Die Wingerdstok* (Kwartaalblad van die Gereformeerde Kerke in die Boland en Suid-Kaap). Jan.-Feb. 1977.

Wat hier vir die individuele gelowige geld, geld ook vir die kerk in die algemeen (Rom. 9:26). Die mooiste naam wat die kerk dra, is die ou erenaam van Israel: volk-van-God (1 Pet. 2:10). Nie die naam “Christen”, wat volgens Handeling 11:26 vir die eerste maal in Antiochië – en dit nog deur buitelanders! – aan die kerk gegee is, is die mees tiperende naam nie. “Die begrip Godsvolk is die oudste en mees fundamentele begrip ter omskrywing van die selfopvatting van die kerk” het iemand tereg opgemerk. Deurgaans word die kerk in die Nuwe Testament dan ook “kerk van God” genoem en slegs enkele male “kerk van Christus”.

Christen

Ek dink in hierdie verband wat ek by twee bekende skrywers gelees het.

Ds. H. Veldkamp skryf in sy *Zondagskinderen II* (s.j.:265): “Daar is naamlik gereformeerde Christene, hervormde Christene, Lutherse Christene, Roomse Christene, ensovoorts. Hierdie gerefomeerd, hervormd, Luthers, Rooms is egter byname - my naam is Christen, gereformeerd is my bynaam”. Eweneens sê A.A. van Ruler: “Gereformeerd is my bynaam, christelik of katoliek is ons naam” (*Theologisch Werk VI*, 1973:85).

Ons het reeds aangetoon dat die naam kind-van-God nog dieperborend is as die naam “Christen”. Die twee name skakel mekaar egter nie uit nie maar sluit mekaar in: Ek is alleenlik kind-van-God deur Jesus Christus (Joh. 1:12; Ef. 1:5) en die Gees van God (Rom. 8:14).

Om Christen te wees, beteken om verkondigend, dienend en vorstelik te lewe.

Laat ek hier veral drie aspekte beklemtoon. Eerstens: *Navolging*. Wie Christus nie waarlik navolg nie, wie nie in sy voetstappe volg nie (1 Pet. 2:21), is geen Christen nie. Tweedens: *selfverloëning*. Dit is ’n basiese eienskap van die Christelike lewe (Mark. 8:35) en dit staan voortdurend op gespanne voet met die vleeslike drang tot selfhandhawing. Die wonder is egter dat dit soveel vrugbaarder is en soveel beter resultate lewer as selfhandhawing (Joh. 12:24). Derdens: *gelykvormigheid*. ’n Christen moet hoe langer hoe meer gelykvormig word aan Christus (Rom. 8:29; Fil. 3:21). Dit wil sê Christus moet in hom gestalte aanneem (Gal. 4:19). En al is dit aan ons nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie, weet ons dat ons eenmaal “aan Hom gelyk” sal wees (1 Joh. 3:2).

Gereformeerd

Gereformeerd-wees is niks anders nie as 'n bepaalde manier-van-Christenwees, 'n wyse van kind-van-God-wees, laat ons - met ootmoed - sê: 'n Bybelgetroue manier. Dit wil selfs die méés Bybelgetroue manier wees - al is dit nie altyd die geval in die daaglikse lewe nie.

Gereformeerd-wees is sedert die Groot Reformasie van die sestiende eeu in verband gebring met vyf sentrale temas (solismes) en nie in die eerste plek, soos vandag so dikwels met gesange en kerkies nie.

Die eerste twee is: *sola gratia* en *sola fide*: genade alleen en geloof alleen. Dit skerm hom af teen die Roomse werkheilighedsleer sonder om niksdoen te verheerlik.

Die derde is: *sola Scriptura*: die Skrif alleen. Dit staan teen die Roomse byhaal van die kerklike en enige ander tradisie as 'n gesags- of inligtingsbron naas die Woord van God. Gereformeerd-wees beteken dus nooit om náás die Bybel nog iets te hê wat eiesoortig of eienaard is nie - wat ander kerke nie het nie - maar dit wil slegs 'n suiwere vertolking wees van wat alleen die Bybel sê.

Die vierde is: *solo Christo*: Christus alleen. Nie Maria nie, nie die kerk, biskop of pous verleen die toegang tot God nie, maar alleen Jesus Christus, die enigste Middelaar en Verlosser.

Die vyfde is: *solī Deo gloria*: aan God alleen die eer. Hierdie motief geld vir alles wat die gelowige doen: in sy kerklike, maatskaplike, ekonomiese en politieke lewe gaan dit om die verheerliking van God (I Kor. 10:31).

By die gelowige kan daar nooit sprake wees van 'n identiteitskrisis nie. Daarvoor is die Bybel te duidelik. Hy is kind-van-God, Christen, Gereformeerd, of as u wil: 'n Gereformeerd-Christelike kind-van-God. Maar die orde in onomkeerbaar.

2. VERANTWOORDELIKHEID IN DIE VERANDERENDE SUID-AFRIKA*

1. Inleiding

Ek begin met twee inleidende opmerkings. Die eerste handel oor die begrip “verantwoordelikheid” en die tweede oor “die veranderende Suid-Afrika”.

Die term *ver-antwoord-elikheid* impliseer dat die mens moet antwoord gee op vrae wat deur God – en die medemens – aan hom gestel word. Die mens se optrede word voortdurend bevra en bevraagteken, reg van die begin af, te meer nog na die sondeval. Die lewende God maak homself bekend as die kommunikerende, die vraende, die opsoekende en so genadige God. Hy laat die mens nie aan homself oor nie. Hy het immers die mens na sy beeld geskape (Gen. 1:27) en aan hom ’n opdrag gegee om te vermeerder en oor die aarde te heers (Gen. 1:28), ja, dit ook goed op te pas (Gen. 2:15). Die mens moet aan God antwoord gee of hy sy verantwoordelikheid nagekom en sy roeping vervul het.

Daarom bevraagteken die Here die mens se optrede na die sondeval. Hy vra vir Adam: “Waar is jy?” (Gen. 3:9). Dit beteken natuurlik nie dat die Here nie geweet het waar Adam hom op daardie oomblik bevind het nie; dit beteken ook nie dat die Here bloot wil weet op watter geografiese plek Adam hom op daardie oomblik in die tuin bevind nie; dit beteken veeleer dat die Here navraag doen oor Adam se optrede. Waarom bevind jy jou hier, Adam, in hierdie omstandighede waar jy angstig voor my wegvlug? Ons sien dit ook baie duidelik uit die Here se vraag aan Eva: “Wat het jy nou gedoen?” (Gen. 3:13). Die Here soek in sy genade man en vrou op en Hy wil hulle tot skuldbesef en skuldbelydenis bring. Beide verontskuldig hulleself en pak die skuld op iemand anders: die man op die vrou (en God!), die vrou op die slang. Maar op hierdie wyse kan die mens nooit sy verantwoordelikheid nakom nie; selfverontskuldiging trek ’n mens net dieper in die ellende in.

Uit hierdie vrae blyk hoedat die sonde die mens se verhouding tot God versteur het, maar ook hoedat dit die huweliksverhouding aangetas het. Die sonde breek alles uitmekaar. Nog later sal blyk hoedat dit ook familieverhoudings en

* Teks van effens gewysigde voordrag voor Saamtrek van Gereformeerde Susters te Rustenburg, 1992. Ongepubliseer.

verhoudings in die samelewing vernietig. In Genesis 4 word die verhaal van die sondeval voortgesit: Kain slaan sy broer Abel dood. Ook hierdie optrede word deur die Here bevraagteken as Hy vir Kain vra: “Waar is jou broer Abel?” (4:9). Menswees is medemens-wees, is medeverantwoordelik-wees vir jou naaste. Jy mag hom nie verinnuweer of verdruk, molesteer of mishandel nie. Jy moet hom liefhê, want jy is beeld van God; jy moet in jou lewe iets van die opsoekende liefde van God vir die sondaar weerspieël.

Nog later in die wêreldgeskiedenis sou God die grootste van alle vrae aan die mens stel: “Wat dink julle van die Christus?” (Matt. 22:42; vgl. 16:15). Die antwoord op hierdie vraag bepaal ’n mens se lewe of dood en of jy binne of buite die koninkryk te staan kom.

Die mens, elke mens, dra verantwoordelikheid omdat hy moet antwoord op die roeping van God.

Die tweede inleidende opmerking gaan oor die uitdrukking “*die veranderende Suid-Afrika*”. Dit is nogal ’n komplekse uitdrukking waaroor daar verskil van mening is. Die vraag is wát verander en in watter rigting. Ek meen daar bestaan konsensus dat baie dinge in Suid-Afrika gaan verander en daarom is dit nodig dat mense hulle op daardie veranderings sal voorberei. Ek meen ook dit sal uiters onverstandig wees om voorbereidings te tref slegs vir een bepaalde soort verandering, want die toekoms is per slot van rekening nie in mensehande nie en ons weet nie in watter rigting die Here die Suid-Afrikaanse geskiedenis kan stuur nie.

Die vraag is watter veranderings verwag en min of meer voorsien kan word; watter vraagstukke staan ons voor die deur? Ek meen ons moet op ten minste die volgende let. Ten eerste: grondige politieke veranderings. Of dit nou ook al die verwerklik van my bepaalde politieke siening gaan wees al dan nie, almal stem saam dat die politieke model van die toekoms totaal gaan verskil van die verlede. Ten tweede: voortdurende ekonomiese probleme, aangehelp deur inflasie en droogtetoestande. Die welvaarts-kultuur van die verlede sal kwaai in die bek geruk word. Ten derde: voortslepende geweld en misdaad. Op hierdie stadium lyk dit nie of alle politieke groeperings oor ’n oplossing gaan saamstem nie en die groeiende polarisasie maak ’n kultuur van geweld hoogswaarskynlik. Ten vierde: die probleem van armoede en werkloosheid sal hom al hoe sterker laat geld. ’n Werklose mens is ’n potensieel gevaarlike mens. Ten vyfde: bevolkingsontploffing. Solank die bevolking onbeheers toeneem, word die probleme net groter, ook die probleme rondom vigs. Ten sesde: toenemende omgewings-

besoedeling. Die groteske manier waarop die lug, water en omgewing besoedel word, kan nie sonder rampspoedige gevolge wees nie.

Hierdie prentjie lyk inderdaad somber, maar dit is nie my bedoeling om 'n stemming van pessimisme te laat posvat nie en daarom gee ek later aandag aan ons verantwoordelikheid ten opsigte van hierdie vraagstukke. Wat egter nodig is, is dat ons 'n duidelike besef van die probleemareas sal hê sodat ons kragte kan monster om daardie probleme aan te spreek. Wat verder duidelik is, is dat alle probleme nie tot *politieke* probleme gereduseer kan word nie; al is politiek ook hoe belangrik, die lewe is méér as politiek en sluit ook ander baie belangrike aspekte in. Dit maak byvoorbeeld nie sin om die politieke probleme op te los maar aan die ekologiese probleme ten gronde te gaan nie.

Voordat ek oorgaan tot 'n konkrete bespreking van ons verantwoordelikhede in die gesin en samelewing, wil ek graag aandag vra vir drie fundamentele beginsels van die Christelike lewe, naamlik geloof, hoop en liefde.

2. Fondamente

Wanneer ons die Bybel oopmaak, is dit sonder meer baie duidelik dat geloof, hoop en liefde tot die wese van Christenwees behoort. Veral in die prediking van die apostel Paulus kom hierdie drie herhaaldelik en dikwels saam ter sprake (1 Kor. 13; 1 Tess. 1:3).

2.1 Geloof

Ons weet almal wat geloof is: dit is vertroue, volkome vertroue op God (HK 7:21). Ons kan dit ook beskryf as totale oorgawe en gehoorsaamheid aan God. “As 'n mens nie glo nie, is dit onmoontlik om te doen wat God wil” (Heb. 11:6). Johannes skryf dat die oorwinning wat ons oor die wêreld behaal het (!), “is deur ons geloof” (1 Joh. 5:4), want die oorwinning lê vas in die kruisiging en opstanding van Jesus Christus (v. 5).

Christene bely in die Twaalf Artikels dat hulle net in Gód glo. Ons kan net op Gód ten volle vertrou, ons saligheid hang immers net van Hóm af. Daarom is dit foutief om te sê dat 'n mens nog in ander dinge moet glo; dit is onbybels om te sê dat ons naas God ook in ons volk en in onself moet glo. Ons mag onself of ons volk, of wat ook al, nie op dieselfde vlak as God plaas nie, want dan verval ons in afgodery (HK 34:95).

Dit is sy onwrikbare vertroue op God wat die gelowige in tye van storms staande hou, wat hom nie in moedeloosheid laat terugsak en wat hom met vaste tred laat

voortgaan. Dit is sy geloof in God wat rus in die gemoed bring dat niks op aarde en in die hemel die gelowige kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, ons Here, is nie (Rom. 8:39).

As Christene die veranderende Suid-Afrika nie met geloof in God tegemoet gaan nie, dan slaan ons die bodem onder ons voete weg. Let wel, geloof in Gód, nie in een of ander politieke leier of een of ander politieke beleid nie, ook nie in allerlei voorspellings nie, nee, geloof in die lewende God. Natuurlik het geloof en politiek baie met mekaar te maak, maar die verhouding is nooit so dat ons ooit die politiek of iets in die politiek mag vergoddelik nie. Ons moet ons geloofs-oortuigings in die politiek uitleef, maar juis dit sal ons daarvna weerhou om van die politiek 'n afgod te maak.

“Hy wat glo, sal nie haastig wees nie”, sê die profeet (Jes. 28:16). Die gelowige raak nie maklik angsvallig en oorstuur nie.

2.2 *Hoop*

Waar *vertroue* die kenmerk van geloof is, daar is *verwagting* die kenmerk van hoop. Geloof bind ons na Bo, aan God, maar die hoop laat ons uitreik na voor, na die toekoms, na dit wat God belowe het. Hoop is die op Gods toekoms gerigte verwagting (Heb. 6:19). Ons hoop op die dinge wat ons nie sien nie en daarom wag ons daarop met volharding (Rom. 8:24-25).

In Jeremia 32 kry ons 'n pragtige illustrasie van wat die Bybel onder hoop verstaan. Daar gee die Here aan die profeet opdrag om 'n stukkie grond in sy geboortedorpie Anatot te gaan koop en dit terwyl die hele land deur die Babiloniërs verwoes en Jerusalem reeds beleër is. Menslik gesproke maak so 'n opdrag nie sin nie en skyn dit volkome onrealisties te wees. Tog moet Jeremia die grond koop want daar kom 'n tyd (na die terugkeer uit die ballingskap) dat daar weer huise en gronde en wingerde verkoop sal word en die lewe weer sal voortgaan. By die Here is immers niks onmoontlik nie. Die grondkoop-transaksie van Jeremia is 'n simbool van hoop dat die Here groot dinge belowe het en dat die oordeel nie die einde beteken nie.

Waarop wag ons, waarop hoop ons? Ons wag op die finale oorwinning oor sonde, dood en demone; ons hoop op die totale vernuwing van mens en wêreld, van hemel en aarde. Ons hoop op die dag wanneer alles nuut sal wees, alles volmaak, wanneer die gelowiges sonder vlek of rimpel voor God sal staan (Ef. 5:27), wanneer God alles vir alles sal wees (1 Kor. 15:28).

Dit is die Christelike hoop wat ons van 'n somber pessimisme en 'n ligsinnige optimisme bewaar. Die Christelike hoop (spesimisme!) vrywaar ons daarteen dat ons ons teen die realiteite van die dag blindstaar omdat dit ons oë opwaarts na die berge rig vanwaar ons hulp en ons heil vandaan kom (Ps. 121:1). Natuurlik trek die Christelike hoop ons aandag nie af van die werklikhede van die dag nie, maar dit laat ons daardie werklikhede sien in die lig van die komende koninkryk. Dit vrywaar ons daarteen dat die werklikhede ons oorspoel en verstik en versmoor, omdat dit ons aandag gevestig hou op die komende Christus.

Wie se aandag voortdurend geboei is deur die koninkryk van God, ontwikkel 'n diep besef van die betreklikheid en verganklikheid van ons aardse koninkrykies en dat hy/sy nooit sy hart aan laasgenoemde mag verpand nie. Sy enigste obsessie is die koninkryk van God en sy geregtigheid (Matt. 6:33).

2.3 Liefde

Die derde, en die grootste, van hierdie gawes is natuurlik die liefde (1 Kor. 13:13). Waar die geloof met vertroue te doen het, en die hoop met verwagting, daar het die liefde veral met *verwerkliking* te doen. Liefde doén dinge (vgl. Joh. 3:16). Liefde is meer as 'n gesindheid, liefde mond uit in konkrete dade. Waar die geloof hom eksklusief op God rig, en die hoop op die deur God beloofde toekoms, daar rig die liefde hom (ook!) op die naaste (vgl. veral die briewe van Paulus, bv. Rom. 12:9-12; Gal. 5:4).

Wat is liefde? Ons het reeds opgemerk dat dit meer as 'n (goeie) gesindheid is. Natuurlik, goeie gesindhede is belangrik, ook in die veranderende Suid-Afrika, maar goeie gesindhede alleen is nie genoeg nie. Sonder goeie *dade* wat uit die goeie gesindhede voortvloei, verander daar immers niks. Die Joodse etiek het geleer: “Moenie aan ander doen wat jy nie aan jouself gedoen wil hê nie”. So 'n gesindheid is egter te negatief en te eensydig. Christus leer: “*Doen* aan ander wat jy graag aan jouself gedoen wil hê” (Matt. 7:12). Dis positief en dit roep tot dade op! Die suiwerste kenmerk van ware liefde is dat dit nie op jouself, jou eie, jou persoon gerig is nie. Om jouself lief te hê, is nie spesifiek Christelik nie want alle mense doen dit (vgl. 2 Tim. 3:2). Eers wanneer ons iemand *anders* lief het, kom die Christelike na vore. 'n Ander kenmerk van liefde is dat dit liefde tot die dood is. Die nuwe gebod wat Christus vir sy volgelinge nagelaat het, is dat hulle mekaar moet liefhê “soos Hy” ons liefgehad het (Joh. 14:34-35) – dit is liefde tot die dood. Daar is immers nie groter liefde nie as dat iemand sy lewe vir sy vriende gee (Joh. 15:13).

Die Christelike liefde gaan selfs nog verder. Dit handel nie net oor broederliefde (*filadelfia*) en mensliefde (*filantropia*) nie, maar sluit ook vreemdelingsliefde (*filoksenia*) en vyandsliefde in (Matt. 5:44; Rom. 12:20). Dit is seker die verste wat die liefdesetiek op aarde kan gaan. In die prediking van Christus neem die liefde vir en hulp aan die arme ook 'n besondere plek in (Matt. 25). Christene behoort 'n besondere bewoëheid te openbaar ten opsigte van die arme en ontregte, die hulpelose en magtelose.

Die Christelike liefde vind sy suiwerste uitdrukking in die oorgawe van Jesus Christus vir sondears. En dis hiërdie gesindheid van selfverloënde liefde vir ander waartoe Christene opgeroep word (Fil. 2:5). “Waar liefde is, is daar geen vrees nie, maar volmaakte liefde verdryf vrees, want vrees verwag straf, en wie nog vrees, het nie volmaakte liefde nie” (1 Joh. 4:18). Wie in liefde leef, leef vreesloos.

2.4 Samevatting

Sonder hierdie drie onmisbare gawes kan geen gelowige in 'n veranderende Suid-Afrika staande bly nie. Dit is sy wapenrusting: geloof en liefde is die borsharnas en hoop die helm (1 Tess. 5:8). Hierdie dinge val egter nie sommer so uit die lug nie. Die geloof word deur die Heilige Gees in ons harte deur die verkondiging van die heilige evangelie gewerk en dit word deur die gebruik van die sakramente versterk (HK 25:65). Die Heilige Gees, die Bybel, die kerk, die doop en nagmaal, ja, ook die gebed moet ter sprake kom wanneer ons oor geloof, hoop en liefde handel. Ek gaan nie dieper hierop in nie, maar vestig net die aandag daarop dat ons sonder die inwerking en leiding van die Gees, sonder die lig van die Woord, sonder die deelwees van die kerk as volk van God, sonder die sekerheid wat die doop en nagmaal met hulle meebring, en sonder volhardende gebed nie sal kan praat van 'n ware geloof, vaste hoop en vurige liefde nie.

3. Toespitsing

3.1 Persoonlike verantwoordelikheid

Elke mens is voor God persoonlik verantwoordelik vir wat hy dink en doen en sê. Niemand mag agter iemand anders vir sy/haar keuses en optrede gaan skuil en die ander vir foute en sonde blameer nie. As die Here vir Adam vra “Waar is jy?” en vir Eva “Wat het jy nou gedoen?”, dan is dit vrae wat deurstoot na die kern van hulle verantwoordelikheid voor God. Hulle moes volhard het in vertroue op God, in gehoorsaamheid aan Hom, in liefde teenoor Hom, maar hulle het hulle staanplek voor God verlaat, hulle rug op Hom gekeer en daarom ook in konflik

met mekaar geraak. Daarom is hulle antwoord vol selfverontskuldigings en vol beskuldigings teenoor mekaar.

In die prediking van die profeet Esegïel word daar 'n besonder swaar aksent op hierdie persoonlike verantwoordelikheid gelê. In sy tyd het die kinders die voorouers vir die ballingskap blameer: "Die vaders het groen druïwe geëet en die tande van die kinders het stomp (grillerig) geword" het hulle gesê (18:2). Esegïel maak egter duidelik dat elkeen persoonlik vir sy sonde en slegte daade verantwoordelik is (18:4,20). As God tóg die kinders straf, dan is dit omdat hulle op die sondepad van die vaders volhard (Eks. 20:5).

As Christene in Afrika sal ons daarmee moet rekening hou dat die tradisionele Afrikadenke op hierdie punt grootliks van die Westerse benadering verskil. Die Westerse denke is veelmeer individualisties, die Afrikadenke veelmeer groepsdenke. Persoonlike, individuele verantwoordelikheid is in die Afrikadenke onderontwikkel en iemand sal eerder die waarheid geweld aandoen as om aan die groep ontrou te wees. Uiteraard het die evangelie hier verandering in die Afrikadenke gebring. Aan die ander kant loop die Westerse mens weer die gevaar om in individualisme te verval en die waarde van die gemeenskap en die gemeenskaplike te onderskat.

By alle groot keuses in die menslike lewe, soos byvoorbeeld die keuse vir Christus by openbare aflegging van geloofsbelofenis, die keuse van 'n studierigting en beroep, die keuse van 'n huweliksmaat, die keuse van die gesinsgrootte, die keuse vir 'n politieke party, kan individuele verantwoordelikheid nie ontsnap word nie. Natuurlik kan advies en suggesties van buite gevra en gemaak word, maar uiteindelik moet die keuse persoonlik gemaak word. "Elkeen sal rekenskap moet gee oor wat hy gedoen het" (Gal. 6:5).

3.2 Huweliks- en gesinsverantwoordelikheid

In 'n veranderende Suid-Afrika waarin die druk van politieke spanning, ekonomiese insinking, oplaaiende geweld en toenemende werkloosheid en armoede daagliks aan die lyf gevoel word, sal die huwelik en gesinslewe ook onder al hoe groter druk kom. Hierdie druk sal nooit hanteer en oorbrug kan word indien man en vrou en ouers en kinders nie daagliks hulle toevlug neem tot die bron waaruit hulle leef nie, naamlik God en sy genade in Jesus Christus. Die Christenman en -vrou moet sorg dat die Christelike huisgesin 'n bolwerk van geborgenheid vorm. Dit moet 'n ware tuiste wees waar man en vrou en kind kan asemhaal en in liefde kan saamleef. Daar moet sorgvuldig gewaak word teen indringers wat hierdie tuiste kan verwoes. Dit kan byvoorbeeld verwag word dat

vanweë die toenemende ekonomiese druk baie vroue tot die arbeidsmark sal toetree ten einde die maandelikse inkomste aan te vul. Op sigself is dit, reg benader, geen probleem nie, maar die vrou sal nougeset moet sorg dra dat hierdie buitewerk nie haar huweliks- en gesinslewe skaad nie. Dit help nie om materiële welvaart te beleef en die gesinslewe skade te berokken nie.

Die verantwoordelikheid van die gesin in die nuwe onderwysbedeling in verband met die opvoeding van kinders, word ook al hoe groter.

'n Yslike probleem wat in die toekoms aangespreek sal moet word, is die van onbeheerste bevolkingsontploffing. Suid-Afrika beskik oor genoegsame natuurlike hulpbronne vir ongeveer 70 tot 80 miljoen inwoners en indien die bevolking by hierdie getal verbyskuif, kan dit rampsoedige gevolge meebring. Verantwoordelike gesinsbeplanning is dus baie nodig en dit geld vir alle (wit en swart) gesinne. Die argument dat die swart gesinne moet verminder en die wit gesinne moet vermeerder, of andersom, gaan mank aan 'n gevaarlike tweeslagtigheid. Verantwoordelike gesinsbeplanning kom daarop neer dat die uiterstes van 'n maksimum of minimum aantal kinders vermy sal word en dat gestreef word na die optimum, dit wil sê soveel kinders as wat in elke konkrete situasie voor die Here verantwoord kan word. In so 'n geval word dan gekyk na die betrokke gesins- en landsomstandighede maar ook na die situasie in die wêreld. Ten einde hierdie doel te kan bereik, sal grootskaalse opvoedingsprogramme, maar ook kontak tussen vrouens oor die kleurgrense heen, 'n belangrike bydrae kan lewer.

3.3 Sosiale verantwoordelikheid

In die toekomstige samelewing sal die gelowige sy plek moet volstaan en sy roeping moet vervul. Dit sou dwaas wees indien hy in 'n gesindheid van isolasie hom aan die samelewing sou onttrek. Hy moet by die samelewingsvraagstukke, soos die politiek en ekonomie, opvoeding en onderwys, welsyns- en beskermingsdienste betrokke wees. Hy moet sy volle gewig inwerp by die transformasie van die samelewing tot 'n werklike vreedsame samelewing.

Vreedsame samelewing? Hoe word hierdie ideaal verwesenlik? Bybels benader, moet ons aardse samelewing 'n afspieëling wees van die vrede van die ryk van God. En hierdie ryk word veral gekenmerk deur vryheid en geregtigheid. Natuurlik mag ordelikheid nie ontbreek nie, want niemand wil tog in 'n chaotiese en anargistiese samelewing leef en werk nie. Maar vryheid en geregtigheid is onmisbaar, en wel vir almal. As almal nie vry is nie, is niemand vry nie; as almal nie regverdig behandel word nie, is niemand se reg seker nie. Die Bybel leer ons

baie duidelik dat “wie reg doen, sal vrede hê” (Jes. 32:17; vgl. Jak. 3:18). En dat “wie onreg saai, sal onheil maai” (Spr. 22:8). Wil Christene ’n bydrae lewer tot ’n vreedsame samelewing, dan moet hulle hulle daarvoor beywer dat ons Suid-Afrikaanse samelewing deur vryheid en geregtigheid gekenmerk word. Ons mag nie in die samelewing ons medemens mishandel soos Kain wat sy broer doodgemaak het nie. Ons sal dan nie kan ontsnap aan die Here God se diepborende vraag “Waar is jou broer?” nie. Ons sal ook nie kan antwoord met die wedervraag nie “Moet ek dan my broer oppas?” Want inderdaad moet ons mekaar oppas en is ons ook vir mekaar verantwoordelik. Christene word juis opgeroep om mekaar se laste te dra en op dié manier uitvoering te gee aan die wet van Christus (Gal. 6:2).

3.4 Kerklike verantwoordelikheid

Dit is nie so dat net die predikant of kerkraad of sinode ’n profetiese roeping besit nie, nee, ook elke lidmaat besit kragtens die amp van gelowige ’n profetiese roeping (vgl. HK. 12:32). Hy kan dit direk uitleef deur in die openbaar teen verkeerdhede protes aan te teken (deur byvoorbeeld briewe in dagblaie en tydskrifte te skryf), of ook indirek deur die kerkraad tot optrede aan te moedig.

Gelowiges moet alles behalwe passiewe toeskouers in die kerk wees.

Ook op die terrein van tussenmenslike en tussenkerklike verhoudings behoort Christene die voortou te neem. In ’n land waarin polarisasie en vyandskap daagliks toeneem, moet die Christene brê bou, begrip aankweek en ’n gesindheid van toenadering tussen Christene oor die kleurgrens heen bevorder. Ontmoetings en samewerking tussen (wit en swart) gemeentes kan hier baie beteken.

3.5 Natuur-like verantwoordelikheid

Alhoewel dit nie uitdruklik deel van die opdrag is om ook oor hierdie aspek (naamlik die mens se verantwoordelikheid teenoor die natuur) te handel nie, lyk dit my tog só belangrik dat dit nie oorgeslaan kan word nie. Die omgewingsbestrooiing, lugvervuiling en waterbesoedeling is immers besig om rampsoedige afmetings aan te neem. Die skepping en die natuur kraak soos ’n swaar gelaaide wa onder die wag van die sonde en hunker na die dag van vernuwing (Rom. 8). Ook hier mag die mens nie sy verantwoordelikheid ontsnap nie en ook hier moet die mens aan die Here die regte antwoord gee. Die Here het die mens opdrag gegee om die aarde te bewerk én te bewaak (Gen. 2:15). Die mens is nie baas oor die skepping nie maar God se voorman daarop. Hy mag oor die natuur heers maar hy mag dit nie oorheers nie – die aarde behoort immers aan die Here (Ps. 24:1). Die mens mag die aarde nie verniel of met vernietiging bedreig nie. Hy

mag nie rommel strooi en die lug en water met gas en afval besoedel nie. Hy moet skoon lewe.

Die Here vra aan die mens vandag: “Het jy die aarde opgepas? Het jy die natuur beskerm?”

4. Uitleiding

Eintlik kan alles wat ek tot dusver gesê het in een vraag saamgevat word, naamlik gaan gelowiges in die veranderende Suid-Afrika aan die koninkryk van God diensbaar wees, ja of nee? Skerper gestel, gaan hulle méér diensbaar wees as in die Suid-Afrika wat ons tot dusver hierdie eeu geken het? Ons sal moet leer, meer as ooit tevore, dat ons hoogste ideale nie aan aardse en dus verganklike koninkryke verbind moet wees nie. Beter gesê, ons sal moet leer dat as ons aardse koninkrykies – van ons gesin en ons land – nie in diens staan van die koninkryk van God nie, dan is dit absoluut waardeloos en dan is ons ywer daarvoor vrugtelos. Ons sal moet leer om, in navolging van Christus, nie net op ons “eie” te konsentreer nie, maar op die ander, veral die ander wat in nood is. Ons sal moet leer dat om God te dien ook beteken om ons medemens te dien (Jak. 1:27; Matt. 25:40). Ons sal moet leer om eieverantwoordelikheid sinvol met medeverantwoordelikheid te verbind.

Ons sal moet leer om nie net die gevare in die veranderende Suid-Afrika raak te sien nie, maar ook die geleenthede en om hierdie geleenthede ten volle vir die koninkryk te benut.

Ons weet nie of die Here ons ván die oordeel (oor Suid-Afrika) sal bewaar nie, maar ons weet wel dat Hy ons in die oordeel sal vashou en déur die oordeel sal lei.

3. WIE LÊ DIE SKRIF REG UIT – EN HOE?*

Aktualiteit van ons tema

Dit kan sonder 'n sweem van onsekerheid gesê word dat in die Gereformeerde tradisie die Bybel as Woord van God die bron en norm vir die kerk, teologie en lewe is. Dit is waar dat die Here God Hom deur twee middele openbaar, naamlik deur die skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld enersyds, maar dit is ook waar dat Hy Hom “nog duideliker en meer volkome” bekend maak deur sy heilige en Goddelike Woord (NGB 2) andersyds.

Die Heilige Skrif bevat die wil van God volkome en alles wat die mens tot saligheid moet glo, word daarin genoegsaam geleer (NGB 7). Geen kerklike belydenisskrif, sinodale besluit, teologiese opinie of menslike wysheid kan met die Skrif gelykgestel word nie. Die Skrif bevat nie bloot geloofservarings wat mense met die Here gehad het nie, maar is voor alles openbaring van God aan die mens. Die belydenis dat Jesus die Messias en Seun van God is (Matt. 16:16-17) en dat Hy die Here is (1 Kor. 12:3), byvoorbeeld, kan deur geen mens uitgedink word nie, maar moet deur die Vader geopenbaar en deur die Heilige Gees ingegee word (vgl. 2 Pet. 1:20-21).

Indien ontken sou word dat die Bybel gesagvol en betroubaar is, sal een van die pilare van die reformatoriese geloofsoortuigings wegval. Indien die lig van die Skrif vir leer en lewe ontbeer moet word, bly daar slegs 'n donker nag van onkunde en onsaligheid oor. Die Skrif leer ons van die verlossing in Christus Jesus, dit onderrig ons in die waarheid, dit help ons dwalings bestry en om 'n regte lewenswysheid aan te kweek (2 Tim. 3:15-17).

Wie die gesag van die Skrif as vertrekpunt neem, het daarmee egter nog nie alle probleme opgelos nie. Hierdie gesagvolle Skrif moet immers nou ook reg uitgelê word. 'n Kloof van meer as 2 000 jaar tussen teks en leser moet oorbrug word. Dit is moontlik dat iemand wat die gesag – en duidelikheid – van die Skrif volledig ernstig neem, nog altyd die Skrif op bepaalde punte kan misverstaan. “Geen profesie in die Skrif kan op grond van eie insig reg uitgelê word nie” (2 Pet. 1:20). Daarom is dit so belangrik, ook binne Gereformeerde konteks, om tussen Skrifbeskouing en Skrifverklaring te onderskei. Dit sou 'n kwade dag vir kerk en

* *Die Kerkblad*, 18-11-1998:6-7

teologie wees indien ons by die geringste verskil in Skrifverklaring mekaar van 'n vrysinnige Skrifbeskouing sou verdink.

Aan die ander kant is dit ook weer nie so dat Skrifbeskouing en Skrifverklaring heeltemal losstaan van mekaar nie. 'n Mens kan op so 'n slordige wyse met die verstaan van die Skrif omgaan dat dit uiteindelik jou Skrifbeskouing in gedrang kan bring. Verskil in Skrifverstaan lei egter nie noodwendig tot verskil in Skrifbeskouing nie.

Die vraag ontstaan nou *hoe* die Skrif reg verstaan kan word.

Die vraag na die *hoe* van Skrifuitleg

In die Gereformeerde geloofstradisie word daarvan uitgegaan dat daar 'n aantal verstaansbeginsels is wat sorgvuldig nagevolg moet word indien ons die Skrif reg wil verstaan. Ek noem vervolgens van die belangrikste daarvan – nie almal nie. Ruimte ontbreek om alles breedvoerig toe te lig asook om aandag te gee aan die verskillende metodes van Skrifuitleg.

Ten eerste is daar die beginsel dat die Skrif met die Skrif vergelyk moet word. So kan ons byvoorbeeld die Nuwe Testament nie reg verstaan sonder die Ou Testament nie, en omgekeerd. Ten tweede moet moeilike Skrifgedeeltes in die lig van makliker gedeeltes vertolk word. Ten derde moet baie deeglik rekening gehou word met die verskillende literatuursoorte (geskiedenis, poësie, profesie). Ten vierde moet verreken word dat die Skrif nie tydgebonde is nie, maar dat sommige gedeeltes duidelik tydgerig is (seremoniële wette). Vyfdens moet gemeld word dat die Bybel nie 'n resepteboek is vir alle vraagstukke nie, maar 'n boek vir geloof tot saligheid.

Sesdens is dit noodsaaklik dat 'n bepaalde teks binne sy (engere en wyere) konteks gelees en verstaan moet word ('n gedeelte wat hier baie misbruik word is Matteus 11:28-30). In die sewende plek moet rekening gehou word met die ontwikkelingsgang van die Godsopenbaring en in die agste plek met die strekking van die totale Bybelse boodskap en nie net met los tekste hier en daar nie (vgl. die Skrifberoep ten gunste van die kinderdoop en teen slawerny). In die negende plek moet onthou word dat die finale en volkome openbaring van God in Jesus Christus te vind is (Heb. 1:1-2). Tiendens moet in gedagte gehou word dat die Skrif nie reg verstaan kan word sonder die verliggende werk van die Heilige Gees nie – en dus nie sonder gebed nie.

In die elfde plek – en daaroor wil ek graag breedvoeriger handel – moet by die verstaan van die Skrif deeglik rekening gehou word met die gemeenskap van die heiliges en die kerklike interpretasie van die verlede en die hede.

Die vraag na die *wie* van Skrifuitleg

Wanneer ek my hoof oor die Bybel buig om 'n bepaalde gedeelte te verstaan, dan sal ek daarmee rekening moet hou dat ek nie die eerste persoon is wat daardie gedeelte probeer verstaan nie. Miljoene Christene het daardie gedeelte voor my gelees en probeer verstaan en miljoene doen vandag dieselfde. Dit is baie belangrik dat ek nie volstaan met 'n eie verstaan van 'n bepaalde teks nie, maar ook sal luister na wat ander daaroor te sê gehad het en nog het. In hierdie verband speel die historiese gereformeerde belydenisskrifte – die gereformeerde ekumene dus – 'n baie belangrike rol, want hulle lewer 'n onmisbare bydrae in my Skrifverstaan.

Dit is verder ook belangrik dat ek nie net na historiese dokumente (en ouere Skrifverklaarders) sal luister nie, maar ook na huidige vertolkers van die Skrif. Hoe belangrik individuele Skrifverstaan ook al is, ek moet bereid wees om ook na ander te luister, en so moet ook sinodes na ander sinodes luister. Paulus spreek die volgende bede ten opsigte van die Efesiërs uit: “Mag julle in staat wees om *saam met al die gelowiges* te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek” (Ef. 3:18). Hierdie uitspraak is seker nie in die eerste plek op Skrifverstaan gerig nie, maar wys tog (soos in die hele brief) op die baie belangrike aspek van gemeenskap en eenheid – in liefde en in denke.

Saam met al die gelowiges leer ons die liefde van Christus ken, dus nie elkeen op sy eentjie nie. Laat ek die waarde van hierdie benadering konkreet illustreer aan die hand van twee voorbeelde, die een voorbeeld uit die (politieke) etiek en die ander uit die liturgiek.

Die eerste voorbeeld raak die besinning van die Afrikaanse kerke oor 'n samelewingsvraagstuk (apartheid). (Ek onderskei hier tussen apartheid as ideologie en as sisteem van gewettigde onreg enersyds, en apartheid as teorie van regstate volgens Europese model andersyds.) Die Afrikaanse kerke het elk met sy eie nuanserings tot die konklusie gekom dat 'n sisteem van afsonderlikheid in Suid-Afrika Bybels geregverdig kan word, terwyl die Gereformeerde ekumene deurentyd volgehou het dat sodanige Skrifberoep (ten opsigte van die Suid-Afrikaanse konteks) nie net ongeldig is nie, maar selfs 'n dwaling. Daarmee is nie 'n streep getrek deur 'n volksbestaan as sodanig nie, maar is wel gesê dat die Afrikaanse Skrifberoep nie deug nie. Indien die Afrikaanse kerke meer nougeset

na “al die gelowiges” geluister het, sou daar baie minder kerklike en staatkundige ongelukke plaasgevind het.

Die tweede voorbeeld raak ’n saak wat tans volop in diskussie is, naamlik die gebruik van kelkies en/of bekere by die Nagmaal. Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het tradisioneel, en wel op grond van ’n bepaalde verstaan van die Skrif, oorwegend negatief oor die gebruik van kelkies geoordeel. Maar hoe gemaak indien oorsese Gereformeerde kerke vandag feitlik eenparig die Skrif só verstaan dat hierdie ’n middelmatige saak is en dus aan die vryheid van die plaaslike kerke oorgelaat moet word?

Dit sou natuurlik dwaas wees om te dink dat die meerderheid altyd reg en die minderheid verkeerd is. Profete is dikwels eenlinge. Dit is moontlik, en soms selfs noodsaaklik, om alleen – by die waarheid – te staan en soos Luther te sê: Hier staan ek. Die belangrikheid van die priesterskap van alle gelowiges en individuele Skrifstudie moet volledig erken en eerbiedig word. Maar hierdie individuele Skrifverstaan moet aangevul en waar nodig gekorrigeer word deur ’n gesamentlike luister na die Skrif. Hierin moet ons vertrou op die leiding van die Heilige Gees. Indien ons as Gereformeerde kerke en teoloë nie bereid is om indringend na mekaar te luister nie, is die enigste alternatief daarvoor ’n houding van independentisme en individualisme wat vir die kerk en teologie slegs nadele inhou.

Die Bybel bevat God se lewende woorde vir tyd en ewigheid. Dit is ’n krag van God tot saligheid vir elkeen wat glo. Dit lei ons na God en sy genade, na Christus en sy verlossing, na die Gees en sy heiliging. Dit is ’n lig vir ons pad, ’n lamp vir ons voet en voedsel vir ons gees. Dit is ’n onmisbare gids op weg na die Groot Toekoms.

4. WAT IS DIE VERSKIL TUSSEN OPINIE, KENNIS EN WYSHEID?*

Inleiding

Predikante is uit die aard van hulle werk en toerusting dikwels die vraagbank van die gemeente. Hulle moet byna daaglikse talle – soms baie moeilike – vrae beantwoord. Vrae soos: is kremasie verkeerd?; is genadedood nie tog aanvaarbaar nie?; is menseregte nie deur en deur humanisties nie?; is aborsie immoreel?; is surrogaatmoederskap onaanvaarbaar?; waarom is apartheid verkeerd?; is kloning teen die Bybel? En so sou die vrae vermenigvuldig kon word.

'n Belangrike vraag is nou (wat eintlik al die bogenoemde vrae voorafgaan): hoe antwoord die dominee op hierdie vrae? Antwoord hy somer uit die vuur, dink hy eers daarvoor na, doen hy eers deeglike navorsing daarvoor?

Gee hy bloot sy opinie? Spekuleer hy daarvoor? Berus sy antwoorde op deeglike kennis van sake? Sit daar wysheid in sy woorde?

Van oudsher af het teoloë en filosowe onderskei tussen verskillende vorme van kennis, waarvoor ons vervolgens enkele opmerkings maak.

Opinie

Wanneer iemand sy opinie oor 'n saak gee, dan berus dit gewoonlik op onvoldoende kennis van sake. Hy weet wel iets van die onderwerp af, het miskien effens daarvoor nagelees en selfs saamgepraat, maar dit ontbreek hom aan deeglike en grondige kennis om werklik 'n weloorwoë standpunt te vorm en voor te hou.

Nou is dit natuurlik geen probleem indien iemand – ook die dominee – sy opinie oor 'n saak gee nie solank daardie opinie nie as weloorwoë standpunt aangebied word nie. Daar het al groot ongelukke in die pastoraat, kategetiese, kerkraads- en sinodevergaderings, lesingsale en tydskrifrubrieke plaasgevind wanneer iemand oorhaastig sy opinie vir 'n onbetwisbare en selfs Bybelse waarheid aangedien het. 'n Bietjie meer beskeidenheid in hierdie verband sal niemand kwaad doen nie. Dominees moet wegkom van die gedagte dat hulle so ongeveer op alle vrae

* *Die Kerkblad*, 10-03-1999:20-21.

antwoorde het en dit omdat hulle sewe jaar aan 'n universiteit studeer het. Dit geld te meer van professore.

Die groot Griekse filosoof, Plato, het geoordeel dat opinie (en hy het geloof foutiewelik hiermee saamgereken) maar 'n lae vorm van kennis is – dit raak ook net die sigbare wêreld; daarteenoor is kennis (van die onsigbare wêreld) 'n baie hoër vorm van wete.

In die Skrif lees ons: “Die dwaas stel nie belang in insig nie, hy wil net sy eie opinie bekend maak” (Spr. 18:2).

Saamgevat: opinies moet opinies bly en mag nie waarhede word nie. Daar moet deeglik onderskei word tussen “so dink die dominee” en “so sê die Here”.

Kennis

Dikwels sal 'n dominee aan die broer of suster moet antwoord: “Die vraag wat jy vra is baie belangrik; ek het egter op die oomblik nie 'n antwoord gereed nie, maar ek sal graag die Skrif daarvoor wil raadpleeg en ook ander bronne daarvoor wil bestudeer; daarby wil ek ook graag oor die saak bid”.

Dit is van groot belang dat 'n dominee wat 'n (moeilike) vraag beantwoord, goeie kennis van die onderwerp sal hê. In die ou dae is byvoorbeeld Bybelse argumente teen gesinsbeplanning aangevoer sonder om noukeurig na die Bybelse gegewens asook na die konkrete (en verwagte) bevolkingsituasie te kyk. 'n Antwoord wat nie erns maak met konkrete feite, die besondere situasie, die ongewone konteks nie, is dikwels 'n goedkoop antwoord waarby niemand baat nie. Vanselfsprekend moet baie deeglik en noukeurig na die Skrifgegewens gekyk word, want die Skrif bly die bron en norm vir die lewe.

Kennis (van die feite) alleen is egter nie voldoende nie – selfs nie wetenskaplike kennis nie. Ek mag oor die wetenskaplike kennis beskik om atoombomme te maak, maar daarmee is die vraag nog nie beantwoord of dit verstandig is om oor daardie wapens te beskik of dit te gebruik nie. Meer en meer het mense ook ontdek dat alle kennis voorlopig en onvolledig is en dat dit dikwels aangevul, gekorrigeer en soms verwerp moet word. Ook die Bybel praat van die onvolledigheid van ons kennis, en selfs daarvan dat ons God se wil maar “gedeeltelik verkondig” (1 Kor. 13:9). (Geleerdes praat van die kenteoretiese voorlopigheid van alle menslike kennis.) Die mens se verstand is eenvoudig te beperk om alles te deurgrond en daarby is dit ook deur die sonde aangetas.

Ten einde misverstand te voorkom, moet hier bygevoeg word dat met die “kennis” waarvan hier gepraat word, “feitekennis” bedoel word. Dit moet van geloofs-kennis onderskei word – hoewel geloof en kennis nooit geskei mag word nie.

Wysheid

Dikwels is meer as net kennis nodig, wysheid is nodig. Wysheid omvat meer as kennis, as feite- en verstandskennis – dit het Salomo al besef (vgl. 1 Kon. 3:5-10). Ek kan die wêreld se kennis besit maar dan beteken dit nog nie dat ek oor die wêreld se wysheid beskik nie.

Wysheid word in die Bybel in verband gebring met insig, besonnenheid, verstandigheid, onderskeidingsvermoë asook lewenservaring en lewenskuns. Meesal het dit 'n sterk godsdienstige kleur. Veral in die wysheidsliteratuur word dit in verband gebring met “die vrees van die Here” (OAV) of “diens van die Here” (NAV). Self verkies ek die vertaling “ontslag hê vir die Here”. So lees ons in Spreuke 9:10: “Wysheid begin met die dien van die Here; wie die Heilige ken, het werklik insig” (Job. 28:28; Ps. 111:10; Spr. 1:7; Pred. 12:13; Miga 6:9). Wie die voorskrifte van die Here gehoorsaam, getuig van wysheid en insig (Deut. 4:6; Pred. 1:16).

Die groot kerkvader uit Afrika, Augustinus, stem hiermee saam. In sy boek *Enchiridion* (2) merk hy op dat “ware wysheid van die mens in godsaligheid (vroomheid) bestaan”.

Natuurlik moet daar tussen “wysheid van die wêreld” en “wysheid van God” onderskei word. Die wysheid (=dwaasheid) van die wêreld bestaan in naywer en selfsug (Jak. 3:14-16). Die wysheid van Bo bestaan in opregtheid, vredeliewendheid, insiklikheid, bedagsaamheid, medelydsaamheid, onpartydigheid (Jak. 3:17).

Uiteindelik moet gesê word dat Christus, sy kruis en opstanding, die wysheid van God is (1 Kor. 1:24).

Opinie – daarvoor beskik alle mense.

Kennis – dit kan almal opdoen wat hulle daarvoor beywer.

Wysheid – dit is iets wat ontvang moet word. Die Gees van God moet dit gee. Dit kom daarop neer om die wil van die Here in elke kontrekte lewensituasie te onderken. Die dinge waarop dit werklik aankom, moet onderskei word (Fil. 1:9-10). Daarvoor is nodig die lig van die Woord, die leiding van die Gees en

besinning binne die geloofsgemeenskap (die kerk). Ja, daarvoor is ook gebed nodig. As wysheid iets is wat ontvang word, dan moet daarvoor gevra word.

Wysheid is daardie lewenskuns wat daaroor handel dat (feite-)kennis reg hanteer word. Dit kom daarop neer om op die regte tyd en op die regte plek die regte ding te sê en te doen.

Slot

Wanneer iemand sy opinie gee, dan sê hy, op grond van onvoldoende kennis, wat hy van 'n saak dink of hoe hy daaroor voel.

Wanneer iemand met kennis van sake 'n oordeel gee, praat hy met groter gesag en verantwoordelikheid.

Wanneer iemand woorde van wysheid spreek, kan almal aanvoel dat dit meer as 'n opinie is, ook meer as 'n blote kennis van sake, dis verstandige woorde wat van 'n diep insig getuig. Dis woorde van bevryding.

Predikante sal beter doen indien hulle minder van hulle opinie gebruik maak, meer met kennis van sake uitsprake maak en nog die beste wanneer hulle daarin slaag om woorde van wysheid te spreek.

5. GESPREK OOR MIDDELMATIGE EN FUNDAMENTELE SAKE*

In hierdie artikel word veral aandag gee aan die standpunt wat Calvyn, tereg genoem die kerkvader van die gereformeerde tradisie, hieroor ingeneem het. Calvyn het die onderskeiding tussen middelmatige en fundamentele sake betrek op die Christelike lewe, die liturgie en die kerklike leer.

Die Christelike lewe

In die derde boek van sy *Institusie* – waarna ek voortaan gaan verwys en wel in die ver-taling van Simpson, tensy anders aangedui – handel Calvyn oor die Christelike vryheid. Daar skryf hy onder andere dat “ons in die uiterlike dinge, wat op sigself middelmatig is (*adiaforoi*), deur geen enkele beswaar teenoor God gebonde is nie, maar dat ons dit sonder onderskeid soms mag gebruik en soms weer nalaat” (*Sizoo*). Calvyn voeg dan by dat kennis van hierdie vryheid baie noodsaaklik is, want as dit ontbreek sal ons gewete geen rus hê nie en sal daar geen einde aan bygelowe wees nie (3.19.7). In hierdie verband verwys Calvyn dan na die dra van verskillende soorte klere en die gebruikmaking van verskillende soorte kos. Hy merk op: “As iemand ’n afkeer het in soeter wyn, sal (hy) vervolgens ook verskaalde wyn sonder vrede vir sy gewete drink, en ten laaste sal hy ook nie aan water raak as dit soeter en skoner as ander water is nie” (3.19.7).

Binne hierdie konteks verwys Calvyn ook daarna dat Christene moet rekening hou met die standpunte van swakke broeders. Die vraag ontstaan egter hoe dit verstaan moet word dat Paulus in die een geval Timoteus besny het (Hand. 16:3), maar in die ander geval geweier het dat Titus besny word (Gal. 2:3). Het Paulus nie daarmee inkonsekwent en dubbelslagtig opgetree nie? Nee, antwoord Calvyn, in die geval van Timoteus was dit ’n “middelmatige saak”, maar by Titus was dit juis nié die geval nie (3.19.12). Wanneer mens van oortuiging is dat die besnydenis noodsaaklik is vir verlossing, dan mag dit nie toegepas word nie (Titus), maar wanneer hierdie oortuiging nie bestaan nie, dan kan iemand sonder geloofskade besny word (Timoteus).

* *Die Kerkblad*, 13 Januarie 1999:20-22.

Calvyn stel egter duidelik dat “alles wat hy geleer het oor die vermyding van ergernisse, verstaan moet word van middelmatige sake. Want wat noodsaaklik gedoen moet word, moet deur geen vrees vir enige ergernis nagelaat word nie” (3.19.13) (*Sizoo*). (Die vertaling van Simpson is hier onduidelik.)

Later, as Calvyn handel oor kerkwette en die Christen se gewete, verwys hy weer na die eet van afgodsoffervleis en merk hy op dat Christene hulle van sulke (middelmatige) sake behoort te weerhou as hulle daarmee enige struikelblok vir hulle broeders veroorsaak, maar hulle gewete is daarin vry (4.10.4).

Nog later (4.12.19) waarsku Calvyn daarteen dat aan *vas*, wat op sigself ’n middelmatige saak is, enige verdienstelikheid toegeskryf sal word.

Liturgie

Calvyn hanteer die begrip *middelmatige sake* ook ten opsigte van liturgiese kwessies. Wat die viering van die Nagmaal betref, bestaan daar vir Calvyn ’n hele aantal “middelmatige sake” wat “in die vryheid van die kerk geleë is” (4.17.43). Daaronder reken hy dan onder andere die wyse waarop die brood geëet en die beker aangegee word asook of daar gesuurde of ongesuurde brood en wit of rooi wyn gebruik word.

In die vroeë kerk – Ciprianus verwys daarna – was dit gebruikelik dat ’n sondaar voor die priester moes boete doen en dan is aan sodanige in die openbaar voor die gemeente (na bewilling deur die biskop) vryspraak/versoening verleen deur handoplegging van die biskop en ander geestelikes. So is sondaars weer in die gemeenskap van die kerk opgeneem. Hoe oordeel Calvyn nou oor hierdie ou gebruik? Hy sê daarvan dat hierdie gebruik in die kerk “heilig en heilsaam” was en hy spreek die wens uit dat dit “vandag weer in ere herstel kon word” (4.19.14). Tog wys Calvyn daarop dat hierdie seremonie ’n instelling van mense is en nie van God nie en daarom nie “so noodsaaklik” is nie – Calvyn reken dit immers “onder die middelmatige en uiterlike oefeninge”.

Die Christelike leer

Die onverwagte gebeur wanneer Calvyn die onderskeid tussen fundamentele en middelmatige sake ook van toepassing maak op bepaalde leerstellige sake. Calvyn aanvaar die suiwer bediening van die Woord en die sakramente as kenmerke van die ware kerk en maan dat ons die ware kerk nie mag verwerp nie solank dit in hierdie bedienings volhard, “selfs nie al wemel dit andersins van ander gebreke nie!” (4.1.12). Calvyn gaan dan (hier) voort en sê: “Ja, daar kan

sels die een of ander fout in die bediening van óf die leer óf die sakramente insluip maar dit behoort ons nie van die gemeenskap van die kerk te vervreem nie want al die hoofpunte van die ware leer het nie net een vorm nie. Sekere aspekte daarvan is so noodsaaklik om te ken dat dit vas en ontwyfelbaar by almal moet wees as besondere leerstellings van die godsdiens.” Calvyn noem dan enkele voorbeelde hiervan, soos dat daar een God is, dat Christus God is en Seun van God en dat ons saligheid op God se barmhartigheid berus.

Calvyn verwys ook nog na ander aspekte waaroor kerke verskil sonder dat die geloofs-eenheid verskeur word. Natuurlik wil Calvyn met hierdie standpunt nie die geringste dwalings verdedig nie, maar hy wil duidelik maak dat “ons nie die kerk vanweë sekere rusietjies onbesonne moet verlaat as die leer waarop ons saligheid ongeskonde berus, daarin veilig en ongedeerd behou word nie” (4.1.12; vgl. 4.2.1). (Uit ’n ander bron weet ons dat Calvyn in Straatsburg die wederdoper Hermannus vir die kerk teruggewen het, terwyl daar oor die uitverkiesingsleer nog geen eenstemmigheid bereik was nie.)

Daar is vir Calvyn net twee bande wat die eenheid van die kerk waarborg en dit is die “gesonde leer en broederliefde” (4.2.5).

Nabetragting

Die vraag ontstaan nou wat ons van Calvyn kan leer en waarin ons van hom moet verskil. Ek stip die volgende sake aan:

Ten eerste: Calvyn handhaaf die onderskeiding tussen fundamentele en middelmatige sake, ondanks die feit dat daar in die tyd van die Reformasie hieroor meningsverskil was. Alles lê eenvoudig nie op dieselfde vlak nie en dra nie dieselfde gewig nie. Die vraag of ’n vrou ’n hoed na ’n erediens moet opsit, lê op ’n ander vlak as die vraag of Christus waarlik opgestaan het. Die eerste is ’n middelmatige saak en die tweede ’n fundamentele saak. Met of sonder die hoed kan iemand nog salig word, maar watter hoop het iemand wat die opstanding van Christus ontken?

Ten tweede: Oor fundamentele sake – byvoorbeeld dat daar net een ware God is, dat Jesus Christus die Heiland en Here is, dat die kruisiging en opstanding van Christus sentraal staan in die heilsgebeure, dat die werk van die Heilige Gees onmisbaar is in die heilsplan van God – mag daar geen duimbreed afgewyk word nie. Wanneer een van hierdie pilare wegval, val die geloof weg. Die Drie Formuliere van Eenheid bied die teologiese raamwerk waarbinne die gereformeerde Christen lewe en werk, maar hierdie raamwerk word nie so hanteer

dat daarin nie plek is vir Christene (Chiliaste) wat die duisendjarige vrederyk letterlik verstaan nie (soos by die Kruisdoppers die geval was). (Ek het altyd gewonder waarom Totius nie 'n preek oor Openbaring 20 oor die duisendjarige vrederyk gemaak het nie en waarom hy hom nie – in sy eie woorde – op hierdie “terrein van strydvrage” begeef het nie.)

Ten derde: Daar is inderdaad middelmatige sake in die kerk (vgl. art. 85 K.O) en Christelike lewe en oor sulke dinge behoort Christene mekaar in liefde te verdra. Hier kom die Christelike vryheid te pas. Die kerk maak groot ongelukke nie net wanneer fundamentele sake as middelmatig beskou word nie, maar ook wanneer middelmatige sake as fundamenteel aangedien word. Wanneer byvoorbeeld die uitwendige seremonie van Nagmaalviering gelykgestel word met die essensie van die Nagmaal, word die dinge skeefgetrek. Dit is 'n middelmatige saak of daar tydens die gebed gestaan of gesit word, of die Twaalf Artikels voor of na die Tien Gebooie aan die orde kom tydens 'n erediens.

Ten vierde: Daar bestaan wel middelmatige sake maar geen onverskillige sake nie. Alles wat die mens doen, selfs die oënskynlik kleinste sakie, soos watter skoene hy/sy eerste vasmaak, watter soort kos hy/sy eet, hoe hy/sy hare kam, word gedoen voor die aangesig van God en moet tot sy eer gedoen word (Rom. 14:8; 1 Kor. 10:31). Alle middelmatige sake moet tot eer van die Here gedoen word; niks van die mens se lewe is hier uitgesluit nie.

Ten vyfde: Dit is moontlik dat, gegewe 'n bepaalde konteks, 'n middelmatige saak skielik fundamenteel kan word. Die ja of nee van besnydenis is hiervan 'n goeie voorbeeld. Die besnydenis van Timoteus was 'n middelmatige saak en daarom toelaatbaar, terwyl dit van fundamentele belang was dat Titus nie besny sou word nie (soos ons gesien het). 'n Moderne voorbeeld is dié van kerkvergaderings. Dis moontlik vir kerke om sonder kerkvergaderings te kan bestaan (en vir gelowiges om daarsonder salig te word). Die kerkgeskiedenis bewys dit ook. Gewoonlik word gesê dat meerdere kerkvergaderings tot die welwese maar nie tot die wese van die kerk behoort nie. Maar dit kan gebeur dat iemand hom teen (die saamroep van) 'n bepaalde meerdere vergadering, 'n algemene sinode byvoorbeeld, uitspreek op onbybelse en onteologiese gronde. Op daardie stadium word die saamroep van 'n meerdere vergadering van fundamentele belang as (een van die) uitdrukking(s) van die eenheid tussen kerke.

6. CALVINISME IN SUID-AFRIKA HIER-DIE EEU*

Wanneer na die Suid-Afrikaanse samelewing gekyk word, is dit duidelik dat verskeie stromings daarop 'n invloed uitgeoefen het. Merkbaar is die invloed van die liberalisme, met sy aksent op individualisme, kapitalisme en vrydenke; die metodisme, met sy aksent op die siel en God; die Lutheranisme met sy skeiding van kerk en staat; die Katolisisme asook die Calvinisme. Latere invloede het gekom van die kant van die Charismatiese Beweging en die Swart Teologie. En dan mag die invloed van die tradisionele Afrika-godsdienste ook nie vergeet word nie. In hierdie artikel wil ons graag nader ingaan op die invloed van die Calvinisme.

Gedagtig aan Paulus se waarskuwende woord in 1 Korintiërs 1:12, word die begrip "Calvinisme" deurgaans in aanhalingstekens gedink. Calvyn was 'n buitengewoon groot teoloog, maar hy mag nooit die plek van Christus inneem nie. Ons staan wel in die Calvinistiese tradisie, maar ons leef van die genade van God.

In hierdie besinning word veral gefokus op die bydrae vanuit die GKSA. Daarmee word nie ontken dat daar ook groot bydraes gekom het vanuit die ander twee Afrikaanse kerke nie.

Die kenmerke van die Calvinisme

In hierdie artikel sal baie kortliks na die kenmerke van die Calvinisme verwys word in soverre dit vir die verstaan van ons argumentasielyn belangrik is. Slegs enkele kenmerke word genoem en sommige word ook saamgevoeg.

Eerstens: *Die Here regeer* (Ps. 99:1)

In die Calvinistiese tradisie word baie klem gelê op *die soewereiniteit van God*, wat ook duidelik aan die lig tree in die belydenis van die uitverkiesingsleer. God is skepper, onderhouer, regeerder, verlosser, vernuwer. Niks gaan buite Hom om nie. Selfs van die sonde moet erken word dat dit wel teen sy wil is, maar nie buite sy wil om gaan nie.

* *Die Kerkblad*, 7-10-1998:16-18.

Tweedens: *Jesus is die Here* (1 Kor. 12:3)

Saam met die soewereiniteit van God moet *die koningskap van Christus* genoem word. God oefen sy heerskappy deur Christus uit (1 Kor. 15:25; HK 19:50). Christus is koning nie net van die kerk nie, maar ook van die wêreld en daarom moet Christene Hom nie net in die kerk nie, maar ook in die politiek gehoorsaam. Navolgers van Christus mag gaan dubbele lewe voer nie. Die Christelike lewe word voltrek voor die aangesig van God, onder leiding van sy Gees en in die lig van die Skrif.

Derdens: *Die hele Skrif het groot waarde* (2 Tim. 3:16)

Sonder twyfel word *die gesag van die Skrif* in die Calvinistiese tradisie besonder hoog aangeslaan. Die boodskap van die Skrif is deurslaggewend vir die kerk, teologie en Christelike lewe. Niks, letterlik niks, mag onttrek word aan die deursoekende en toetsende lig van die Skrif nie.

Vierdens: *Julle is die sout vir die aarde* (Matt. 5:13)

Die roeping van die mens in die wêreld neem hier ook 'n baie belangrike plek in. Hoewel Christene nie van die wêreld is nie, is hulle in die wêreld en dis die wêreld van die politiek en ekonomie, wetenskap en kuns, landbou en mynbou, kantoor en kombuis, sportveld en slaapkamer waar hulle lig moet skyn. Hierdie mens is 'n groot sondaar, ja, maar (uit genade alleen) verlore sondaar op wie 'n enorme roeping gelê word om die evangelie te verkondig, 'n profetiese stem in die samelewing te laat hoor, sy daaglikse werk tot eer van God te doen en aan alle mense goed te doen. In hierdie verband het Calvyn besondere aandag gevra vir hulp aan die armes en verwaarloosdes.

Die hydrae van die Calvinisme

• Ten opsigte van die wetenskap

Die gedagte van 'n Christelike skool en 'n Christelike universiteit kom (ook) van die Calvinisme. Opvoeding en onderwys, skool en universiteit moet in diens staan van die koninkryk van Christus en moet in die lig van die Bybel beoefen word. Van hierdie gedagte is die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys 'n lewende monument.

• Ten opsigte van die politiek

Dit is waar dat die politieke ideologie van apartheid groot invloed op die Calvinisme uitgeoefen het, maar dit is ook waar dat die Calvinisme op apartheid

invloed (en kritiek) uitgeoefen het. Die “stem van Potchefstroom” is veral vertolk deur kritiese artikels wat in *Woord en Daad* verskyn het en waarin die beginsel van geregtigheid vir die samelewing (in navolging van Calvin) beklemtoon is. Hier moet veral die name van L.J. du Plessis en J.H. Coetzee eervol vermeld word. In sy veelbesproke boek, *The Puritans in Africa*, maak WA de Klerk die vleierende opmerking dat in Potchefstroom “probably more of the original Calvin has survived than anywhere else” (1976:342). Dit is daarom ook nie toevallig nie dat die vorige sisteem van onreg deur iemand uit die Calvinistiese tradisie van Potchefstroom beëindig is.

Dit is insiggewend dat Sinode 1991 van die GKSA besluit het dat die ideologie van apartheid ’n sonde en die teologiese regverdiging daarvan ’n dwaling is (Acta 1991:160/169).

- *Ten opsigte van die publieke opinie*

Deur middel van talle publikasies is die publieke opinie in Suid-Afrika ten opsigte van (bogenoemde) fundamentele leerstellings beïnvloed. In hierdie verband kan gedink word aan die drie boekdele *Koers in die krisis* wat vanaf 1939 verskyn het, aan die twee verkorte uitgawes van die *Institusie* van Calvin van die hand van ds. A Duvenage (1967 en 1978), die volledige vertaling van die *Institusie* deur HW Simpson (1984v). Hierby kan genoem word twee proefskrifte uit ons midde oor die teologie van Calvin (VE d’Assonville, 1969 en LF Schulze, 1971), die bibliografie oor *Calviniana* van D Kempff (1975), die boeke oor die *Inslag van die Calvinisme* deur die IBC en Jansie van der Walt se uitgebreide jeugroman oor Calvin (1981).

Hierby moet ook, sedert 1953, gewys word op die invloed van die Afrikaanse Calvinistiese Beweging (ACB, later REBSA), met sy lyfblad *Woord en Daad*. Die bydrae van die Instituut vir Reformatoriese Studies (IRS, voorheen IBC, sedert 1962) onder leiding van prof. Bennie van der Walt, met sy stroom van aktuele en besinnende publikasies, kan moeilik oorskat word. Hierdie Instituut was ook betrokke by die reël van meer as een Calvynkongres in Suid-Afrika. Verla die kongres van 1976 wat geregtigheid as tema gehad het, was ’n belangrike mylpaal.

Die mislukkings van die Calvinisme

- *Ten opsigte van die profetiese roeping van die kerk*

Calvin het sonder twyfel meer as enige van die Reformatore daarop gewys dat die kerk ook ’n profetiese roeping in die samelewing het, maar hy het hierdie roeping in ’n groot mate beperk tot die Sondagse prediking – wat natuurlik ’n baie

belangrike saak is. Wat egter onderbeklemtoon is, is die gesamentlike profetiese roeping van kerke in sinodale verband, en dan nie verstaan as “staande politieke kommentaar op sake van die dag” nie, maar as ’n werklik profetiese stem in tye wanneer dit saak maak. Ons Kerkorde, wat teruggaan op die teologie van Calvin, lê daarvan getuigenis af dat hierdie aspek onderbelig is.

- *Ten opsigte van die politiek*

Dit word die Calvinisme soms ten laste gelê dat hy nie oor genoeg visie en moed beskik het om die ontwikkeling en toepassing van ’n ideologie van sosiale onreg in Suid-Afrika te kon verhoed het nie. Inderdaad was daar Calviniste wat so ’n ideologie prakties en teologies ondersteun het. Ten gunste van die Potchefstroomse Calviniste kan gesê word dat hulle oorwegend ’n kritiese distansie probeer handhaaf het, hoewel ook hulle nie aan die suigkrag van die ideologie volledig ontkom het nie.

- *Ten opsigte van die ekonomie*

Die Calvinisme word dikwels verwyt dat dit die oorsaak was van (verworde vorms van) kapitalisme, as gevolg waarvan die kloof tussen arm en ryk in die samelewing al hoe groter word. Hierdie kritiek is lankal grondig weerlê, maar dit het die vraag na vore gebring of daar nie tog in die vryemark-ekonomie bepaalde leemtes aanwesig is wat reggestel behoort te word nie. Calviniste gee vandag baie aandag aan ekonomiese etiek.

- *Ten opsigte van die teokratiese ideaal*

Calvin was ’n teokraat wat daarna gestreef het om alle lewensfasette onder die heerskappy van Christus te bring. In Suid-Afrika het ons hiervan ’n goeie voorbeeld in die Onderwyswet van 1967 waardeur gepoog is om alle onderwys ’n Christelike karakter te laat vertoon. Aan die goeie bedoeling van hierdie maatreël mag nie getwyfel word nie, maar die probleem met hierdie benadering was dat dit nie rekening gehou het met die veelvormigheid (pluraliteit) van ’n moderne samelewing nie. Hierdie manier van verchristeliking van die samelewing verkry noodwendig ’n dwangmatige karakter en werk dikwels kontraproduktief. Hiermee word nié gesê dat afstand gedoen moet word van die teokratiese ideaal nie, wél dat dit voor alles ’n geloofsbelydenis is wat in hierdie gebroke en veelvormige wêreld slegs gedeeltelik verwesenlik kan word.

Die uitdagings van die Calvinisme

- *Ten opsigte van die kerk*

Calviniste erken dat die kerk 'n onnalaatbare profetiese roeping in die samelewing het. Hierdie roeping moet sowel Sondae vanaf die kansel as in sinodale vergaderings nagekom word. 'n Swygsame kerk is 'n kerk sonder invloed, sout sonder krag, lig sonder skynsel. Daar mag nooit vergeet word nie dat 'n "gereformeerde kerk" 'n "altyd reformerende kerk" moet wees.

- *Ten opsigte van die regering*

Calviniste moet die regering voortdurend daaraan herinner dat hy nougeset daarvoor moet sorg dat die twee basiese beginsels van 'n vreedsame en verantwoordelike samelewing, naamlik vryheid en geregtigheid, nougeset onderhou moet word. Calviniste leer dat die owerheid gehoorsaam moet word, maar dat hierdie gehoorsaamheid nie grensloos is nie en in kritieke omstandighede protes en verset kan oproep. Waar in die verlede gefokus was op 'n sisteem van sosiale onreg, sal tans gefokus moet word op 'n sisteem van sosiale onrus waar korrupsie, moord en misdaad algemene verskynsels geword het.

- *Ten opsigte van die samelewing*

Calvinisme staan nie afwysend teenoor volksverbondenheid en gesonde patriotisme nie, maar waarsku voortdurend teen elke vorm van oordrewe nasionalisme wat 'n samelewing kan vernietig. Oordrewe beklemtoning van eenheid, wat verskeidenhede wil vernietig, is eweneens afkeurenswaardig. Ook in die samelewing moet iets sigbaar word van groot beginsels van die koninkryk, soos geregtigheid en vryheid, vrede en versoening.

- *Ten opsigte van die natuur*

Vanuit die gedagte van roeping en rentmeesterskap lê die Calvinisme hoe langer hoe meer 'n swaarder aksent op omgewingsbewaring. Onnodige natuurskending en natuurbesoedeling, wat tans hand oor hand in Suid-Afrika (en die hele Afrika) toeneem, staan in die lig van die Bybel veroordeel. Politieke vryheid is waarde-loos as die leëwêreld vernietig word. Ten nouste hiermee verweef is die vraag na verantwoordelike gesinsbeplanning. Die Bybelse opdrag is om die aarde (en 'n land) te vul en nie om dit te oorvul nie.

Calviniste in Suid-Afrika het nooit eintlik oor Calvinistiese beginsels verskil nie, maar wel oor die toepassing van daardie beginsels in die Suid-Afrikaanse werklikheid. Die gebeure in Suid-Afrika het ons egter geleer dat dit nie voldoende is om oor 'n stel suiwer beginsels te beskik, maar dan te faal in die toepassing daarvan in 'n konkrete konteks nie. Daarom moet ons bid dat die Heilige Gees ons sal lei nie net in die regte verstaan van die Skrifbeginsels nie, maar ook in die regte verstaan van die werklikheid waarbinne daardie beginsels uitgeleef moet word.

Die "Calvinisme" is nie 'n dorre en uitgediende "sisteem" nie, maar 'n lewensbeskouing, lewenshouding en leefwyse waarin die eer van God sentraal staan, waarin gesoek word na die lig van sy Woord en die leiding van sy Gees, ja, 'n lewe vanuit die verlossing in Christus en in navolging van Hom, 'n lewe uit genade en geloof.

7. GEDAGTES OOR “DIE STEM VAN POTCHEFSTROOM”*

Daar word dikwels in die media en gesprekke verwys na “Die stem van Potchefstroom” (afgekort as SP) en die vraag ontstaan wat daarmee bedoel word. Wat het in die verlede veroorsaak dat mense nogal geluister het na wat Potchefstroom te sê gehad het, of ten minste nuuskierig was om sy opinie oor ’n saak te hoor? Ek het ’n lysie begin maak van besondere kenmerke van die stem van Potchefstroom en op die volgende afgekom:

Beginnels

Die eerste wat hier genoem moet word is dat die SP gekenmerk was deur *prinsipiële denke*. Daar is altyd gevra uit watter prinsipe of beginsel iemand dink en doen, beplan en besluit, wat sy uitgangspunt en vertrekpunt is. Uitgangspunte is immers van deurslaggewende betekenis en bepaal in ’n baie groot mate hoe ’n saak sal afloop. Potchefstroom het ’n hoë premie geplaas op fundamentele en beginselende wat geld vir die individu en die staatkunde, vir die kerk en die wetenskap, vir die ekonomie en die politiek.

Hierdie tipe denke stel ’n loflike ideaal voor oë, maar dit bring ook byna bomenslike verantwoordelikhede met hom mee. Dit is uit die Skrif duidelik dat ’n mens se hele lewe verlig word indien jy op die regte manier na dinge kyk (Matt. 11:34). ’n Idee wat onskuldig lyk, kan ’n mens se hele geloof ondermyn (Gal. 5:9) (DLB). Vertrekpunte bepaal eindpunte. Begin-sel bepaal end-sel. Hierdie benadering bring egter groot verantwoordelikhede mee, want wie prinsipieel leiding wil gee en dit foutief doen, roep ’n goter oordeel oor hom op as hy wat geen leiding gee nie of nie vanuit bepaalde beginsels redeneer nie.

Koninkryk

Tweedens, meen ek, kan die SP getipeer word as *koninkryksdenke*. Veral vanaf die vyftigerjare het van ons teologiese professore begin teologiseer vanuit die gedagte dat die koninkryk van God die kern en die doel van die kerk- en wêreldgeskiedenis uitmaak. Prof. Fanus du Toit het die Ou Testament in hierdie lig benader en prof. Willie Snyman het insgelyks met die Nuwe Testament gedoen. Dit het ’n ontsettende verruiming en bevryding meegebring om alles, ja, letterlik

* *Die Kerkblad*, 4 Mei 1994:8-9.

alles, in die lig van die koms van die koninkryk van God te dien. Juis daarom is daar in die verlede dag en nag geywer vir 'n Christelike universiteit en vir die bestudering van die wetenskap in die lig van die Skrif. Daarom het die tydskrif *Woord en Daad* en 'n beweging soos die *ACB* (die besluit van 1976!) hulle beywer vir die verwerkliking van die beginsels van die koninkryk in die politiek. Sentraal in die koninkryksdenke staan die gedagte van geregtigheid sodat enige sweem van politieke onreg in die samelewing noodwendig in spanning moet kom met 'n "politiek van die koninkryk". In hierdie verband het niemand meer gedoen as professore J.H. Coetzee (volkekunde) en L.J. du Plessis (regswetenskap) om die SP lewend te hou nie. Hulle het, elk op sy eie wyse en binne sy eie konteks, daarop gewys dat blanke voogdyskap onmoontlik permanent kon standhou voor die Bybelse eis van geregtigheid om aan jou naaste te doen wat jy ook aan jouself gedoen wil hê. Dit val op dat namate die apartheidsideologie onmensliker afmetings begin aanneem het, die SP al kritieser daaroor geoordeel het.

Konteks

Ek sou in die derde plek wou wys op die SP as *kontekstuele denke*. Gereformeerde Christene is oor die algemeen bang vir die woord "kontekstueel" omdat dit die gevaar oproep dat die konteks oor die beginsel kan heers. Hierdie vrees is onnodig solank ons tussen goeie en slegte kontekstuele denke onderskei. Kontekstuele denke is sleg wanneer die konteks die beginsel bepaal en dit is goed wanneer die beginsel die konteks bepaal. Geen denke, ook nie die Potchefstroomse, is sonder konteks nie. Dis juis sy krag! Goeie denke moet ingaan op die konkrete werklikheid, op die vrae van die dag, op die probleme van hier en nou. Wat baat dit immers om antwoorde te gee op vrae van gister wat niemand meer vandag stel nie? Daarom het die SP – of het dit nie altyd nie? – suiwer probeer onderskei tussen ideaal en ideologie, omdat 'n ideaal vra om verwerklik te word terwyl 'n ideologie 'n hersenskim is en verslaaf. 'n Ideaal hou rekening met die werklikheid sonder om daarvoor te swig, 'n ideologie is blind vir die werklikheid en dink dat die mens oor alle mag op aarde beskik.

Voortrekkers

Nog 'n aspek wat die SP kenmerk, vierdens, is sy *innoverende denke*. Hierdie groot woord beteken volgens 'n woordeboek om verandering aan te bring in iets wat gevestig is, met ander woorde om 'n voortrekker te wees op soek na nuwe weë en nuwe ruimtes, om op 'n ontdekkingsreis te gaan, om nie in die bestaande orde te berus nie. Dis voorposdenke. Natuurlik gaan dit nie om verandering ter wille van verandering nie, want verandering kan opsigself ook verslegting beteken.

Nee, dit gaan om verandering ter wille van verbetering, beter gesê: verandering ter wille van die koms van die koninkryk van God. Omdat daar sonde in die wêreld is, omdat die sonde daaglik beveg moet word, omdat bekering dus elke dag nodig is en (in hierdie lewe) nooit afgehandel is nie, daarom is goeie verandering 'n daaglikse roeping en opdrag. Die SP wou graag vasgeroeste situasies ontknoop en ondersoekend die toekoms inboor op soek na nuwe weë, ook in die politiek. Daar is immers niks so gevaarlik as om by die bestaande orde te staan en te val net omdat dit die bestaande orde is nie.

As Luther en Calvyn gehuiwer het om verroeste standpunte aan te durf wat honderde jare as geldig aanvaar was, dan was daar geen Reformasie nie. Die SP wou hierdie Calvinistiese tradisie onversteurd voortsit.

Relatief

'n Vyfde kenmerk wat genoem sou kon word is dié van *relativerende denke*. Hierdie kenmerk vloei eintlik logies voort uit beginsel denke en koninkryksdenke. Vir elkeen wat vanuit die Skrif dink, en vanuit die koninkryk, moet alles op aarde betreklik word, dus in verband met God en sy koninkryk gesien word. Niks mag ooit van God en sy koninkryk losgemaak en dus verabsoluteer word nie. So mag die koninkryk van die Afrikaners nooit van die koninkryk van God losgemaak word nie, ja, nog sterker, die koninkryk van die Afrikaner het slegs betekenis in soverre as wat dit in diens staan van die koninkryk van God en sy geregtigheid. Word dit 'n grootheid op homself waaraan alles opgeoffer word en waarvoor alles moet swig, word dit dus 'n afgod, verloor dit sy betekenis en gaan dit sy vernietiging tegemoet. Alle aardse koninkryke is verganklik, ook ons Afrikaanse, slegs die koninkryk van God ken geen einde nie.

Ons het gesê dat die koninkryk van God alles betreklik maak, dus ook ons (Suid-) Afrikaanse koninkryk. Daarom moet ons dankbaar wees dat in die Afrikanerdenke wegbeweeg is van 'n magstaat na 'n regstaat (en selfs na 'n nasiestaat), 'n beweging wat niks minder as 'n aardverskuiwing omskryf moet word nie. In die verlede het die meeste Afrikaners immers geoordeel dat hulle oor die ganse Suid-Afrika moet regeer terwyl daar vandag geen regsinnige Afrikaner is wat nog maar enigszins in daardie rigting dink nie. Waaroor die debat vandag (gedeeltelik) gaan is die baie ernstige vraag of die nasiestaatidee 'n bereikbare ideaal dan wel 'n gevaarlike ideologie is.

Die stem is stil

Die vraag is ter sake of die SP nie in die huidige landsomstandighede duideliker gehoor moet word nie. Waarom word dit nie gehoor nie? Het ons dalk nie meer

iets om te sê nie? Of sê ons dit op so 'n manier dat niemand meer verstaan wat ons sê nie? Is ons boodskap dalk verpak in allerlei algemeenhede en vaaghede en “ewige beginsels” waarvan die toepassing nie konkreet aangedui word nie? Ewige waarhede ontleen nie hulle krag aan die konkrete toepassing nie, maar verloor hulle waarde indien dit nie soos hoefysters vasgespyker word nie.

Iemand wat vir die waarheid getuig, moet nie bang wees nie om, as dit moet, alleen te staan. Maar hierdie alleenstaan moet nie met halsstarrigheid verwar word nie maar moet van standvastigheid getuig. Potchefstroom het 'n ontsaglike verantwoordelikheid om getrou te bly aan die waarheid van die Woord, ook ten opsigte van die politiek van die dag. Uiteindelik kan niks anders gedoen word nie as om te getuig van die stem van 'n groter “chef”, te getuig, ja, van die stem van Christus by wie alleen die woorde van die lewe te vind is. Uiteindelik is vir ons Suid-Afrikaanse samelewing nie die SP deurgslaggewend nie – so 'n stelling sou van uiterste hoogmoed getuig – maar die evangelie van Christus, nié ons menslike wysheid nie maar die wysheid van God, nié ons aardse koninkryk nie maar die koninkryk van God. Dááaraan moet ons vóór alles en in alles diensbaar wees.

8. GEDAGTES OOR BEGRAFNISPRAKTYKE*

1. Inleiding

Dit is belangrik dat 'n saak waaroor gediskusseer word, korrek omskryf word. So byvoorbeeld is die woord "lykverbranding" as beskrywing vir kremasie 'n omstrede woord, soos wat die woord "liggaamsverrotting" vir begrafnis ondoeltreffend is. Vandaar dat dit ook problematies is om van "graf of oond" te praat of ook van "graf of askruik".

Die tema wat ons aanraak, handel oor die vraag oor hoe die liggaam van 'n gestorwe mens aan die aarde toevertrou moet word.

2. Geskiedenis

Die oudste volke het oorspronklik van *begrafnis* gebruik gemaak. Hierdie gebruik is te vind by die Hetiete, Egiptenaars en Babiloniërs. Trouens, dit was 'n gebruik wat baie wyd voorgekom het en ook by die Chinese, Perse, Indiërs, Grieke, Romeine, Skandinawiërs en Arankaniërs aangetref is.

Aan die begrafnisritueel was gewoonlik allerlei ongeloofspraktyke verbind sodat ook die begrafnis as praktyk van teraardebestelling later (deur gelowiges) gekersten moes word.

Langsamerhand het die praktyk van *lykverbranding* by volke ingang gevind. Waar die Christelike boodskap egter invloed uitgeoefen het, is teruggekeer na die praktyk van begrafnis. In die jaar 785 het Karel die Grote lykverbranding vir die Germaniërs verbied – op straf van die dood.

In die moderne tyd het kremasie sterk toegeneem. In 1873 word die eerste krematorium in Milaan opgerig; in 1885 vind die eerste kremasie in Engeland plaas (en tans kom dit uitgebreid voor); in 1914 vind die eerste kremasie in Nederland plaas; in 1918 verskyn die eerste krematorium in Johannesburg en in 1934 in Kaapstad (veral op aandrang van die Hindoes met sy sterk spiritualistiese lewensbeskouing); in 1928 word 'n krematorium in Moskou opgerig, spesifiek

* Voordrag voor NGK Broederkring Bellville op 23 Maart 1977. Nie eerder gepubliseer nie.

gemik teen die Christelike opstandingsgeloof. In groot wêreldstede, soos in Tokio byvoorbeeld, word slegs van kremasie gebruik gemaak (hoewel die gebruik al sedert 552 in Japan bekend is).

Hoewel die Rooms-Katolieke Kerk vir 'n lang tyd fel teen kremasie gekant was, is die kremasieverbod in 1963 deur pous Paulus VI opgehef. Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het op sy sinodes van 1933, 1952 en 1964 hom teen kremasie uitgespreek.

Dit is duidelik dat kremasie in die Christelike tradisie met skepsis bejeën is. Die vraag ontstaan of daar enige argumente ten gunste van kremasie aangevoer kan word – en hoe lyk die argumente daarteen? Hierdie vrae sal ons vervolgens besig hou.

3. Argumente pro kremasie

Die volgende argumente word ten gunste van kremasie aangevoer:

- dit is 'n baie higiëniese proses wat besoedeling voorkom;
- dit is baie goedkoper as begrafnis, lui die ekonomiese argument;
- dit is 'n praktyk wat meer esteties is as wanneer die liggaam aan verrotting oorgegee word;
- dit is 'n risikovrye praktyk waar die gevaar om 'n nog lewende persoon te begrawe, uitgesluit is;
- dit is 'n nuttiger praktyk as begrafnis, aangesien liggaamstowwe gouer vir gebruik deur die natuur vrygestel word;
- dit is 'n ruimtebesparende praktyk, teenoor begraafplase wat groot spasies opneem ('n kolumbarium neem min plek);
- dit aksentueer die verganklikheid en nietigheid van die mens (Gen. 3:19);
- dit beklemtoon die vryheidskeuse van die Christen (vgl. Rom. 14:5);
- dit sluit klasseverskille volkome uit.

Uiteraard word daar ook argumente teen kremasie aangevoer, byvoorbeeld dat dit onbybels is (waarop ons later ingaan). Vanuit juridiese oogpunt word aangevoer dat dit die opgraving van 'n liggaam vir latere kontrole uitsluit.

4. Argumente pro begrafnis

Die volgende argumente word gewoonlik ten gunste van 'n begrafnis aangevoer.

- *Dit is Bybels verantwoord*

Begrafnis is 'n tipies Bybelse gebruik. Gelowiges is gewoonlik begrawe (vgl. 1 Kon. 14:13) en so is Christus ook begrawe. Lykverbranding word ook in die Bybel aangetref, maar dan as uitsonderingsmaatreël, byvoorbeeld by doodstraf op bepaalde misdrywe (Lev. 20:14; 21:9; Jos. 7:25) en as noodmaatreël in tye van epidemie en oorlog (Amos 6:10, 1 Sam. 31:12). (Daar moet natuurlik verreken word dat die metodiek van “lykverbranding” met die tye veel verander het.)

- *Dit is tipies Christelik*

Christus, die groot voorbeeld vir 'n goeie Christelike lewe, is begrawe. Christene behoort Hom na te volg, in lewe en in sterwe, selfs in die metode om begrawe te word.

- *Dit is ryk aan simboliek*

Sonder twyfel is 'n begrafnis ryk aan simboliek: die liggaam wat begrawe word, is soos saad wat gesaai word met die oog op die opstanding (Rom. 6; 1 Kor. 15).

5. Oorwegings

Dit is belangrik om die kernargumente (veral teen kremasie) in die debat van nader te bekyk. In verband hiermee moet die volgende opgemerk word:

- *Die argument dat kremasie van heidense oorsprong is*

In verband met hierdie argument moet enersyds gestel word dat die praktyk van begrafnis aanvanklik ook wydverspreid onder die heidene voorgekom het (en gekersten moes word), terwyl andersyds die moontlikheid bestaan dat bepaalde heidense praktyke inderdaad vir kerstening vatbaar is. Hier kan ook aan die kerstening van Kersfees gedink word, wat aanvanklik as heidense sonfees begin het.

- *Die argument dat kremasie 'n materialistiese mensbeskouing verraa*

Sonder twyfel kan kremasie 'n materialistiese mensbeskouing verraa, soos byvoorbeeld by die Egiptenare en Kommuniste aangetref is, maar dit hoef nie noodwendig die geval te wees nie. Trouens, by die Hindoes vorm dit weer uitdrukking van 'n spiritualistiese mensbeskouing.

Kremasie hoef nie noodwendig 'n ontkenning te wees van die opstandingsgeloof en die mag van God nie. Die Bybel leer dat ook die see sy dooies sal lewer (Op. 20:13).

- *Die argument dat kremasie 'n humanistiese mensbeskouing verraa*

Kritiek is uitgespreek dat die mens by kremasie te outonoom optree en dat hy God buite rekening laat. Daar mag egter nie vergeet word nie dat die mens reeds gedurende sy lewe beheersend optree, byvoorbeeld wanneer hy organe vir oorplanting beskikbaar stel. Wat bepalend is, is of die mens in afhanklikheid van die Here optree en of hy Hom in sy handel en wandel buite rekening laat.

6. Voorlopige gevolgtrekkings

- Kremasie word nie in die Skrif uitdruklik verbied of gebied nie. Dit is nie een van die Tien Gebooe nie.
- Gesien in die lig van die feit dat gelowiges in die Ou en Nuwe Testament begrawe is, dat Jesus Christus begrawe is en dat die begrafnis ryk is aan simboliek, is my beskeie oordeel dat die praktyk van begrafnis 'n eerste keuse is – in elk geval in 'n land met genoeg spasie vir begraaftplase.
- Indien 'n Christen sou verkies dat sy liggaam veras word, en sy motivering is nie uit ongeloof gebore nie, mag ons so iemand nie veroordeel nie – en weier om by so 'n “begrafnisdiens” betrokke te wees.
- Rekening moet daarmee gehou word dat daar Christene is wat in lande woon (Indië, China, Japan byvoorbeeld) wat oorbevolk is en waar kremasie deur wetgewing afgedwing word. Trouens, namate grondskaarste wêreldwyd toeneem, sal die aandrang op kremasie toeneem.
- Dit is vir die Christelike geloof aan die opstanding nie van wesentlike belang op watter manier die liggaam “tot stof terugkeer” nie, naamlik of dit jare neem deur middel van ontbinding dan wel oombliklik deur verassing.

- Dit sou onverantwoord wees indien die kerk sou weier om by 'n kremasie-geleentheid betrokke te wees. Daarmee sou 'n besondere geleentheid prysgegee word om die evangelie aan omstanders te bedien.

II

SEKSUELE EN MEDIESE VRAE

9. DEBAT OOR ABORSIE*

Ons kan die lewe nie grootmaak as ons dit klein-klein doodmaak nie.

Soos wat die regering die aborsiewet stoomroller, so vlam die verset telkens weer op - 'n versetsvlam wat waarskynlik nooit uitgebrand sal raak nie. Die nuwe wet maak voorsiening vir aborsie op aanvraag tot op twaalf weke en in dringende gevalle tot op twintig weke. Dit hoef ook nie meer deur dokters uitgevoer te word nie, maar kan deur algemene gesondheidswerkers gedoen word. Die nuwe wet bring dus 'n groot liberalisering mee in vergelyking met die ou wet wat aborsie toegelaat het in gevalle van bewese verkragting of bloedskanie, psigiese gestremdheid of swaksinnigheid by die vrou, of waar die swangerskap 'n bedreiging van die vrou en/of baba se lewe beteken.

Waarom?

Waarom die drang, die onwil om na advies te luister van die kant van die regering? Dit is tog 'n feit soos 'n koei dat die meeste Christene, Jode, Moslems en Hindoes, ja, die meeste burgers van Suid-Afrika skerp teen aborsie gekant is. Waarom handel 'n demokratiesverkose regering so ondemosiasies, ja, so outokraties? Nie dat die regering altyd die meerderheidswil moet uitvoer nie, want dié is baie keer verkeerd, maar tog moet daar darem simpatieker en aandagtiger na argumente geluister word as wat met die aborsiewet gebeur het.

Ongetwyfeld vind daar duisende agterstraataborsies plaas wat veel lyding (en dood) onder vrouens meebring - maar is vrye aborsie die oplossing hiervoor? Ongetwyfeld het elke mens, ook elke vrou, bepaalde regte, maar is daardie regte onbeperk? Wat van die regte van die ongebore kind? Is alle menslike funksies nie reeds op twaalf weke in die fetus aanwesig nie? Het ons nie reeds dán - en selfs daarvoor - met 'n mens, 'n mensie as u wil, maar inderdaad met menslike lewe te doen nie? Lyk aborsie dan nie gevaarlik na aan moord nie?

Outokrasie en outonomie

Met die deurvoering van die wet op aborsie het die regering gevaarlike tendense van 'n outokratiese regeringstyl begin toon. Het Suid-Afrika nie reeds genoeg daarvan gehad nie? Maak dit sin om die onmenslikheid van apartheid te verwerp

* *Woord en Daad*, Somer 1996:2-4.

maar die onmenslikheid van aborsie te wettig? Wat die regering ook nog gedoen het, is om 'n aksent op menslike outonomie te plaas wat morele grense oorskry. Vir 'n Afrikaregering is hierdie wetgewing net so 'n ongehoorde stap as om gesinsbeplanning te reguleer - met dié verskil dat daar vir laasgenoemde veel meer te sê is as vir eersgenoemde.

Inderdaad moet die vraag gestel word hoeveel "Afrika" daar in die nuwe wet steek; sit daaragter nie veel meer Westerse individualisme en liberalisme nie?

Vrae

Ten minste ses vrae moet gestel en beantwoord word.

Die eerste lui: *Wat van die gewete van die moeder?* Moet sy nie oor 'n baie rekbare gewete beskik indien sy - na 'n aborsie - vir die res van haar lewe met 'n skoon gewete wil leef nie? As die outonome mens bereid is om 'n lewe te neem aan die *begin* van lewe (aborsie), dan kan daar geen deurslaggewende argument aangevoer word waarom die outonome mens nie ook 'n lewe aan die *einde* (genadedood) mag neem nie.

Tweedens: *Wat van die gewete van die geneesheer?* Is hy, wat plegtig belooft het om alles te doen om 'n lewe te red, bereid om met 'n skoon gewete 'n (ongebore) lewe te neem? Hierdie vraag geld onverminderd vir die gesondheidswerker wat in diens staan van die behoud en bevordering van lewe.

Ten derde: *Wat van die gewete van die gemeenskap?* Is die gemeenskap bereid om te aanvaar dat deur vrye aborsies die menslike lewe goedkoop gemaak word? Maak dit sin om die doodstraf af te skaf maar aborsie te wettig? 'n Mensliewende samelewing moet aanhou protesteer teen hierdie onmenslike vorm van kindermoord.

In die vierde plek: *Wat van die gewete van die regering?* Bevlek 'n regering nie sy hande en hart met die bloed van ongebore kindertjies nie? Maak dit sin om die kriminaliteit op straat te beveg maar immoraliteit in die baarmoeder te wettig? Waarin verskil hierdie moderne vorm van kindermoord van dié van koning Herodes?

Vyfdens moet gevra word: *Wat van die reg van die ongebore kind?* In 'n eeu wat oorloop van menseregte vir die onderdrukte, die weerlose, die vrou, die gestremde, die kind, is dit 'n eienaardige inkonsekwensie dat geen woord gerep word oor die

regte van die ongebore kind nie. 'n Ma wat laat aborteer, beskik nie oor háár lewe
nie, maar oor haar kind se lewe. Waarom mag hy/sy nie lewe nie?

10. BESINNING OOR (DIE WETTIGING VAN) PROSTITUSIE*

"Wanneer oor prostitusie gehandel word, moet goed besef word dat dit 'n onderdeel is van 'n veel groter sosiale probleemveld wat misdaad, geweld en dwelmverslawing insluit"

Die vraag na die vraag na die wettiging - en dekriminalisering - van prostitusie is tans in diskussie en sal dit seker vir 'n geruime tyd nog wees. Vanselfsprekend sal daar argumente ten gunste en argumente daarteen aangevoer kan word. Byvoorbeeld: sal wettiging nie die polisie se hande losmaak om op die sogenaamde harde misdaad te konsentreer nie? Sal kinderprostitusie nie uitgefaseer kan word nie?

Aan die ander kant: is prostitusie nie duidelik onbybels nie? Sal gewettigde prostitusie nie sosiale waardes verlaag en norme ondermyn nie? Sal dit nie die huweliksetiek in gedrang bring nie? Sal wettiging nie die probleem vergroot nie?

Wanneer oor prostitusie gehandel word, moet goed besef word dat dit 'n onderdeel is van 'n veel groter sosiale probleemveld wat misdaad, geweld en dwelmverslawing insluit. Dit kan dus nie in isolasie hanteer word nie. Voorts moet onderskei word tussen hoe die kerk dit moet benader en hoe die regering daar-teenoor moet optree. Vooraf word eers na enkele Skrifgegewens gekyk.

Die Bybel en prostitusie

Wanneer die Skrifgegewens oor prostitusie nagegaan word, lyk dit of die vraagstuk in die Ou Testament nie so skerp as in die Nuwe Testament aangespreek word nie. Blykbaar het Juda (in sy onkunde dat dit sy skoonogter Tamar was) nie veel omgee om na 'n prostituut af te draai nie (Gen. 38:15). Ook Simson doen dit sommerso (Rigt. 16:1). En dan is daar die besondere verhaal van Ragab van Jerigo (Jos.2). Sy is 'n prostituut, sy vertel leuens, sy pleeg landsverraad, en tog word sy vir haar geloofsgehoorsaamheid geprys omdat sy die twee verspieters ontvang het (Heb. 11:31; Jak. 2:25). Sy word selfs genoem as een van die voormoeders van Jesus Christus (Matt. 1:5). In die tyd van Salomo het twee prostitute vir die koning advies gevra, nié oor die wettigheid of onwettigheid van

* *Woord en Daad*, 1998:364/1998:20-22.

prostitusie nie, maar oor wettige moederskap (1 Kon. 3:16-28). En die koning gee goeie raad maar sonder om die vraagstuk van prostitusie aan te spreek. Die profeet Hosea kry selfs die hoogs uitsonderlike opdrag om met 'n prostituut te trou (Hos. 1:2). Dit wil voorkom of die Ou Testament owerspel as 'n ernstiger oortreding as ontug (prostitusie) beskou (Spr. 6:26).

Waarteen die Ou Testament hom egter wel sterk uitspreek, is die kultiese prostitusie wat veral onder die Kanaäniete wydverspreid en intensief voorgekom het (Lev. 19:29; Deut. 23:17 ev; vgl 1 Kon. 14:24). Tempelprostitusie was deel van die vrugbaarheidsgodsdiens in Kanaän. Die Kanaäniete het geglo dat tempelprostitusie vrugbaarheid by mens en dier verhoog. Geen wonder nie dat die profete hulle baie skerp hierteen uitgespreek het (Jer. 3; Eseg. 23; Hos. 4). Tempelprostitusie is direk deur die Here verbied. Israel was verbied om enigiets te doen te hê met hierdie natuurgodsdiens waardeur die natuur vergoddelik is.

Die Nuwe Testament is meer uitgesproke oor prostitusie. Christene moet hulle eenvoudig daarvan weerhou (Hand. 15: 20, 29). Christene wat deel is van en verenig is met die liggaam van Christus, mag nie terselfdertyd deel word van 'n prostituut nie (1 Kor. 6: 15-20). Die mens se liggaam is tempel van die Heilige Gees. Vanweë die gevare van hoerery behoort elke man(vrou) sy/haar eie vrou/man te hê (1 Kor. 7:2).

Die Kerk en prostitusie

Die kerk neem die Bybelse boodskap as die bron en norm vir sy doen en late. Die kerk gaan dus daarvan uit dat prostitusie sonde is en dat Christene hulle daarvan moet weerhou.

Seksualiteit hoort tuis binne die raamwerk van die huwelik; daarbuite rig dit verwoesting aan.

Kerklike optrede in hierdie verband bevat onder andere die volgende aspekte:

Eerstens moet die kerk deur middel van prediking, kategetiese en pastoraat lidmate toerus ten opsigte van 'n gesonde huweliksetiek. Die kerk moet lidmate aanmoedig ten gunste van 'n gesonde huweliks- en seksuele lewe. Geslagsgemeenskap hoort byvoorbeeld slegs in die huwelik tuis (1 Kor. 7:3-5). Dit gaan met seksualiteit soos met 'n kaggelvuur: word die vuur in die kaggel gemaak, dien dit sy doel; word die vuur op die vloer gemaak, steek dit die huis aan die brand. Seksualiteit hoort tuis binne die raamwerk van die huwelik; daarbuite rig dit verwoesting aan. Daar word

waarskynlik in die algemeen veels te min oor seksualiteit as gawe van God en oor seksuele etiek gepraat.

Tweedens moet die kerk waarsku, vermaan en desnoods tugmaatreëls toepas wanneer 'n lidmaat hom/haar in hierdie verband misdra. 'n Kerk sonder dissipline is 'n kerk sonder senuwee - het Calvyn tereg gesê. Die Christelike lewe is onversoenbaar met prostitusie.

Derdens moet die kerk ook voorbidding doen vir prostitute en die Here vra om hulle tot ander insigte en tot 'n nuwe lewenshouding te bring. Die vroulike liggaam is immers nie bedoel om as handelsartikel misbruik te word nie. Dit is waar dat die vrou nie geskape is as 'n blote voortplantingsinstituut nie, maar dis ook waar dat die vrou nie bedoel is as 'n blote objek van seks en lusbevrediging nie.

Vierdens moet die Evangelie ook na prostitute uitgedra word. Prostitusie is immers nie 'n onvergeeflike sonde nie - daarvan is Ragab 'n goeie voorbeeld. God kan ook prostitute in sy diens gebruik en aan hulle 'n nuwe lewe gee. Dit is selfs moontlik dat tollenaars en prostitute godsdienstige mense voorgaan in die koninkryk van God (Mat. 21:31; vgl. Luk. 7:48). So kan ook iemand wat met prostitute saamgeleef het, tot inkeer kom en 'n nuwe lewe begin (Luk. 15:11-32).

Vyfdens kan kerke oorweeg om rehabilitasiesentrums vir prostitute op te rig. In 'n openhartige radiogesprek verlede jaar het meeste van hulle te kenne gegee dat hulle nie prostitute wil wees nie - as hulle net 'n ander heenkome sou kon vind. Prostitute kan gehelp en gerehabiliteer word.

Kerke het in die verlede meer veroordelend as helpend op die vraagstuk van prostitusie gereageer. Die omvang van die probleem bring tans mee dat kerke 'n groter sensitiwiteit vir hierdie probleemveld moet ontwikkel en dit met groter verantwoordelikheid moet aanspreek.

Die regering en prostitusie

In 'n Christelike lewensbeskouing word algemeen aanvaar dat die taak van die kerk en die taak van die regering van mekaar verskil. Die regering kan nie alles doen wat die kerk doen nie, en die kerk ook nie alles wat die regering doen nie. Kerk en regering het eie terreine van bevoegdheid en verantwoordelikheid. Die regering hanteer byvoorbeeld moordenaars en diewe anders as wat die kerk hulle hanteer. Die toepassing van wette deur die regering verskil van die toepassing van norme deur die kerk. Daar is byvoorbeeld talle immorele dinge wat nie strafbaar is

deur die regering nie. *Owerspel* is nie 'n strafregtelike misdaad nie en daarom nie strafwaardig nie, maar in die kerk word dit as 'n baie ernstige oortreding beskou en hanteer. Die sogenaamde *egskeidingsgronde* wat die kerk as moreel aanvaarbaar beskou, verskil ingrypend van dit wat 'n wêreldlike hof aanvaar. Daarby is egskeiding (in die oë van die regering) nie 'n strafbare oortreding nie.

Die regering se hoofsaak is om te sorg vir 'n ordelike, regverdige, verantwoordelike en vreedsame samelewing.

In hierdie verband ontstaan die vraag nou of protitusie gewettig behoort te wees/word. Die woord wettiging is natuurlik uiters problematies omdat daarin nie onderskei word tussen *etiese wettiging* en *juridiese wettiging* nie. Wanneer daar in die algemeen van die *wettiging van protitusie* gepraat word, word dit dikwels so verstaan dat dit *morele wettiging* insluit. In 'n Christelike benadering tot ons probleem kan daar egter nooit sprake wees van morele wettiging nie. Protitusie bly altyd immoreel. Die vraagstelling moet daarom verander word om te lui: behoort protitusie deur die regering *gereguleer* te word?

Hierop wil ek soos volg probeer antwoord:

Eerstens. In 'n moreel-verantwoordelike samelewing hoort protitusie nie tuis nie en verdien dit daarin nie 'n plek nie. Protitusie as handeling gaan in teen die grein van die vrou/man as beeld van God; dit maak seksualiteit van die huwelik los en maak misbruik van (veral) die vroulike liggaam. (Manlike prostitute bestaan natuurlik óók.)

Tweedens. Ons leef nie in 'n volmaakte samelewing nie maar in 'n samelewing wat op alle fronte die beeld van onvolmaaktheid en gebrokenheid vertoon. In die Suid-Afrikaanse samelewing kom protitusie voor binne die konteks van toenemende misdaad en wetteloosheid en vigs wat soos 'n onsigbare kanker aan die volkswelsyn vreet. Dit is denkbaar dat die regering by die punt kan kom dat hy, in die lig van die totale aanslag teen die moreel-sosiale welsyn, kan oorweeg om protitusie anders as voorheen te moet reguleer - presies hoe weet ek nie. Die regering tref dan 'n noodmaatreef om 'n nog groter euwel - die totale ineenstorting van die samelewing - te voorkom. As die damwal gebreek het, help dit nie om sandsakke in die kolkende watermassa te gooi nie, maar moet die kanale laer af sterk genoeg wees om die vloedskade te verminder. So 'n regulering beteken dan geensins die morele regverdiging van protitusie nie, maar onderstreep juis die morele problematiek daaraan verbonde. Ek beskik nie oor genoeg feite-informasie om te oordeel of ons Suid-Afrikaanse situasie al by daardie punt is nie.

In hierdie verband kan byvoorbeeld daarna verwys word dat sifilis gedurende die kruistogte na Europa versprei het en dat stadsowerhede toe genoodsaak was om prostitusie te reglementeer - wat natuurlik weer op sy beurt ander probleme opgeroep het.

Dis moeilik om te sê of ons iets kan leer van lande (soos Thailand, die Filippyne en sekere state van Amerika) waar prostitusie "gewettig" is en van lande (soos China en Japan) waar dit onwettig is. Soms word beweer dat probleme verminder in daardie lande waar prostitusie "gewettig" is (soos in dele van Duitsland en sekere Skandinawiese state). Dis egter baie moeilik om sulke opinies te beoordeel.

Derdens. 'n Regering behoort 'n morele probleem soos prostitusie nie in isolasie te hanteer nie. So behoort 'n regering altyd daarna te streef om sosiale waardes te verhoog, sosiale welsyn te bevorder en sosiaal-higiëniese maatreëls te verskerp. Prostitusie is nou eenmaal deel van 'n groter geheel en kan moeilik op sigself beheer word.

Slot

Prostitusie is sonde. Christene behoort op geen manier hoegenaamd daarby betrokke te wees nie. Die regering behoort dit op sodanige wyse te bekamp dat dit nie die nasionale moraal en welsyn ondermyn en vernietig nie.

11. LIFE IS NOT SHEEP – GEDAGTES OOR KLONING*

Life is not sheep" - so begin 'n Engelse artikel oor hierdie onderwerp. Dit sinspeel baie duidelik op die kloning van 'n skaap (Dolly) in 1997 deur die Skotse embrioloog, dr. Ian Wilmut, opgevolg deur die epogmakende uitspraak in 1998 van die Amerikaner, dr Richard Seed, dat hy mense gaan kloon met die doel om kinderlose egpare te help. Daarmee is een van die grootste knuppels denkbaar in die (mediese en menslike) hoenderhok geslinger. Mág dit? Mág, wat kán? Speel die mens nie God deur self mense (na sy beeld) te maak nie? Tas dit nie die uniekheid van 'n persoon aan nie? Wat word van die siel van die mens? Hef dit nie die huwelik op nie?

Dit is geen wonder nie dat die eerste reaksie van die meeste mense oorwegend negatief is - soos trouens ook die geval was by die eerste bloedoortapping en hartoorplanting. Die probleme verbonde aan kloning lyk eenvoudig te groot om dit te aanvaar. Maar wat word met kloning bedoel?

Kloning word gewoonlik beskryf as 'n mediese proses waartydens die kern van 'n onbevurte eisel uitgesuig en vervang word met die kern van 'n liggaamsel van iemand anders - bv. die pa of selfs die ma. Die nuwe sel word in die ma (of surrogaatmoeder) teruggeplaas waarna ontwikkeling van die baba soos gewoonlik plaasvind. Die baba wat sodoende gebore word, is dan geneties identies aan die skenker van die liggaamsel (pa of ma). Kloning beteken in kort duplisering van iemand. Dit is 'n vorm van aseksuele voortplanting.

Voor- en Nadele

Voorstanders van kloning wys op 'n hele aantal voordele wat daaraan verbonde is, waarvan slegs enkele hier genoem word. Kloning bied die geleentheid dat die genotipe, geslagtelikheid en karakter van kinders bepaal kan word; dit skep die geleentheid dat gestorwe kinders maklik met 'n identiese kind "vervang" kan word; dit open die moontlikheid om genetiese tekorte en siektes by die nageslag uit te skakel; dit skep die geleentheid om genieë te kontinueer en spesiale mense vir

* *Woord en Daad*, 365/1998:14-15. Vgl. ook *SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie*, 1998, 17(3):102-103.

spesiale take te kweek ('n rugbyspan byvoorbeeld); dit bied nuwe moontlikhede vir orgaanontwikkeling en orgaanoorplantings.

Hierteenoor wys die teenstanders van kloning daarop dat kloning glad nie so 'n ongemengde seën is nie. Dit kan byvoorbeeld die genetiese siektes in 'n bevolking vermeerder; dit kan die menslike genepoel baie beskadig indien slegte gene daar ingevoer word; dit bring die huweliks- en gesinsetiek grootliks in gedrang; dit sal enkelouerskap baie bevorder; dit bring mee dat 'n samelewing uiteindelik net deur kloning kan oorleef indien liggaamselle van onvrugbare persone gebruik word; dit bring die uniekheid van 'n persoon in gedrang; eksperimente met embrio's is onaanvaarbaar en met kloning is die mens besig om God te speel.

Op soek na 'n antwoord

In 'n Christelike benadering tot 'n etiese vraagstuk speel die Bybel 'n deurslaggewende rol. Om 'n verantwoordelike keuse tussen goed en kwaad te maak, is meer as menslike kennis nodig. Goddelike wysheid moet hier die deurslag gee. Die etikus bevind hom/haar egter voor die probleem dat die Bybel nie direkte antwoorde gee op moderne etiese vraagstukke nie. Hy/sy kan die Bybel dus nie as resepteboek vir etiek gebruik nie, maar tog bly die Bybel 'n onmisbare handleiding daarvoor. Bybelse beginsels (soos onder andere liefde) bly altyd van krag en vra om nuwe konkretisering in nuwe kontekste. Los tekste sal hier nie 'n antwoord gee nie, die hele Bybel moet dit doen. Die wet van die liefde is deurslaggewend maar sonder om die liefde vir die wet te elimineer. Evangelie *en* wet behoort onverswak gehandhaaf te bly.

In hierdie kort artikel word slegs op drie probleemvrae gefokus.

Godsvraag

Die eerste vraag wat beantwoord moet word, raak die Godsleer en lui: is die mens nie besig om God te speel nie? Skep die mens nie nou mense na sy (die mens se) beeld en ontken hy nie daarmee dat God die mens na sy (God se) beeld geskep het nie? Is kloning nie 'n daad van hoogmoed waarin die mens "soos God" probeer wees nie?

Vanselfsprekend is hierdie 'n uiters belangrike vraag en dit is moontlik - soos by ander dinge, byvoorbeeld ruimtevaart - dat daar embrioloë is wat 'n houding van hoogmoed en outonomie, los van God en teenoor God, kan inneem. Dit is egter ook moontlik dat 'n houding van ootmoed, afhanklikheid en onderdanigheid teenoor God ingeneem kan word. Ook in die mediese etiek geld die kultuurmandaat en roepingsopdrag en moet die mens nie God nie, maar *beeld* van

God wees en die heerskappy van God oor die skepping reflekteer. Met kloning word ook nie nuwe mense gemaak nie, maar word met voorhande materiaal (eisel en liggaamsel) gewerk en word *bestaande* selle gemanipuleer.

Mensleer

'n Tweede vraag raak die mensleer en raak sake soos: tas kloning nie die uniekheid van die individuele persoon aan nie? Wat van die siel van die mens? Sou kloning dalk gesien kon word as 'n daad van naasteliefde?

Hierop moet geantwoord word dat kloning inderdaad 'n ingreep is op die uniekheid van 'n persoon, maar dit hoef nie 'n onoorkomelike probleem te skep nie. Hoewel 'n gekloonde persoon geneties identies behoort te wees aan die persoon wat die liggaamsel geskenk het, is dit ook waar dat persoonlikheidsontwikkeling medebepaal word deur sake soos opvoeding, ervaring en ander omstandighedsfaktore. Hierdie waarheid kan reeds by identiese tweelinge opgemerk word: hulle is eenders maar tog anders.

Die vraag of kloning nie die (skepping van die) siel van die mens in gedrang bring nie, is begryplik maar alleen belangrik indien die mens volgens die Grieks-Platoniese mensbeeld benader word. Hiervolgens bestaan die mens uit twee dele, met die siel as die belangrikste en onsterflike deel; die siel, wat van ewigheid bestaan, verenig hom dan op een of ander stadium met die liggaam van die mens. Selfs in die gereformeerde teologie is lank gestry oor die vraag of die siel by elke mens afsonderlik geskep word (kreasianisme) en of die siel langs die weg van natuurlike voortplanting ontstaan (tradusianisme). Hierdie (valse) probleemstelling is egter later laat vaar omdat dit 'n buite-Bybelse probleemstelling in die Bybel indra waarop die Bybel eenvoudig nie 'n antwoord gee nie. Die Bybel lê 'n swaar aksent op die eenheid van die mens, geskape na die beeld van God. Natuurlik praat die Bybel ook van siel en gees en liggaam, maar dan is dit nie bedoel as drie losstaande komponente (soos motoronderdele) nie, maar as drie dimensies van die een mens. So gesien kan 'n gekloonde mens nie 'n siellose mens wees nie, maar behoort hy/sy volledig mens te wees, beeld van God en dus oop vir die evangelie en die verbond van God.

Binne hierdie konteks kan kloning as daad van naasteliefde beskou word - aan kinderlose egpare. En daarmee is ons by 'n volgende belangrike vraag.

Huweliksetiek

Die derde vraag raak die huweliksetiek. Indien kloning as 'n vorm van buiteseksuele, buite-manlike en buite-huwelikse voortplanting, algemeen en onbeperk

toegepas sou word, dan sal dit die huwelik as instelling van God en as voortplantingsinstituut totaal uit sy voeë lig en uiteindelik oorbodig maak. Dit sal enkelouerskap op ongekende wyse bevorder en veroorsaak dat kinders sonder vader of moeder en buite gesinsverband opgroei. Voeg hierby dat indien liggaamselle van onvrugbare persone gebruik word en onvrugbaarheid so ingeteel word, dan sal 'n samelewing uiteindelik slegs deur kloning kan oorleef.

Hierteenoor is daar die moontlikheid dat kloning binne huwelikskonteks - soos kunsmatige inseminasie met eggenootsaad - op selektiewe wyse toegepas kan word en wel in die geval van kinderlose egpare (bv. waar die manlike geslagsdele vermink of verwyder is). So benader, kom kloning ter sprake as uitsonderingsgeval en nie as reël nie. Die etiek ken immers byna orals die "kategorie van uitsondering" (vergelyk bv. die uitsonderings by aborsie, doodslag, egskeiding, Sondagviering).

Daar is tans egter net te veel (van die reeds genoemde) morele en mediese vrae onbeantwoord om kloning as algemeen aanvaarde praktyk goed te keur.

Samevatting

- Kloning by diere lewer minder etiese probleme as by mense - maar daar is ook grense aan eksperimente met diere.
- Teen kloning-op-aanvraag, dit wil sê kloning as algemene praktyk, bestaan swaarwegende morele besware (bv. beskadiging van die menslike genepoel; die kweek van 'n onvrugbare samelewing wat slegs deur kloning kan oorleef).
- Wat tans onder etici in diskussie is, is die vraag na die morele aanvaarbaarheid van kloning by wyse van uitsondering en binne die huwelikskonteks, bv. in gevalle waar die manlike geslagsorgane vermink of verwyder is.
- Kloning vir terapeutiese doeleindes, dit wil sê vir orgaanontwikkeling sou slegs dan aanvaarbaar wees indien dit binne aanvaarbare etiese kodes aangewend sou word.

Om af te sluit: etiese vrae is moeilike vrae. Talle antwoorde is *voorlopige* antwoorde en wel in die dubbele betekenis van die woord. Voorlopig, want die antwoord is onaf, nie-finaal, soekend, tastend. En voorlopig, want die etikus moet ook voorloper en baanbreker probeer wees. Om eties besig te wees, is gevaarlike

werk, maar ook uitdagende werk. Dit kan alleen in groot afhanklikheid van God, onder leiding van sy Gees en in die lig van sy Woord onderneem word.

III

POLITIEKE VRAE

12. KONINKRYK EN POLITIEK*

Die begrip “politiek” is vandag ‘n baie gelade woord, maar dit hoef werklik nie die geval te wees nie. Die woord is afgelei van die Griekse woord “polis” wat stad beteken. Politiek handel dan eintlik oor hoe ‘n stad bestuur moet word, of breër opgevat: hoe die staatshuishouding daar moet uitsien. Politiek handel oor die vraag hoe mense saamlêwe, hoe ‘n regering regeer en hoe onderdane reageer.

Die begrip “koninkryk” wat ons in die Bybel vind, handel ook oor regering maar hierdie keer oor hoe God regeer. Die Bybel maak aan ons duidelik dat God oor die kerk maar ook oor die hele skepping regeer. Sy regering dra die kenmerke van vrede en vryheid, blydschap en geregtigheid (Rom. 14:17). Die Bybel maak verder duidelik dat God hierdie regering deur Jesus Christus, die Middelaar, uitoefen (Matt. 28:18; 1 Kor. 15:24; HK 19:50) asook deur die Heilige Gees (Matt. 28:18; Rom. 14:17). Die koms van die koninkryk van God na hierdie wêreld is so belangrik dat selfs van “die evangelie” van die koninkryk gepraat word (Mark. 1:14).

Die vraag is nou watter verband daar tussen die regering van God en die regering van mense, tussen die politiek van God en die politiek van mense bestaan. Ons gee in hierdie kort artikel aandag aan slegs twee aspekte.

Die koninkryk relativer

Dit is uit die Skrif duidelik dat die koninkryk van God baie groter en baie belangriker is as ons aardse koninkrykies. Daar is mense wat so in die aardse politiek opgaan dat dit wil voorkom asof hulle lewe - selfs die ewige lewe - daarvan afhanklik is. In so ‘n benadering word volkskap, Afrikanerskap, nasieskap of Suid-Afrikanerskap so belangrik dat die grootste denkbare offers op hierdie altaar gelê word.

Die Bybel leer ons dat daar net een onveranderlike koninkryk is en dit is die koninkryk van God. Die koninkryk van God word vergelyk met ‘n klip wat van ‘n berg losraak, wat aardse koninkryke verpletter en uiteindelik die hele aarde vul (Dan. 2:44-45). Kyk ons na die wêreldgeskiedenis, dan sien ons hoedat die groot wêreldryke gekom en gegaan het... Egipte, Assirië, Babilonië, Persië, Griekse Ryk, Romeinse Ryk. Ook moderne ryke het ‘n beperkte lewensduur (gehad): die

* *Die Kerkblad*, 10 Julie 1998:20-21.

Britse Ryk, die Duitse Ryk, die Kommunistiese Ryk... Daarom is dit verstaanbaar dat die Bybel ons oproep om die koninkryk van God eerste te soek (Matt. 6:33) omdat dit die belangrikste saak ter wêreld is (Matt. 13:44-46).

Die Bybelse boodskap help ons om perspektief te behou en om dinge binne hulle juiste proporsies te sien. God se koninkryk is groot en ons aardse koninkrykies klein; God se koninkryk is ewig, ons aardse koninkrykies verganklik; God se koninkryk is onmisbaar; ons aardse koninkrykies van beperkte betekenis. “Alles is politiek, maar politiek is nie alles nie” het iemand tereg opgemerk.

Uit die aardse lewe van ons Here Jesus Christus blyk duidelik hoe Hy 'n eie koers ingeslaan het. Tydens sy omwandeling was daar nagenoeg dieselfde politieke beskouings aanwesig as wat ons vandag in ons Suid-Afrikaanse samelewing aantref. “Politiek is vuil”, sê sommiges vandag en onttrek hulle aan die politiek van die dag - soos die Essene in die tyd van Jesus. “Ek hou van die bestaande, die status quo”, sê ander en beoefen hulle politiek sodanig - soos die Herodiane en Sadduseërs ten tyde van Jesus. “Ek hou weer van nasionalisme, selfs tot op die punt van rebellie”, sê 'n ander groep - soos die Fariseërs en die Selote in die dae van Jesus.

En Jesus dan? Hy volg die politiek van die koninkryk van God, 'n politiek wat 'n eie karakter dra en 'n besondere betekenis het vir die totale lewe van die mens en wêreld. Nee, dis nie 'n lewensvreemde benadering nie, maar 'n benadering wat uiteindelik die totale wêreld verander en vernuwe. Want God regeer nou eenmaal anders as mense. Sy regering bring verlossing, vrede en geregtigheid.

Die koninkryk penetreer

Die tweede gedagte wat ons wil tuisbring is dat die koninkryk van God die samelewing deursuur. Dit ráák die aarde en die aardse lewe. Dis soos suurdeeg wat 'n vrou in meel inwerk sodat dit die meel deursuur (Matt. 13:33). Die koninkryk verander samelewings! Waar burgers van die koninkryk (die kerk) leef volgens die styl van God se nuwe ryk, waar hulle staan vir wat eerbaar en regverdig is, of watter deug ook al bedink kan word, daar moet dit 'n impak hê op die wyse waarop die samelewing ingerig word en op organisasies waarvolgens die samelewing funksioneer. Die Here wil nie net in die kerk geëer word nie, maar ook in die samelewing; Hy wil nie net Sondae verheerlik word nie, maar ook in die politiek. Vrede moet gesoek word, nie net in die kerk nie maar ook - vir sover dit moontlik is - in die samelewing (Rom. 12:18).

Ek mag voluit Afrikaner en Suid-Afrikaner wees, maar dit alles altyd binne die ruimte van, in diensbaarheid aan en volgens die beginsels van die koninkryk van God.

Dit is duidelik dat 'n Christen hom nie aan die politiek behoort te onttrek nie, maar dat hy ook daar sy lig moet laat skyn, sy soutsmaak moet laat proe, sy suurdeeg moet laat deurwerk. Ook in die politiek moet klein “tekens” van God se komende koninkryk opgerig word. Ook in die politiek moet iets van die groot beginsels van die koninkryk van God verwerklik word, al is dit hoe voorlopig. Ook in die aardse politiek moet ons op weg gaan na die ewige koninkryk. Dis die rigting waarin ons moet lewe, die doel waarvoor ons moet beplan, die bestemming waarvoor ons moet gereedmaak. Nie dat ons ooit in eie krag die koninkryk kan verwesenlik nie, daarvoor is ons menslike pogings te broos en te sondig, maar om op weg te gaan in die rigting van die koninkryk... dit moet ons passie wees, ons lewe, ons alles.

Dit is uit bostaande duidelik dat ons die uitspraak van Christus in Joh. 18:36 nie verkeerd moet verstaan nie. Daar sê Christus aan Pilatus dat sy koninkryk “nie van hierdie wêreld is nie”, anders sou sy dienaars geveg het. Sy bedoeling is duidelik: sy koninkryk is nie *vanuit* hierdie wêreld nie, maak nie van aardse magsmiddele gebruik nie en volg nie die styl van hierdie sondige wêreld nie. Die koninkryk is 'n gawe van God, dit word gedra deur die liefde van God en dit word verwerklik deur die kruis en opstanding van Jesus Christus en deur die koms van die Gees van God.

Begin van die geboortepyne

Ons sluit hierdie kort artikel af met 'n baie bemoedigende uitspraak van Christus. In Markus 13:8 staan 'n heel besondere uitspraak van Christus. In die 1953-vertaling lui dit soos volg: “Hierdie dinge is 'n begin van die smarte”. Ongelukkig is hierdie vertaling nie akkuraat nie en het dit aanleiding gegee tot baie misverstand. Die 1983-vertaling is hier baie meer noukeurig: “Hierdie dinge is die begin van die geboortepyne van die nuwe tyd”. So gesien, korrespondeer dit presies met wat Paulus in Rom. 8:22 skryf oor die skepping wat sug in “die pyne van verwagting”. Die koms van die koninkryk word voorafgegaan deur groot dinge soos oorloë, opstande, aardbewings en hongersnode, ja, *hierdie dinge is reeds die begin van die geboortepyne van die nuwe tyd*. Al hierdie dinge is tekens daarvan dat God aan die werk is, dat sy koninkryk gebore word en dat die voltooiing van sy werk op hande is. Al hierdie dinge is nie net dinge om van mismoedig te raak nie maar is veral dinge om oor moed te skep en voorwaarts te gaan, die Bruidegom tegemoet.

Slot

Koninkryk en politiek? Ja, hulle is onlosmaaklik aanmekaar verbind. Hulle moet egter nie met mekaar vereenselwig word nie. Aan die koninkryk kom die prioriteit toe. Ook in ons politiek moet ons die koninkryk dien, egter nie volgens wêreldse metodes nie maar in die styl van die koninkryk... in die styl van geregtigheid, vrede en blydschap.

13. MOET DIE KERK HOM MET DIE POLITIEK BEMOEI?*

Nadat die Wes- en Suid-Kaapse Sinode van die N G Kerk aan die einde van verlede jaar (Oktober 1997) besluit het om 'n voorlegging aan die WVK te maak, het Izak de Villiers in 'n kritiese bespreking (*Rapport*, 12-10-1997) die volgende opmerking gemaak: "Laat die Kerk hom nóóit weer met die politiek bemoei nie". En dan voeg hy by dat "denkende lidmate" altyd moet waarsku teen - wat ek noem - gedwonge integrasie net soos hulle teen gedwonge segregasie getuig het. Met hierdie uitspraak val De Villiers terug in die Lutherse twee-ryke leer en (nog meer) in die Kuiperse twee-kerkleer.

Luther

Luther het 'n streng skeiding tussen kerk en staat gemaak en aangevoer dat elk sy eie terrein en sy eie taak het. Hoewel daar tussen die begrippe "staat" en "regering" onderskei moet word, word die begrippe in hierdie artikel dikwels as wissel terme gebruik. Die regering doen regeringswerk en die kerk doen kerkwerk en die twee terreine mag nooit ineen gestrengel of deurmekaar gehaal word nie.

So skerp is hierdie skeiding deurgevoer dat Karl Barth die Lutherane daarvan beskuldig het dat die Tweede Wêreldoorlog onder andere gewyt moet word aan die te groot skeiding tussen kerk en staat in Duitsland. Die Duitse kerk was immers sprakeloos en weerloos teen die opmars van die nasionaal-sosialisme van Adolf Hitler.

Die radikale skeiding van kerk en staat loop maklik daarop uit dat, enersyds, die staat hom weldra met kerksake inmeng en die kerk al hoe meer begin domineer, en andersyds dat die kerk sonder protes en profesie moet toekyk hoedat staats-absolutisme hand oor hand toeneem (soos in Duitsland tydens die Tweede Wêreldoorlog gebeur het). Gevolglik word die kerk 'n speelbal in die hand van die staat. Die kerk wat hom nie (op kerklike wyse) oor die politiek uitspreek nie, gee aan die staat 'n oop mandaat om te doen wat hy wil, om miljoene Jode uit te moor, swart mense te mishandel, en noem maar op.

* *Woord en Daad*, 363/1998:25-26.

Kuyper

Kuyper se standpunt is effens anders, moontlik meer verantwoord, maar die vraag is of dit goed Bybels is. Kuyper ontwikkel 'n dubbele kerkbegrip. Daar is enersyds die kerk-as-instituut, dit wil sê die kerk met sy Woordbediening, nagmaalsviering, en sinodale vergaderings. Andersyds is daar die kerk-as-organisme, dit wil sê die gelowiges wat hulle - buite die kerk-as-instituut om - organiseer in Christelike organisasies soos 'n Christelike skool, 'n Christelike universiteit, Christelike koerantwese en Christelike politieke party. Die kerk-as-instituut het niks met politiek te doen nie, maar wel die kerk-as-organisme, dit wil sê deur middel van die Christelike politieke party. Die konsekwensie is duidelik: indien daar nie 'n kerk-as-organisme bestaan nie, het die politiek 'n oop mandaat sonder enige kritiek van die kant van die kerk.

In hierdie verband kan gewys word op die groot invloed wat die Kuypersse kerkmodel op die GKSA gehad het. Uit hierdie kring het die ACB, later REBSA genoem, ontstaan, met *Woord en Daad* as lyfblad, wat van tyd tot tyd 'n kritiese stem teenoor die politiek en regering van die dag uitgespreek het. Die Kuypersse kerkmodel het dus dié voordeel dat die "kerk" (Christene) hom (hulle) op een of ander wyse met die politiek bemoei.

Die vraag is egter of die Kuypersse kerkmodel Bybels verantwoord is. Ken die Bybel so 'n dubbele kerkbeskouing? Is dit so dat die kerk-as-instituut, byvoorbeeld in sy sinodale gestalte, geen uitspraak oor politieke kwessies mag maak nie? Indien wel, mag dit net prinsipiële uitsprake wees, of mag dit ook konkreet wees? Mag die kerk hom net oor die politiek uitlaat of ook oor partypolitieke sake?

Onvermengd

Die vraag kan gestel word of daar nie tog twee terreine behoort te wees nie - soos Luther geleer het. *Inderdaad is daar twee (en meer) terreine, maar die vraag is hoe hierdie twee terreine met mekaar in verband staan.* Dit is duidelik dat die staat nie predikante beroep en sendelinge uitstuur, laat preek, doop en nagmaal vier en kerkvergaderings hou nie. En die kerk gaan nie 'n polisiemag aanhou, publieke regspraak uitoefen, gevangenisse bou, die posdiens hanteer, paaie maak en die staatsdiens reël nie. Elkeen het sy eie bevoegdheid vir sy eie terrein. Artikel 30 van die Kerkorde van die GKSA sê tereg dat kerklike sake (reg verstaan) op kerklike wyse hanteer moet word.

As dit al is wat in hierdie verband gesê moet word, is egter te min gesê. By die woord *onvermengd* moet die woord *ongeskeie* gevoeg word.

Ongeskeie

Kerk en staat staan ook in 'n bepaalde verhouding tot mekaar, want die staat is nie op aarde en die kerk op Mars nie. Beide is op aarde - en dalk nog op Mars - en die lede van beide oorvleuel mekaar in baie gevalle. Die staat moet ruimte maak dat die kerk sy werk van evangelieverkondiging kan doen (NGB art. 36), hoewel die kerk hom nooit volkome mag verlaat op die voorreg van godsdiensvryheid wat hy van staatsweë mag geniet nie. Die kerk is martelaarskerk en net afhanklik van die genade van God en van sy voorsienige bestel. Aan die ander kant het die kerk (as instituut!) ook 'n roeping teenoor die staat. 'n Kerk wat hom aan die (ook politieke) vrae van die wêreld onttrek, kan nie meer sout vir die aarde en lig vir die wêreld wees nie. *Die kerk oefen sy roeping teenoor die staat egter op 'n kerklike wyse uit en nie op 'n staatlke wyse nie.*

In hierdie verband moet twee sake onderstreep word, naamlik voorbidding en profetiese getuienis.

Die kerk is kragtens sy wese 'n biddende, en voorbiddende, gemeenskap en hy kan nie anders nie as om voortdurend vir die regering te bid - selfs al is dit 'n vyandige regering. Laat hy dit na, tas hy sy eie wese aan.

Maar die kerk het ook 'n profetiese funksie in die samelewing, en wel in tweeërlei opsig. Enersyds wat betref die Sondagse prediking, 'n aspek waarop ook Calvyn klem gelê het. Sondae moet nie "politiek gepreek" word nie, maar "oor die politiek" gepreek word, omdat die lig van die Woord op alle lewensterreine moet val en omdat die koningskap van Christus orals erken moet word. Niks mag hier uitgesluit word nie, nie aborsie en dobbelary nie, maar ook nie diskriminasie en dominasie nie.

Andersyds - en dit is 'n lank vergete aspek wat in artikel 28 van die Kerkorde van die GKSA gereël word - is daar ook so-iets soos 'n (sinodale) profetiese getuienis teenoor die regering. Waarom mag 'n sinode net 'n ekonomies-etiese kwessie soos dobbelary veroordeel, maar nie ook 'n politiek-etiese saak soos apartheid nie? Waarom net sinodale kritiek teen aborsie (die voorgeboortelike lewe) maar nie ook teen diskriminasie nie (die nageboortelike lewe)? Die kerk moet wegbeweeg van 'n selektiewe omgang met sosiaal-etiese vrae; dit bring sy integriteit in gedrang. Die geskiedenis het geleer dat die kerk wat swyg, die kerk is wat praat, want swye is ook 'n vorm van praat en wel so 'n vorm wat aan die politiek en die regering 'n vrypas gee om te doen wat hulle wil.

In hierdie verband mag twee sake nie onvermeld bly nie. Soms word daar gesê dat die kerk hom net met *prinsipiële* politieke sake moet bemoei en nie met *konkrete* sake nie. En ook: die kerk mag hom wel oor die *politiek* uitlaat, maar hy mag hom nie met *partypolitieke* kwessies bemoei nie. Dat die kerk prinsipiële leiding moet gee, is natuurlik waar, maar waarom sou die kerk (in plaaslike en sinodale gestalte) hom nie ook konkreet oor sake soos onregverdige loonstrukture, trekarbeid, of politieke diskriminasie (apartheid) kon uitlaat nie? Dit is waar dat die kerk nie deurlopende kommentaar op die politiek van die dag behoort te lewer nie (dan sou die sinode permanent moet vergader), maar dit is ook waar dat die kerk, wanneer nodig, 'n profetiese woord moet spreek. Verder, as die kerk hom nie oor partypolitieke sake mag uitspreek nie, dan skep ons alweer so 'n neutrale terrein waarop die lig van die Woord nie mag val nie - en dis onhoudbaar.

Slot

Die kerk mag en moet hom oor die volle lewe uitspreek, nie op *politieke* wyse nie, maar wel op *kerklike* wyse. Vrees vir politisering van die kerk mag nie lei tot privatisering van die kerk nie.

Daarom is die uitspraak van De Villiers, hoe goed bedoel ook al, 'n misskoot. Dit verraaï eerder 'n Lutherse en Metodistiese as Calvinistiese benadering. Dit maak van die kerk 'n instituut met 'n boekie-in-die-hoekie-mentaliteit terwyl die kerk die suurdeeg van die samelewing behoort te wees.

14. KOMMENTAAR OP DIE VERSLAG VAN DIE WAARHEIDS- EN VERSOENINGS- KOMMISSIE (1)*

Vanaf sy ontstaan was die Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK) in omstredeheid gehul. Teenstanders het onder andere die volgende kritiekpunte uitgespreek: die Kommissie is eensydig saamgestel; die Kommissie is bevooroordeel en partydig; talle van die getuienisse is ongetoets en voldoen dus nie aan regsnorme nie; waarom al die foute van die verlede weer opgehaal word?, is gevra; uiteindelik: 'n regeringskommissie kan nooit versoening in 'n samelewing bewerk nie.

Hierteenoor het voorstanders op die volgende aspekte gewys: die WVK is beter as niks (want die sondes van die verlede kan nie begrawe word nie maar moet verwerk word); die WVK is ook beter as iets erger, so byvoorbeeld die na-oorlogse Nüremberg-verhoor in Duitsland; die Kommissie kan wel nie wonders verrig nie, maar dit kan 'n nuttige hulpmiddel vir sosiale genesing wees; die Kommissie is uniek in die wêreldgeskiedenis (in vergelyking met Duitsland en Chili) en moet as sodanig 'n kans gegun word.

Met die verskyning van die verslag van die WVK was daar van die kant van opponerende partye skerp kritiek sodat die vraag gestel is of dit nie juis 'n indikasie is dat die verslag toe meer objektief is as wat oorspronklik verwag is nie. (Tydens die skryf van hierdie artikel het die amptelike reaksie van die ANC op die verslag nog nie verskyn nie.)

Ons stel ons ten doel om vervolgens 'n kort oorsig van die verslag te bied en daarna tot 'n voorlopige oordeel te probeer kom.

Oorsig

Boek 1 (508 bl.) is 'n inleidende deel wat gegewens bevat oor onder andere die samestelling, mandaat, beginsels en metode van die WVK. Aan die einde word 'n volledige weergawe van alle apartheidswette gebied.

Boek 2 (710 bl.) handel oor growwe menseregteskendings van die kant van die staat, sowel buitelandse (42-164) as binnelandse (165-324), altesaam 281 bladsye bloedstollende lektuur. Ewe onrusbarend is die weergawe van menseregte-

* Voorberei (22 Maart 1999) vir publikasie in *Die Kerkblad*.

skendings van die bevrydingsbewegings (235-399) maar nou in 74 bladsye weergegee. Voorts is aandag bestee aan die tuislande 1960-1990, die dood van president Samora Machel, die Helderberg-vliegcramp, chemiese en biologiese oorlogvoering, die geheime staatsfonds, geheime begrafnis, die Mandela Voetbalklub en politieke geweld tydens die onderhandelingsfase 1990-1994.

Boek 3 (745 bl.) behandel growwe skendings van menseregte soos wat dit streeksgewys voorgekom het in die Oos-Kaap, Natal en KwaZulu, die Oranje Vrystaat, die Wes-kaap en Transvaal.

Boek 4 (316 bl.) bevat informasie oor spesiale voorleggings uit verskillende sektore van die samelewing: besigheid en arbeid, die geloofsgemeenskap, die regsgemeenskap, die gesondheidsdienste, die media, die gevangenisdiens, militêre diens, kinders en jeug asook vrouens. Hoewel die skerpste kritiek teen die NGK vir sy ondersteuning van apartheid uitgespreek word, word spesifiek daarna verwys dat van die Afrikaanse Kerke slegs die NGK 'n voorlegging gemaak het, hoewel vier individue uit die GKSA 'n voorlegging deurgestuur het (60) en twee van hulle in persoonlike hoedanigheid voor die WVK verskyn het (83). Ook oor die Kapelaansdienste word skerp kritiek uitgespreek. Die bevinding is dat alle godsdienste in Suid-Afrika gefaal het om apartheid sinvol teen te staan. Die oordeel oor die Christelike geloof is die skerpste: "Christianity, as the dominant religion in South Africa, promoted the ideology of apartheid in a range of different ways" (91).

Boek 5 (460 bl.) gee aandag aan onder andere die volgende sake: analise van growwe skendings van menseregte; slagoffers van growwe skendings van menseregte, tussentydse rapport van die Amnestie Komitee; konsekwensies van growwe skendings van menseregte; 'n politiek van reparasie en rehabilitasie; bevindings en konklusies; oorsake, motiewe en perspektiewe van die oortreders; aanbevelings; (voorbeelde van) versoening.

Dit is duidelik dat die Kommissie eintlik 'n bomenslike taak binne 'n bepaalde tydskuur met beperkte personeel moes afhandel. Dit is duidelik dat versteekte vooroordele en teologiese voorveronderstellings plek-plek in die verslag duidelik sigbaar word. Die verslag sal egter nog in meer diepte bestudeer moet word om tot 'n behoorlike taksering daarvan te kom. En die tyd sal leer hoe waardevol of waardeloos die bevindings en aanbevelings was.

Kommentaar

Wat hier volg is persoonlike en voorlopige kommentaar, en eintlik meer gerig op die proses as op die verslag self. Die bedoeling is nie dat almal daarmee moet

saamstem nie, maar dat dit sal dien as uitnodiging om verder oor die onderwerp saam te dink.

Eerstens sien ek die werk van die WVK as 'n *proses van onthulling*. Die lelike - soms selfs bloedstollende - dinge van die verlede is uitgestal om bekyk en beoordeel te word. Die sondes van die vaders (en die kinders) kan gesien en betreur word. Dit kan alles gelees word, swart op wit. Die stryd vir en teen apartheid is in al sy grusaamheid uitgespel.

Die vraag kan met reg gestel word: was dit alles nodig? Kan die sondes van die verlede nie maar net vergewe en vergeet word nie? Skep die hele proses nie 'n skuldpsigose nie?

Ons kan die antwoord op hierdie vrae makliker maak deur te vra of die Afrikaners vandag nie meer vrede in hul harte sou gehad het indien die Engelse na die Tweede Anglo-Boereoorlog meer nederig en berouvol oor die talle skendings van menseregte sou opgetree het nie?

In Bybelse perspektief benader moet gesê word dat sondes (en dit sluit politieke sondes in) nie eenvoudig weggedink of weggeredeneer kan word nie. Sowel in die Ou as Nuwe Testament gaan dit telkens daarom dat sonde erken en bely en daarna nagelaat moet word - in elk geval deur gelowiges. Hierdie stelling is ewe waar vir die huwelik, die familie en die politiek.

Tweedens sien ek die werk van die WVK as 'n *proses van versoening*. Versoening is natuurlik 'n gelade woord wat dikwels in die Bybel voorkom en in die nouste verband staan met die werk wat Christus gedoen het. In kern beteken dit dat vyandskap opgehef en vrede bewerk word. Die mens kry vrede met God deur die werk van Jesus Christus. Hierdie tipe vrede kan die WVK natuurlik nooit bewerkstellig nie. Seker was dit ook nie die bedoeling nie. Die vrede en versoening met God vind egter neerslag onder mense en word veral in die kerk gesien waar mense as versoendes saamleef. Ook dit kon die WVK nie bereik nie. Wat wel bereik sou kon word is 'n houding van en gewilligheid tot sosiale vrede in die samelewing waar vyandigheid tussen mense aangespreek is. In Boek 5 van die verslag van die WVK is daar konkrete voorbeelde hiervan. In watter mate die totale samelewing deur die versoeningspoging geraak is en hoe wyd die versoeningsgesindheid strek, sal alleen die toekoms ons kan leer.

In hierdie verband rus daar egter 'n besondere verantwoordelikheid op die *kerk van Christus*. Die versoeningsboodskap, met al sy dimensies, is immers in die eerste plek aan die kerk opgedra. Die kerk is by uitstek die *gestuurde (kommissie)* om die boodskap van versoening in die wêreld te verkondig nie alleen nie, maar dit ook veral voor te leef. Veral aan die Nagmaalstafel sien ons hoedat (voormalige) vyandige mense in vrede saamkom en saam deelneem aan die maaltyd van

versoening. Die WVK sal lankal vergete wees, dan moet die kerk nog steeds die boodskap van versoening voorleef. Veral die Afrikaanse kerke sit egter met die probleem van geloofwaardigheid waaraan hulle baie ernstige aandag sal moet gee. Eintlik is daar in hierdie verband net een geloofwaardige oplossing en dit is 'n openbare skuldbelydenis oor hulle betrokkenheid by apartheid. 'n Ander aspek wat die kerke ernstig sal moet oorweeg is: kan die kerk die boodskap van versoening met geloofwaardigheid verkondig indien daar in sy eie boesem nog soveel onversoendheid, verdeeldheid en vyandigheid skuil?

Derdens sien ek die werk van die WVK as 'n *proses van voorkoming*. Die uitdrukking "nooit weer nie" word vandag algemeen in verband met die toekoms van Suid-Afrika gebruik. "Nooit weer" mag die sondes van die verlede herhaal word nie, word gesê. "Nooit" is natuurlik 'n groot woord en baie mense het geleer om die woord "nooit" nooit weer te gebruik nie. Die les van die geskiedenis is immers dat die lesse van die geskiedenis nie geleer word nie! Tog is die bedoeling van die aangehaalde gesegde dat uit die geskiedenis geleer sal word sodat die foute van die verlede nie weer herhaal sal word nie. Nooit weer mag daar teen mense op grond van ras of kleur onregmatig gediskrimineer word nie. Nooit weer mag mense gewetenloos afgemaai word nie. Die mens, elke mens, is na die beeld van God geskape en moet as sodanig bejêen en behandel word. Daar rus 'n swaar verantwoordelikheid op ons nuwe regering (en trouens elke burger) om hierdie waarheid gestand te doen.

Samevatting

Daar hoef geen twyfel daaroor te bestaan dat die WVK 'n baie gebroke instrument was en dat in die proses nie ook baie foute begaan is nie. Tog meen ek dat dit beter was as niks en ook beter as iets ergers. Die Here het in sy wysheid al met baie krom stokke reguit slae geslaan. Sonder sy seën is alles tevergeefs; met sy seën kan alles ten goede meewerk - ook die werk van die WVK.

Bowendien: die kerk se versoeningstaak eindig nooit nie. Dit beteken ook: my versoeningstaak ken geen einde nie.

15. GEDAGTES OOR DIE VERSLAG VAN DIE WAARHEIDS- EN VERSOENINGS- KOMMISSIE (2)*

Inleiding

Daar is baie gepraat en geskryf oor die benoeming en verslag van die WVK - daarvoor en daarteen. *Daarteen* is aangevoer dat die Kommissie eensydig saamgestel is; dat die Kommissie bevooroordeel en partydig is; dat talle getuienisse ongetoets is; dat dit onnodig is om al die foute van die verlede op te haal en uiteindelik dat 'n regeringskommissie tog nooit ware versoening kan bewerkstellig nie. *Daarvoor* is aangevoer dat die sondes van die verlede nie begrawe nie maar verwerk behoort te word; dat dit beter is om 'n WVK te hê as Neuremberg-verhoor; dat die Kommissie wel nie volkome versoening kan bewerk nie maar tog 'n nuttige hulpmiddel vir sosiale genesing kan wees.

Dit is nie ons bedoeling om in hierdie artikel die volledige vyfdelige rapport van die WVK te bespreek nie, selfs ook nie om 'n weergawe van die inhoud van die vyf dele te gee nie. Ons wil graag toespits op wat in Deel 4 hoofstuk 3 gesê word oor die betrokkenheid van die geloofsgemeenskappe by gebeure in Suid-Afrika die afgelope dekades. Ook hier is dit onmoontlik om die 33 bladsye (59-92) in alle besonderhede te bespreek. Ons volstaan met 'n kort weergawe van die inhoud en gee vervolgens aandag aan die vraag hoe daarop reageer kan (behoort te) word.

Verslag

Hoofstuk 3 bestaan uit 7 hoofdele. Na (1) enkele *inleidende opmerkings* word (2) kortliks sewe *geloofsgemeenskappe* in Suid-Afrika bekendgestel en toegelig. Hierna word gekyk na (3) die *geloofsgemeenskappe as agente van onderdrukking*. Twee onderafdelings kom hier ter sprake, naamlik dade met 'n opdrag en dade van nalatigheid. Ten opsigte van die dade met 'n opdrag word gekyk na die volgende: aktiewe ondersteuning van die staatspolitiek; betrokkenheid by staatstrukture; onderdrukking van andersdenkendes; internalisering van rassisme; propagering van die staatsteologie en die (politieke) rol van dienspligkapelane. Onder die dade van nalatigheid word gekyk na ontduiking van verantwoordelikheid; gebrek aan moed; mislukking om besluite in dade te omskep en die mislukking om ondersteuning te verleen aan anti-apartheid aktiviste.

* Voorberei (22 Maart 1999) vir publikasie in *Die Kerkblad*

Die volgende hoofdeel ontleed (4) *geloofsgemeenskappe as slagoffers van onderdrukking*, waarby verwys word na: direkte aanvalle van die staat op lede en organisasies; sluiting van geboue, skole en inrigtings; onderdrukking en misbruik van godsdienstige waardes en wette; manipulasie deur staatspropaganda; viktimisasie deur ander geloofsgemeenskappe en 'n verwysing na die min vroulike voorleggings. Hoofdeel (5) wys op die *geloofsgemeenskappe as opponente van onderdrukking*. Hieronder word die volgende hanteer: alternatiewe instellings; petisies, briewe en private appelle; offisiële verklarings en besluite (waar onder andere verwys word na die *Koinonia Verklaring* van 1977 komende van persone "from the smaller Afrikaans-speaking Gereformeerde Kerke"); onttrekking van staatstrukture; burgerlike ongehoorsaamheid en passiewe verset; solidariteit met bevrydingsbewegings; die kwessie van sanksies en 'n stem vir die stemloses.

In deel (6) word kortliks aandag gegee aan *geloofsgemeenskappe en die oorgang in Suid-Afrika* en die hoofstuk sluit af (7) met 'n aantal **bevindings**. Die eerste bevinding is nie baie bemoedigend nie :

Christianity, as the dominant religion in South Africa, promoted the ideology of apartheid in a range of different ways.

Reaksie

Die vraag ontstaan hoe daar oor die ondersoek en bevindings van die WVK geoordeel moet word, mede in die lig daarvan dat alle gegewens nie aan 'n volledige verifikasie onderwerp is nie; ook dat die verslag vanuit bepaalde – dikwels Afrikaner-vyandige – voorveronderstellings geskryf is. Tog sal niemand kan ontken nie dat daarin geslaag is om 'n baie duidelike *tendens* aan te toon, naamlik van sosiale onreg en dat geloofsgemeenskappe in 'n mindere of meerdere mate daarby betrokke was en daaraan ondersteuning verleen het.

Myns insiens kan daar op ten minste vyf maniere op die bevindings van die verslag gereageer word:

Die *eerste* is dat gesê kan word: *Ek is onskuldig ..., ek het nie gesondig nie* (vgl Jer 2:35). Daar is blankes en Afrikaners wat meen dat hulle nie vir 'n beleid van sosiale onreg gestem het wat moes uitloop op die wandade wat nou aan die lig gekom het nie. Wat hulle wel ondersteun het, is 'n beleid van nasionale onafhanklikheid en selfbeskikking wat sonder intimidasie, moorde en sluipmorde bereik moes word. Die belangrike vraag wat hier beantwoord moet word is: was daar in hierdie benadering voldoende sin vir wat haalbaar is in die Suid-Afrikaanse werklikheid en 'n ope oog vir die onthullings wat van tyd tot tyd aan die lig gekom het ?

‘n Tweede moontlikheid is om te sê: *Ons het onbewus en onopsetlik gesondig* (vgl Lev. 4:13,27;5:15; Num. 15:22; Ps. 19:13, 90:8; Eseg. 45:20). Jammer, ons het nie geweet nie ! Ons het in goeie trou ‘n beleid van afsonderlikheid ondersteun en was nie van al die uitwasse, ongeregtheid en onmenslikheid bewus nie. Dus kan ons nie daarvoor verantwoordelikheid aanvaar nie. So word geredeneer. Natuurlik moet dit toegegee word dat die beleidmaker en die moodenaar groter skuld dra as die ondersteuner en stemmer, maar kan die onwetende ooit onskuldig pleit ? Was die onthullings nie genoegsaam om die onskuld weg te neem nie ?

Die derde moontlikheid is: *Ons het gesondig maar ons het niks daaraan gedoen nie*. Ons was bewus van baie verkeerde dinge wat plaasgevind het, maar ons was te bang, te versigtig, te diplomaties om enigszins ‘n waardige protes te laat hoor. Die staatsmasjienerie was net te oppermagtig om te opponeer. Daarby moes rekening gehou word met die gevare van Kommunisme en die chaos van ‘n rewolusie. Die vraag is egter: was dit nie dalk voordelig om niks te doen nie en so van die sosiale bevoorregting te geniet ? En hoe gemaak met die Woord wat sê ? : “As iemand weet wat die regte ding is om te doen en hy doen dit nie, is dit sonde” (Jak 4:17).

Die vierde moontlikheid is : *Ons vaders het gesondig ... , maar ons (kinders) word gestraf vir hulle sondes* (vgl Klaagl. 5:7; Eseg. 18:2). Die argument is dat dit onbillik is om alle Afrikaners skuldig te hou vir ‘n beleid wat hulle voorvaders beplan en toegepas het. Dis verkeerd om mense skuldig te hou vir wandade van byvoorbeeld die (veiligheids-)polisie. Die vraag wat hier beantwoord moet word, is of die kinders werklik kan sê dat hulle ouers groen druiwe geëet het en dat die kinders se tande stomp geword het ? Is enigiemand hier skotvry ?

Die vyfde moontlikheid is: *Ons almal het gesondig* (vgl Rom. 3:23; 1 Kon. 8:46; 2 Kron. 6:36; 1Joh. 1:10). Hier word die volgende standpunt ingeneem: bewus of onbewus, opsetlik of onopsetlik, hoe ook al, is ek, ja ons almal, verantwoordelik vir en staan ons skuldig oor wat in die verlede in ons land gebeur het. Op een of ander wyse is alle landsburgers kollektief betrokke by die sondes van die verlede.

Slot

Elke Christen moet sy gewete ondersoek hoe hy oor die verlede oordeel en watter houding hy daarteenoor gaan inneem. Persoonlik is ek van mening dat slegs ‘n houding van verootmoediging voor en skuldbelydenis teenoor die Here en die naaste verantwoord kan word. Waar daar skuldbelydenis is, kom daar (uit genade) vergifnis en versoening en gaan die toekoms oop. En word geloofwaardigheid herwin.

Wie sy sonde wegsteek, moet niks goeds te wagte wees nie; wie sy sonde bely en daarvan afsien, sal genade ontvang (Spr. 28:13).

16. GODSDIENS EN MISDAAD*

Wanneer oor die boeiende tema van "godsdien en misdaad" besin word, en in hierdie artikel word dit vanuit die perspektief van die Christelike godsdien gedoen, dan moet aan ten minste die volgende aspekte aandag gegee word: wat is die oorsake van misdaad, wat is die uitwerking daarvan en watter oplossings kan daarvoor aangebied word? Uiteraard kan in 'n kort artikel soos hierdie slegs aan hoofsaaklik aandag bestee word.

Die oorsake van misdaad

Ten einde 'n antwoord te vind op die vraag na misdaad in 'n land wat al hoe meer as misdaadparadys beskryf word, moet eerstens gesoek word na die moontlike oorsake daarvan. Die wortel van die kwaad moet aangespreek word. Al die oorsake wat hier genoem word, dra natuurlik nie dieselfde gewig nie, maar saam geneem, vorm dit 'n indrukwekkende lys waaronder enige samelewing kan beswyk.

- Vir baie mense het misdaad klaarblyklik 'n *manier van lewe* geword. Dit word gesien as 'n alternatief vir werk, 'n betalende bestaansopsie. Dit wil voorkom of misdaad betalend is. Hierdie lewenshouding hang ten nouste saam met 'n subkultuur van wetteloosheid wat in die land vaardig geword het.
- In die Suid-Afrikaanse konteks word misdaad soms geregtig teen die agtergrond van die onregverdigdhede van die *ou apartheidsisteem*. 'n Persepsie word ontwikkel dat die bevoorregtes deur middel van die sisteem van apartheid die land van die armes gesteel het en dat die armes daarom nou die reg het om van die rykes terug te steel. Voeg hierby die teleurgestelde verwagtings by 'n groot deel van die bevolking en die nog onvervulde beloftes van die regering en die versoeking om reg in eie hande te neem is wawyd oop.
- Die besonder hoë *werkloosheidsyfer* in Suid-Afrika moet ongetwyfeld ook 'n bydraende faktor wees. As mense nie werk het om te doen nie, en daarom nie kos om te eet nie, so lui die argument, dan moet hulle tog kan steel om te oorleef. Armoede skep misdaad. Voeg hierby die verstedelikingsproses met

* *Woord en Daad*, 366/1998:2-4. Samevatting van voordrag te Mmabatho tydens misdaad-konferensie op 15 Mei 1998.

al die sosiale vraagstukke wat dit veroorsaak het. Op die platteland kan mense makliker oorleef.

- Of ons dit nou wil aanvaar of nie, 'n persepsie het ontwikkel dat die *polisiediens* ondoeltreffend, gedemoraliseer en gedemotiveer is. Polisiëring word laag waardeer. Baie mense het totaal vertroue in die polisie-sisteem verloor. Ons leef tans in 'n minder geregleerde samelewing en as die polisiediens faal, sal misdaad noodwendig floreer.
- Misdaad mag voorts ook uitgelok word vanweë 'n ontoereikende *regsisteem*. 'n Misdadiger wat weet dat hy nie net moeilik gevang gaan word nie, maar ook sorgeloos deur die (oorvol) howe verhoor en gevonnissen gaan word, en dat daarby ook die moontlikheid van ontsnapping groot is, sal nie baie probleme hê om misdaad as 'n lewenswyse te kies nie. Vandaar die sterk pleidooie tot herinstelling van die doodstraf.
- 'n Nuwe verskynsel wat tans al hoe groter afmetings aanneem, is *misdaad-sindikate*, wat veral vanuit die buiteland opereer. Die omvang van die misdade van hierdie sindikate is onrusbarend hoog.
- Hierby kan ook gedink word aan die groot invloed wat die *misbruik van dwelms* (ook die misbruik van alkohol) op misdadigers het. Mense wat nie hulle eie lewe kan beheer nie, sal ook nie verantwoordelikheid vir die lewe en besittings van ander mense aanvaar nie.
- Misdaad word ook veroorsaak deur mense met 'n onbeheerste *seksdrang*. Verkragting en pedofilie is aan die orde van die dag. Voeg hierby die negatiewe invloed wat die media (pornografie) hierop kan uitoefen.
- Tot dusver is veral op die sogenaamde harde misdaad gefokus, maar vermelding verdien ook die meer verbloemde misdaad soos korrupsie, omkoperij, bedrog, belastingontduiking, weiering om vir krag en water te betaal. *Geldgierigheid* bly nog altyd 'n wortel van die kwaad.
- In die Christelike godsdiens word na nog 'n dieper oorsaak gesoek, naamlik in die hart van die mens, in sy oriëntasie, sy lewenshouding, sy gewete. Die mens wat geen respek het vir God nie, sal ook geen respek hê vir ander mense as skepsels van God wat na die beeld van God geskape is nie.

Die effek van misdaad

Dit is onweerlegbaar dat misdaad 'n vernietigende effek op mens en samelewing uitoefen.

- *Misdaad ontmenslik mense*

Misdaad gaan dikwels gepaard met geweld en moord met gevolglike traumatiese ervarings vir die betrokkenes, familie en samelewing.

Meer nog, misdaad ontmenslik ook die krimineel, want die mens is nie bedoel om onmenslik en teenmenslik te handel en te leef nie.

- *Misdaad destabiliseer die samelewing*

Misdaad skep 'n samelewing van vrees en haat. Daarby polariseer dit 'n samelewing, veral in die geval van swart op wit en wit op swart misdaad. Misdaad veroorsaak onrus en stimuleer emigrasie, terwyl 'n land soos Suid-Afrika nie kan bekostig om kundigheid te verloor nie. Ons almal weet watter skokeffek deur die land gegaan het toe die ses maande oue Angelina Zwane deur 'n blanke man naby Benoni doodgeskiet is. Aan die ander kant moet gesê word dat die moorde op blanke boere - waarvan sommige polities gemotiveer is - die spanning in die land verhoog en die potensiaal inhou om die hele land in chaos te dompel. As ons by 'n punt moet uitkom waar burgers die reg in eie hande neem, het 'n ons reeds 'n desperate situasie bereik.

- *Misdaad weerspreek die wet van God*

In die Christelike tradisie word misdaad gesien as 'n oortreding van die wet van God. God verwag van mense om die menslike lewe en die mens se eiendom te respekteer en om mekaar lief te hê - selfs die vyand. God verwerp misdaad.

Die remedie vir misdaad

- **Totale betrokkenheid**

Dit is duidelik dat die remedie vir misdaad op persoonlike sowel as op strukturele vlak gesoek moet word. 'n Ieder en 'n elk moet betrokke wees by die stryd teen misdaad - elke landsburger, die polisiediens, die plaaslike regering, die provinsiale regering, die nasionale regering, die kerk, godsdiens.

Die stryd teen misdaad benodig:

- die betrokkenheid van elke landsburger (om misdaad teen te staan en om misdadigers aan te meld);
- 'n doeltreffende en versterkte polisie diens (om misdadigers te arresteer, aan te kla en aan te hou);
- die bydrae van die ekonomiese sektor (om meer werkseleenthede te skep en om armoede te beveg);
- die dringende aandag van die Departement van Justisie (ten einde die regstelsel te versterk en uit te bou);
- die voortdurende aandag van die nasionale regering (ten einde te sorg vir 'n doelmatige polisie diens, vir 'n goed funksionerende regstelsel en om die land so te regeer dat dit wet en orde, geregtigheid en vrede, welsyn en voorspoed verseker).

In uiterste gevalle sou die regering natuurlik 'n noodtoestand kon afkondig, hoewel vooraf na ander middels en metodes gekyk moet word. Een so 'n middel teen misdaad is om van *padblokkades* gebruik te maak. Laasgenoemde is gewoonlik baie irriterend, maar dit bly steeds een van die doeltreffendste metodes om 'n land te suiwer van byvoorbeeld onwettige wapens.

• *Die rol van godsdiens*

'n Samelewing kan misdaad nie doeltreffend bekamp nie sonder die besondere bydrae van (die Christelike) godsdiens, 'n aspek waarop ek graag dieper wil ingaan.

Eerstens: godsdiens verkondig 'n verandering van hart.

Toe ons gehandel het oor die oorsake van misdaad, het ons daarna verwys dat die probleem grotendeels in die hart van die mens gesetel is. Die mens het sy oriëntasie verloor, sy kop is deurmekaar, sy hart vind die verkeerde lekkerder as die goeie. Die mens benodig 'n mentaliteitsverandering. Indien ons nie daarin slaag om die binne-oriëntasie van mense te verander nie, ook die van die krimineel, sal ons die stryd teen misdaad verloor. Die verandering van hart, is die hart van verandering. Indien mense oortuig kan word dat misdaad grondig verkeerd is, sal hulle begin om dit nie meer te doen nie.

In hierdie opsig lewer die Christelike evangelie 'n boodskap van hoop: elkeen wat Christus aanneem en agter Hom aan leef, begin om 'n nuwe lewe te voer. Ons weet dat daar belangrike figure op aarde geleef het - Moses en Dawid, Mohammed en Buddha, Gandhi en Marx. Christene hou vol dat daar niemand belangriker was as Jesus Christus nie. In Hom het God na ons mense gekom, het Hy ons sondes vergewe en ons met Hom en met mekaar versoen. Christus het ons geleer om God bo alles lief te hê en ons naaste soos onself. Christus het self die bewys gelewer van wat ware liefde is deur sy lewe vir ons te gee. Hy het net gedoen wat goed en reg was, altyd die waarheid gepraat, altyd die kwade teengestaan. Om Christus na te volg, is om misdaad te bestry. Christus is die antwoord teen misdaad.

Christene in Suid-Afrika staan egter voor die beskamende vraag hoe dit moontlik kan wees dat 'n land met 'n Christelike bevolking van 77% so 'n hoë misdaadsyfer kan hê.

Tweedens: godsdiens voorsien 'n nuwe lewenstyl.

As 'n persoon eenmaal van oriëntasie verander het, begin 'n nuwe lewenstyl oorneem, 'n sisteem met nuwe waardes en norme waarin daar geen plek is vir diefstal, kaping, ontvoering, verkragting, mishandeling en moord nie. Die Christelike evangelie leer mense om mekaar lief te hê, om mekaar by te staan, om verantwoordelikheid te aanvaar, om hard te werk, om eerlik te wees, om die waarheid te praat, in kort, om 'n vrye, regverdige en verantwoordelike samelewing op te bou. 'n Samelewing sonder hoë morele waardes en norme is 'n samelewing sonder daeraad. Afname in publieke morele waardes loop uit op die verval van 'n samelewing. Dit is die taak van geestelike leiers om mense sodanig toe te rus dat hulle verantwoordelike landsburgers met hoë morele waardes kan wees.

Derdens: godsdiens verskaf 'n nuwe visie op die lewe.

Die uiteindelijke visie op die lewe wat die Christelike godsdiens voorhou is die koninkryk van God, die verwagting van 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde waar geregtigheid heers. Hierdie komende koninkryk is nie maar iets ver weg nie, maar is reeds op aarde teenwoordig; trouens, dit beïnvloed ons daaglikse bestaan en samelewings. Dit is 'n koninkryk van regverdigheid, vrede en vreugde wat God aan ons gee.

Die koms van die koninkryk van God kan vergelyk word met 'n naderende donderstorm. Alhoewel die storm 'n paar kilometers weg mag wees, het dit reeds 'n invloed op die plek waar ons ons op daardie oomblik bevind. Die lugtemperatuur begin afkoel, die wind begin waai, blare begin rondfladder - en ons

begin beseft dis tyd om die deure en vensters toe te maak. Die storm is aan't kom. Ons verwag dit, ons wag dit in. So is die koms van die koninkryk: dit beïnvloed ons lewens, ons bestaan, ons omstandighede. Ons moet dit verwag, ons moet daarvoor voorberei, ons moet daarvoor gereed maak, want die koninkryk bring met hom saam die seën wat God gee.

Bogenoemde is die groot visie wat Christene verkondig en waarvoor hulle leef. Dit is die rigting waarin hulle leef en die bestemming wat hulle verwag en waarvoor hulle werk. Christene hoop dat die Suid-Afrikaanse samelewing ook hierdie visie sal ontwikkel en in hierdie rigting sal begin leef, om naamlik 'n samelewing op te bou wat rus op die pilare van regverdigheid, ordelikheid, vryheid en vrede. Want 'n samelewing sonder 'n visie is soos 'n skip sonder roer.

Samevatting

Misdaad kan bekamp word indien almal saam besluit om dit te beveg. Omdat misdaad egter 'n onderdeel is van 'n groter sosiale vraagstuk, benodig die bekamping daarvan 'n omvattende aanpak. Hierdie taak moet in die geloof en met die nodige kundigheid, dringendheid en omvattendheid aangepak word sodat ons 'n samelewing kan probeer skep waarin die swaarde in ploegskare verander is en die spiese in snoeiskêre.

17. DIE STANDPUNT VAN DIE REFORMASIE OOR DIE REG VAN VERSET*

Om oor die reg van verset te skryf soos die Reformasie dit gesien het, is 'n baie wye onderwerp wat moeilik in een artikel gedek kan word. Vir ons doel, en gesien die Calvinistiese tradisie waarin ons staan, beperk ons ons tot die siening van Calvyn oor die reg tot verset. Ter wille van aktualiteit word die standpunt van Calvyn plek-plek met dié van Marx gekontrasteer. Verder is dit belangrik om ook kortliks aandag te gee aan die wye invloed wat die standpunt van Calvyn uitgeoefen het.

Daar was onder Gereformeerdes nooit twyfel oor die prinsipiële reg tot verset teen 'n owerheid nie – natuurlik onder bepaalde voorwaardes. Wanneer daar verskil van standpunt opgeduik het, het dit gegaan oor 'n beoordeling van die konkrete situasie. “Nee, nie nou nie, maar wel later.” Of: “Ja, juis nou, die tyd is daarvoor ryp.”

'n Ander vraag is natuurlik of daar genoegsame Bybelse begroning vir die reg tot (ge-welddadige) verset bestaan. Gereformeerde Christene is “mense van die Boek”, maar watter Skrifgegewens kan aangevoer word om byvoorbeeld 'n rebellie te ondersteun?

Calvyn

Wanneer na die standpunt van Calvyn oor verset gekyk word, moet in gedagte gehou word dat namate omstandighede vir die Protestantse Christene verander en versleg het, Calvyn sy versigtige standpunt van die *Institusie* in sy preke, kommentare en briewe verskerp het. Calvyn gaan uit van die Bybelse beginsel dat onderdane die owerheid moet gehoorsaam. Gevolglik voer hy aan dat onderdane selfs 'n tiran, ja, 'n “allerslegste tiran”, moet gehoorsaam.

Tog is daar iewers 'n grens aan hierdie gehoorsaamheid, aangesien slegs aan God absolute gehoorsaamheid verskuldig is. Om die owerheid grensloos te gehoorsaam, sou daarop neerkom dat van die owerheid 'n god gemaak word en sodoende sou die eerste gebod oortree word. Soms is protes en selfs verset, ja, ook gewelddadige verset, teen die owerheid geoorloof. Was Daniël en sy vriende asook Petrus dan nie ook aan die owerhede ongehoorsaam nie? Aldus Calvyn.

* *Die Kerkblad*, 15 April 1998:16-17.

Voorwaardes

Daar is egter 'n baie groot verskil tussen die voorwaardes van verset soos dit deur Calvyn ontwikkel is en die voorwaardes vir 'n revolusie soos dit in die Marxisme uitgebou is.

Ten eerste het Calvyn geoordeel dat sodanige verset as allerlaaste middel oorweeg mag word nadat alle ander vreedsame middels gefaal het. (In die Marxisme word 'n revolusie gewoonlik as vertrekpunt aanvaar.)

Ten tweede moet sodanige verset slegs deur verkose volksmagistrate onderneem word en mag dit nie oorgelaat word aan onderleiers, individue of die massa nie (soos in die Marxisme die geval is.)

Ten derde mag dit net onderneem word in 'n geval waar godsdiensvryheid, en moontlik ook volksvryheid, aangetas is. (Die Marxisme gaan uit van 'n voortdurende revolusie ten einde die proletariaat te bevry en selfs godsdiens te vernietig.)

Ten vierde moet soveel moontlik menslikheid tydens die verset betrag word sodat die gevolge nie erger is as die middel wat aangewend word nie. (In die Marxisme is enige middel en enige metode geoorloof solank dit die revolusie bevorder.)

Vrae

Die standpunt van Calvyn is natuurlik nie sonder vrae nie. So kan byvoorbeeld gevra word of die Skrifgegewens wat Calvyn gebruik het inderdaad ondersteuning verleen aan *gewelddadige* verset en of dit nie eerder betrekking het op *passiewe* verset nie (Daniël, Petrus). Die indringende vraag moet gestel word of daar hoegenaamd enige Ou- of Nuwe-Testamentiese gegewens is wat 'n gewelddadige verset ondersteun.

Verder, indien selfs gewelddadige verset teen 'n owerheid geoorloof is wanneer godsdiensvryheid aangetas is, is die vraag akuit of so 'n benadering nie maklik aanleiding kan gee tot godsdiensoorloë nie. Wat word van die beginsel om vir die evangelie te ly en selfs (as martelaar) te sterf?

Calvinistiese tradisie

Die kerkgeskiedenis leer ons dat die standpunt van Calvyn wye ingang gevind het in die gereformeerde tradisie. So het ook die GKSA die standpunt van Calvyn

oorgeneem. Sinode 1916 het byvoorbeeld oor die vraag na die regmatigheid van 'n rebellie gehandel – nadat daar inderdaad in 1914 'n rebellie in Suid-Afrika uitbreek het, maar onderdruk is. Die Sinode is van oordeel dat onderwerping aan die owerheid 'n Christelike plig is, maar wanneer die wet van God en volksvryhede geskend word, moet die burgers God meer gehoorsaam wees. Aktiewe verset moet egter deur erkende volkshoofde plaasvind. As die Nagmaalsformulier hom uitspreek teen almal wat tweedrag in wêreldlike regerings aanrig en wat owerhede ongehoorsaam is, dan sien dit op die onwettige versteuring van die gevestigde orde.

In die sewentiger- en tagtigerjare het gereformeerde kerke in Suid-Afrika oorwegend negatief geoordeel oor die aktiewe verset van die sogenaamde bevrydingsbewegings. Tans, in 'n ander politieke konteks, word deur sommige wat vroeër 'n passiewe houding oor verset ingeneem het, 'n meer aggressiewe houding ingeneem. Verandering van regering veroorsaak dikwels 'n verandering van standpunt by onderdane. Dit onderstreep die feit hoe belangrik dit is dat ons in ons besinning oor verset ons vry sal hou van 'n opportunistiese benadering tot die vraagstuk.

Kontekstualiteit

Ons het in die begin genoem dat Calvin se standpunt verander – en verskerp – het toe die omstandighede van Protestante verander en versleg het. So 'n benadering – veral wanneer dit te ver deurgevoer word – hou natuurlik die gevaar in dat omstandighede beginsels bepaal. Aan die ander kant is dit belangrik dat omstandighede/konteks in 'n besluitnemingsproses verreken word. Mens kan jou beginsels opoffer aan die omstandighede/konteks, en dit sou verkeerd wees, maar jy kan ook jou beginsels op verkeerde omstandighede toepas, en dit sou rampspoedig wees. Juis daarom is daar altyd verskil van opinie gewees oor *wanneer* aktiewe verset geregverdig sou wees. So het Sinode 1916 ook nie die vraag beantwoord of die Rebellie van 1914 geregverdig was nie, maar volstaan met die uitspraak dat 'n rebellie geregverdig kan wees.

Vreedsame verset

Wat uit die Skrifgewens wel duidelik afgelei kan word, is dat vreedsame protes en selfs vreedsame verset met die evangelie van Jesus Christus gerym kan word. Christene mag hulle organiseer en mobiliseer om teen 'n owerheid te getuig wanneer fundamentele regte (van vryheid en geregtigheid) wat hulle van Godswêë toekom, aangetas en geskend word. Calvin het ons geleer dat gehoorsaamheid aan die owerheid nooit in blinde gehoorsaamheid mag ontaard nie. Dis

ongeeoorloof vir 'n Christen om 'n houding in te neem van “My country, right of wrong”. Aan God kom die hoogste gehoorsaamheid toe en die owerheid mag in sy optrede nooit die lewende God verdring of verplaas nie.

Vir die koninkryk van God hoef daar nie met menslike wapens geveg te word nie (Joh. 18:36; 2 Kor. 10:4). In die kruis en opstanding van Christus is die oorwinning gewaarborg.

18. OPSIES VIR OORLOG*

1. Inleiding

In hierdie kort artikel word 'n opsomming gegee van die vyf opsies vir oorlog. Die opvallende is dat hierdie vyf standpunte nagenoeg onveranderd binne sowel as buite die Christendom aangetref word. Slegs gedurende die heel vroegste periode van die Christendom was daar onder Christene 'n min of meer eenstemmige standpunt, naamlik pasifisme, hoewel daar toe ook reeds uitsonderings voorgekom het. Sommige van die standpunte kan natuurlik met mekaar verbind word.

Daar kan natuurlik ander name vir die standpunte gegee word as wat hier gebeur; die gebruikte tiperings is bedoel as gespreksterte en nie as finale beskrywings nie.

2. Opsies

2.1 Radikale pasifisme

Volgens hierdie standpunt, wat by die sogenaamde vredeskerke asook die Jehovas-getuies aangetref word, is geweld en oorlog totaal onaanvaarbaar vir politieke oplossings. Die Bybel is baie duidelik, so lui die argument, dat ons nie mag doodmaak nie; daarby het Christus die groot voorbeeld gegee dat selfs teenoor vyande liefde bewys moet word. Christene moet kies vir versetloosheid.

2.2 Gedeeltelike pasifisme

Gedeeltelike pasifisme vind bogenoemde standpunt te passief en kies gevolglik vir nie-gewelddadige verset in plaas van versetloosheid. Hulle stem saam dat dit vir 'n Christen ongeoorloof is om dood te maak, maar hulle stem nie saam dat 'n Christen hom nooit teen die bose (bv. 'n bose regering) mag verset nie. Christene behoort nie ongeregtheid passief te aanvaar nie, maar behoort hulle daarteen te verset en wel op 'n vreedsame wyse. Het Christus Hom dan nie op 'n geweldlose manier verset toe Hy die tempel gereinig het nie? Alhoewel nie elke nie-gewelddadige metode aanvaarbaar is nie, en alhoewel besondere sorg daaraan bestee moet word dat nie-gewelddadige aksies nie in geweld verander nie, is dit vir Christene wat hulle in ondraaglike situasies bevind, geoorloof om nie-gewelddadige metodes aan te wend om 'n samelewing te verander in die rigting van 'n vrye en regverdige samelewing. Daarby het hierdie metode die voordeel

* Voltooi 10-10-1988. Ongepubliseer.

dat dit reeds (met meer of minder sukses) prakties toegepas is in Indië deur Gandhi en in Amerika deur Martin Luther King.

2.3 Gedeeltelike militarisme

As gevolg van die absurditeit van die moderne oorlogvoering – waaroor weldra meer – en as gevolg van onregverdige staatstrukture, en beïnvloed deur die Marxistiese etiek, het die verskynsel van 'n burgeroorlog al meer veld begin wen. Natuurlik word die gedagte van verset teen 'n onregverdige owerheid in die Christelike etiek wyd aanvaar en wel in die vorm van 'n rebellie. Wat egter in hierdie konteks nuut is, is die gedagte dat ook 'n rewolusie aanvaarbaar behoort te wees.

Daar is egter 'n aansienlike verskil tussen 'n *rebellie* en 'n *rewolusie*:

- (1) Daar is 'n verskil in uitgangspunt: In die tradisionele Christelike etiek word 'n rebellie gesien as 'n laaste moontlikheid, terwyl geweld in die rewolusionêre model as vertrekpunt geneem word.
- (2) Daar is 'n verskil in metode: in 'n rewolusie word alle metodes aanvaarbaar geag (veral volgens Leninistiese model), terwyl in 'n rebellie alles nie aanvaarbaar is nie en soveel moontlik menslikheid betrag moet word.
- (3) Daar is 'n verskil in doel: in die (Leninistiese) rewolusionêre model moet nie net die kapitalistiese sisteem vernietig word nie maar ook godsdiens, terwyl godsdiens volgens die rebellie-model gerespekteer en soms selfs verdedig moet word.

2.4 Tradisionele militarisme

Hierdie standpunt, wat wydverspreid onder Christene aangetref word, verskil van die pasifisme daarin dat hier aanvaar word dat die doodmaak van mense moreel regverdigbaar kan wees in gevalle van byvoorbeeld selfverdediging, doodstraf en ook 'n verdedigingsoorlog. In hierdie benadering word slegs tradisionele wapens aanvaar met uitsluiting van die totale vernietigingswapens. Soms word hierdie standpunt ook as atoompasifisme beskryf. Tradisionele militarisme gaan daarvan uit dat dit moreel aanvaarbaar is om jou vaderland in die geval van 'n regverdige oorlog te verdedig.

Die waarde van hierdie standpunt is daarin geleë dat dit probeer om 'n oorlog te beperk, te verklein en te humaniseer. Die probleem hiermee is egter dat elke suksesvolle verdedigingsoorlog tendeer om in 'n aanvalsoorlog te verander, te meer wanneer moderne wapentoerusting gebruik word.

Tradisionele militarisme argumenteer dat atoomwapens nie gebruik behoort te word nie, aangesien dit sy eie doel vernietig. Dit skyn asof daar sonder atoomwapens geen veiligheid is nie, maar daarmee totale vernietiging! Met die verskyning van die moderne atoomwapens het byna alle tradisionele onderskeidings oor oorlog in gedrang gekom:

- (1) tussen soldaat en burger (want die soldaat is nou meer veilig as die burger);
- (2) tussen oorwinnaar en verloorder (want in 'n totale oorlog is daar geen oorwinnaars meer nie maar slegs verloorders);
- (3) tussen die teenswoordige en die toekomstige geslagte (want atoomafval en omgewingsbesoedeling bedreig ook die nageslag);
- (4) tussen neutrale en vegtende lande (want radioaktiewe deeltjies eerbiedig geen landsgrense nie);
- (5) tussen vegtende lande en die hele wêreld (want radioaktiewe deeltjies word deur die luglae en seestrome oor die wêreld versprei).

'n Ander vraag is natuurlik of atoomwapens nie tóg gebruik kan word nie en wel as afskrikmiddel en om die magsbalans te handhaaf. Daarsonder is groot magsblokke weerloos teenoor hulle opponente. Alhoewel hierdie standpunt taamlik wyd aanvaar word, gaan dit mank aan 'n hele aantal morele en rasonale besware:

- (1) dit is foutief om te dink dat hiervolgens atoomwapens nie “gebruik” word nie; hulle word wel gebruik, psigologies, in tye van vrede;
- (2) hierdie wapens kan slegs dan as afskrikmiddel gebruik word wanneer die opponent weet dat hulle in geval van nood inderdaad gebruik sal word;
- (3) die vraag kan gestel word wat die waarde is van wapens wat, gesien hulle vernietigingskrag, die nasionale veiligheid voortdurend ondermyn;

- (4) daar mag nooit vergeet word nie dat elke wapenopbou die kans van 'n oorlog vermeerder asook die wapenindrustrie en wapenverspreiding stimuleer;
- (5) op hierdie wyse word 'n swaar klem gelê op negatiewe vrede (vrede deur middel van wapens), terwyl positiewe vrede (vrede deur reg) heeltemal onderbeklemtoon word;
- (6) die moontlikheid van 'n onbedoelde (atoom-)oorlog bly altyd oop; en as so 'n oorlog tussen die supermoondhede eenmaal uitbreek het, is die versoeking wawyd oop om inderdaad atoomwapens te gebruik;
- (7) die vraag moet gestel word of hierdie teorie nie gebou word op 'n optimistiese mensbeeld nie waar verwag word dat die mens altyd redelik en met goeie bedoelings sal reageer;
- (8) uiteindelik moet die vraag gevra word of met hierdie wapens nie maklik afgodery gepleeg sal word nie, aangesien hierdie wapens maklik as 'n "laaste redmiddel" aangesien kan word.

Ons konklusie is dat sowel die *aanwending* as die *aanhouding* van hierdie wapens moreel onaanvaarbaar is. Daarom moet dit verwelkom word dat Suid-Afrika die kernsperverdrag onderteken het.

'n (Ontmoedigende) Slotopmerking moet ongelukkig bygevoeg word: die kennis om atoomwapens te maak, kan nooit meer vernietig word nie sodat hierdie wapens nog altyd in 'n tyd van krisis gemaak kan word. Ons het 'n stadium bereik waar ons – soos iemand opgemerk het – “sal moet leer om met die bom te lewe”.

2.5 Radikale militarisme

Volgens hierdie siening is dit moreel aanvaarbaar om jou land en die Westerse/Oosterse beskawing selfs met atoomwapens te verdedig. Wanneer die vryheid van 'n samelewing (en soms word godsdiensvryheid hier bygevoeg) op die spel is, mag enige moontlike middel en metode aangewend word om dit te verdedig.

Dit is egter 'n ope vraag of in hierdie geval nog van 'n “oorlog” gepraat kan word. Die begrip “oorlog” impliseer dat 'n bepaalde doel bereik kan word, maar in 'n atoomoorlog gaan die doel tien teen een juis vernietig word. Om die waarheid te sê het ons nog nie 'n konsep geskep wat 'n atoomoorlog kan beskryf nie.

Hierby moet verreken word dat die grootste konvensionele wapens alreeds groter is as die kleinste atoomwapens sodat die grens tussen 'n tradisionele en atoomoorlog baie vloeibaar begin word.

Die vraag is aktueel: kan 'n oorlog hoegenaamd nog enige doel dien? Is dit (nog) werklik politiek met ander middele?

3. Konkluderende opmerkings

Konkluderend kan die volgende opmerkings gemaak word. Sowel radikale pasifisme as radikale militarisme word gedruk deur swaarwegende morele besware. Selfs tradisionele militarisme kom ook meer en meer in gedrang. Burgeroorloë word tans redelik algemeen aanvaar, maar besit ook sy diep skadukante. Moreel beoordeel is dalk die meeste ten gunste van gedeeltelike pasifisme te sê.

Waarskynlik moet die oplossing in die rigting van 'n (verantwoorde) situasie-etiek gesoek word. Dit beteken onder meer dat elke (konflik-)situasie op eie meriete beoordeel behoort te word voordat tot handeling oorgegaan word. Nie elke oorlog is regverdig nie, selfs nie elke verdedigingsoorlog nie. In 'n gegewe situasie mag dit moontlik wees vir 'n klein Gideonsbende om 'n groot mag te oorwin (Rigt. 7), maar in ander omstandighede mag dit raadsaam wees om ander opsies te oorweeg (Luk. 14:31-32). In sommige omstandighede mag dit selfs verstandig wees om hoegenaamd glad nie te verset nie ten einde die katastrofe klein te hou (Jer. 27).

Christene en die Christelike kerk moet hulle uiterste bes doen om 'n oorlog te probeer voorkom. Christene is navolgers van Christus, die Vrededvors, wat sy lewe vir ander gegee het. Hy het nooit iemand anders se lewe geneem nie. Hy prys die vredemakers salig (Matt. 5:9). Die Bybel roep alle Christene op om sover moontlik in vrede met alle mense te lewe (Rom. 12:18; Heb. 12:14).

Ware vrede kan volgens die Bybel nooit van geregtigheid losgemaak word nie (Ps. 85:11; Jes. 32:17; Jak. 3:18). Om 'n vredemaker te wees, beteken om vir reg en geregtigheid te stry.

IV
SLOT

19. WAARHEID EN LIEFDE*

– AS GRONDSLAG VIR KERKEENHEID EN DIE CHRISTELIKE LEWE

Inleidend

In 'n tyd van veel beweging en soms selfs spanning tussen Christene, gemeentes en kerkgroepe is dit nodig om te besin oor daardie dinge wat gelowiges en kerke – en selfs samelewings – bymekaar hou. Wanneer die Skrifgegewens in hierdie verband nagegaan word, blyk dit dat daar ten minste twee fundamentele sake is waarop die kerk en kerkeenheid rus, naamlik waarheid en liefde.

Die Skrif oor waarheid en liefde

Waarheid

Wat leer die Skrif oor waarheid? Die Hebreeuse woord vir waarheid, *emet*, en die Griekse woord, *aletheia*, word gewoonlik weergegee met betroubaarheid, vastigheid, waaragtigheid.

Die eerste wat die Skrif in hierdie verband leer is: *die waarheid is 'n persoon*. God is 'n troue en betroubare God (Pss. 31:6; 25:10). 'n Mens kan jou volkome op sy beloftes verlaat, jy kan Hom in alles volledig vertrou. Wie na die waarheid soek, moet na Hóm soek, nog meer toegespits: moet na Jesus Christus soek, wat die waarheid is (Joh. 14:16), daardie waarheid wat vry maak (Joh. 8:32; vgl. Gal. 5:1). Ook die Gees word die Gees van die waarheid genoem (Joh. 15:26) en daarom kan die Gees in die hele waarheid lei (Joh. 16:13).

Die tweede wat die Skrif leer is: *die waarheid is woord – woord van God*. “U woord is die waarheid” (Joh. 17:17). In die Ou Testament is dit duidelik dat waarheid gelyk gestel word met die woorde van die Here (1 Kon. 17:24). In die Psalms blyk dit telkemale. Al die gebooie van die Here is waarheid (Ps. 119:86, 151), sy wet is waarheid (Ps. 119:142). In die Nuwe Testament word die waarheid gelyk gestel met die evangelie, die boodskap van verlossing (Ef. 1:13; Kol. 1:15).

Die derde wat die Skrif leer is: *wandel in die waarheid*. In die Skrif word waarheid nie bloot in verband gebring met kennis, met iets wat die mens *weet* nie,

* Geskryf 24-10-1998. Nog nie eerder verskyn nie.

maar veral met iets wat hy *doen*. Die Psalmdigters praat daarvan om “in die waarheid te wandel” (26:3; 86:11), wat beteken om naby die Here te lewe en aan sy woorde vas te hou (Ps. 119:1). In die woorde van Christus: “Hy wat die waarheid *doen*, kom na die lig...” (Joh. 3:21). Die waarheid wil nie net gehoor, geken en bely word nie, dit wil voor alles gedoen word.

Liefde

Wat leer die Skrif oor liefde?

Ten eerste: *die liefde is die grootste gawe wat God gee*. Die liefde word in die Bybel met groot woorde beskryf. Dit word genoem die samevatting van die Ou Testament (Matt. 7:12), die grootste gawe (1 Kor. 13:1, 13), die vervulling van die wet (Rom. 13:8; Gal. 5:14), die wet van die koninkryk (Jak. 2:8), die eerste vrug van die Gees (Gal. 5:2). Inderdaad, wat is groter as die liefde?

Ten tweede: die Bybelse definisie van liefde is: *dit is saliger om te gee as om te ontvang* (Hand. 20:35). Die Griekse taal ken drie woorde vir liefde: *filia* (gevoelvolle/vriendskapsliefde), *eros* (begeer, seksuele liefde) en *agape* (selflose/weggee liefde). Dit val op dat die Nuwe-Testamentiese skrywers die woord *eros* (vgl. ons woord erotiek) nooit gebruik nie, die woord *filia* (vgl. ons filantropie) selde, maar herhaaldelik die woord *agape* met sy ryk en vol betekenis. Die kortste definisie hiervan – waarvan ek weet – is: **g-e-e**. “God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun geGEE het...” (Joh. 3:16). Twee aspekte moet bygevoeg word: dit gaan om meer as blote gee, want dit gaan daarom om die *beste* te gee (God gee sy Seun van liefde); en: dit gaan om *verlossend* gee (want wie glo, ontvang die ewige lewe en die versoening van sondes, 1 Joh. 4:10). Die kenmerk van Bybelse liefde is dat dit nie sy eie belang soek nie (Rom. 15:2; 1 Kor. 13:5; Fil. 2:4), nie selfsugtig is nie, maar selfloos, uitgaande, diensvaardig, hulpvaardig. Wat ons vandag in Afrikaans liefde noem, is meesal ligjare verwyder van wat die Bybel onder liefde verstaan.

Ten derde: *die Bybel leer 'n dubbele liefdesgebod: tot God en tot die naaste* (Mark. 12:29-31), inklusief die vyand (Matt. 5:44). Christus verskerp selfs die gebod tot naasteliefde: soms moet ons mekaar méér liefhê as wat ons onself liefhet, want ons moet mekaar liefhê SOOS HY ons liefgehad het (Joh. 13:34; Joh. 15:13).

Waarheid en liefde

Die twee begrippe waarheid en liefde word in die Bybel nie as losstaande eenhede behandel nie maar in onlosmaaklike eenheid. Dis nooit 'n kwessie van waarheid óf liefde nie, maar altyd waarheid én liefde.

In hierdie verband wil ek graag na twee voorbeelde verwys wat albei in verband staan met die gemeente van Efese. Die een verwys na 'n brief van Christus aan die gemeente en die ander na 'n brief van Paulus aan hulle.

Die eerste verwys na 'n brief van Christus (Op. 2:1-7). Wat skryf Christus aan die gemeente?

Christus waardeer dit dat die gemeente van Efese 'n ortodokse gemeente is. Valse leraars is uitgeruik en kerklik gedissiplineer (2:2,6). Leersuiwerheid is onderhou en kerklike tug is toegepas. En tog was dit alles in die oë van Christus nie voldoende nie. Daar het immers een wesentlike element ontbreek: “Julle het My nie meer so lief soos in die begin nie” (2:4). 'n Ander moontlike vertaling is: “Julle het julle liefde – wat die eerste kom – verlaat”. Christus was klaarblyklik nie tevrede daarmee dat die gemeente aan die *waarheid* vasgehou het maar die *liefde* – vir Hom en die naaste – vergeet het nie. Regsinnigheid wat gepaard gaan met liefdeloosheid is in sy oë totaal onaanvaarbaar. Vandaar die kragtige oproep tot die gemeente om hulle te bekeer (2:5).

Ons mag die suiwerste belydenis hê, die beste kerkorde en die soberste liturgie, maar as ons nie die liefde het nie, dan het ons niks nie. “Wanneer daar agter ons ywer, ons suiwerheid in leer en onbesprokenheid van wandel [so merk iemand op], nie gloed in die persoonlike liefde tot Jesus Christus is nie, kom ons in die tydperk van versteende ortodoksie.”

Waarheid en liefde hoort saam. Wie aan die waarheid vashou, moet dit in liefde doen.

Die tweede voorbeeld kom uit Efesiërs 4:15 waar Paulus skryf: “ons sal in liefde by die waarheid bly”. (Ek merk hier tussen hakies op dat die indrukwekkendste bydrae wat ek ooit op 'n sinode gehoor het, deur prof. W.J. Snyman in 1973 op grond van hierdie teks geleer is. Ek voeg by dat ons huidige praktyk van sinodehou sulke redevoerings volkome uitsluit.) In die hele hoofstuk 4 van Efesiërs handel Paulus op diepsinnige wyse oor die eenheid van die kerk. Hy was op die dienaars wat Christus gee om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die kerk (4:12). Die kerk moet immers kom tot manlike volwassenheid

(*aner teleios*) en nie meer kinderagtig wees nie (*aner nepios*) (4:13-14). So sal die kerk sterk staan teen dwaalleer en valse leraars (4:14). So kan in liefde by die waarheid gebly word (4:15). Die waarheid is noodsaaklik, maar die liefde is onmisbaar. Daarom roep Paulus ook op: verdra mekaar in liefde (4:2).

Teen twee uiterstes moet gewaak word: 'n waarheidsfanatisme, sonder liefde, dit wil sê 'n omgaan met die waarheid op liefdelose wyse. En voorts: teen 'n liefdesfanatisme, dit wil sê 'n omgaan met die liefde op leuenagtige wyse. Die liefde verbly hom immers oor die waarheid (1 Kor. 13:6).

Die waarheid mag nie liefdeloos hanteer word nie en die liefde ook nie leuenagtig nie.

Calvyn oor leer en liefde

Ons is in die kerk gewoon daaraan om, veral wanneer ekumeniese verhoudings bespreek word, te praat van eenheid in “leer, diens en tug”. Calvyn het dit skerp geformuleer deur te praat van eenheid in “leer en liefde”. Hy skryf iewers: “Hierdie gemeenskap word verder deur twee bande aanmekaar gehou, naamlik instemming met die *gesonde leer* en *broederliefde*... ons moet ook daarop let dat hierdie liefdesverbintenis so van geloofseenheid afhanklik is dat hierdie liefdesband die begin, die einde en ten slotte die enigste maatsaf van hierdie eenheid behoort te wees” (Inst. 4.2.5). (Sizoo vertaal effens anders). Calvyn stem saam met Augustinus dat ketters die waarheid verdraai en dat kerkskeurmakers die liefde vernietig.

Dit is bekend dat Calvyn nie rigoristies oor die kerkregering geoordeel het nie – solank die Christusregering maar sy regmatige plek kry – en dat hy ook baie soepel oor die liturgie geoordeel het. Selfs wat die leer betref, het hy begrensde ruimte voorgestaan (Inst. 4.1.12).

Ook vir Calvyn rus kerkeenheid op waarheid en liefde. Wie slegs die waarheid handhaaf maar die liefde vernietig, verval in ortodoksisme; wie slegs die liefde handhaaf maar die waarheid verloën, verval in formalisme.

Slot

Artikel 29 van die NGB sluit by Calvyn aan deur nie net van die kenmerke van die ware *kerk* te praat nie maar ook van die kenmerke van *Christene*, waar die liefde tot God en die naaste 'n sentrale plek inneem.

Waarheid en liefde, liefde en waarheid – dis die geheim van die eenheid van die kerk, ja, dis die geheim van die bestaan en voortbestaan van die kerk self. Van elke kerk. Van elke Christen.

BYLAE

VOORSTEL VIR 'N GETUIENIS OOR VERSOENING IN DIE SUID-AFRIKAANSE SAMELEWING*

1. Suid-Afrika was en is 'n diep verdeelde land met 'n hoë konfliktpotensiaal. Daar bestaan talle vorme van polarisasie, vrees en vyandskap tussen individue en groepe. Die Afrikaanse kerke erken in ootmoed hulle aandeel aan die konfliktsituasie asook dat hulle in talle opsigte in gebreke gebly het om goeie menseverhoudings te bevorder en onreg te bestry.
2. Die kerk erken in groot dankbaarheid dat die Here die bediening en boodskap van versoening aan die *kerk* toevertrou het en dat hierdie hoopvolle boodskap telkens in nuwe kontekste uitgedra en verwerklik moet word. Wat ook al ten opsigte van versoening deur die Waarheid- en Versoeningskommissie (WVK) bereik mag word, bly dit 'n Kommissie met 'n beperkte mandaat en 'n beperkte lewensduur. Hierteenoor is die kerk 'n Godgegewe en permanente versoeningsinstrument wat altyd die boodskap van versoening moet uitdra en voorleef.
- 3.1 Die kerk erken dat die leer oor versoening in die kerk en onder gelowiges 'n diepte en volheid, uniekheid en kwaliteit besit wat dit nie in die samelewing kan hê nie. Hieruit mag egter nie die afleiding gemaak word dat die boodskap van versoening vir die samelewing onbelangrik en sonder betekenis sou wees nie. Teologies benader, beteken versoening dat die Here God uit liefde vir die wêreld die verbroke en vyandige verhouding tussen mens en Hom herstel en die mens sy sondes vergewe. Versoening met God is nie goedkoop nie maar geskied deur die voldoening van Christus. So besien bring versoening vrede met God. Versoening met God vind dus nie plaas op grond van die mens se bekering en skuldbelydenis nie, maar ook nie daarsonder nie.
- 3.2 Versoening en vrede met God stig vrede tussen mense onderling en bring sodoende gemeenskap teweeg. Waar die vyandskap en skeiding tussen mens en God opgeruim is, word ook die skeiding en vyandskap tussen mense onderling (bv. Jode en nie-Jode) opgehef in "een nuwe mensheid", naamlik

* Gespreksdokument opgestel vir 'n interkerklike gesprek, 18 April 1998. Geredigeer. Ongepubliseer.

die kerk. Die kerk erken in ootmoed dat daar oor die algemeen veels te weinig van hierdie eenheid en versoening in (alle) interkerklike verhoudings tot uitdrukking gekom het.

4. Die kerk erken dat die versoening en vrede wat die mens van God deur die geloof ontvang, ook van betekenis is vir die lewe van elke dag in al sy individuele en sosiale gestaltes – te meer in 'n land wat (na bewering) grotendeels uit Christene bestaan. Christene is immers mense wat sover moontlik en sover dit van hulle afhang, in vrede wil leef met alle mense.
5. Die versoeningsboodskap verander intermenslike verhoudings. Die kerk doen 'n beroep op alle gelowiges/lidmate en landsburgers om alles moontlik te doen om as individue in vrede saam te leef en so mee te werk aan 'n vreedsame en verantwoordelike samelewing.
6. Die versoeningsboodskap verander huweliks- en gesinsverhoudings. Ons leef in 'n land waar egskedings en kindermishandeling hand oor hand toeneem. Die kerk doen 'n beroep op egliede en ouers om spanning en mishandeling in die huwelik en gesin in 'n gesindheid van versoening te hanteer en te probeer oorkom. 'n Samelewing waarbinne huwelike en gesinne verbroekel, is 'n samelewing wat uiteenval.
- 7.1 Die versoeningsboodskap verander intergroepverhoudings. Dit raak byvoorbeeld die verhouding tussen geslagte, volke/nasies, taalgroepe en rasse. Versoening beteken nie dat die verskillende groepe hulle identiteit en kultuur verloor nie maar wel dat die *vyandskap* tussen die groepe weggeneem word en dat die groepe in vrede en harmonie probeer saamleef. Dit impliseer verder dat die strukture van ons samelewing op harmonie eerder as op konflik aangelê behoort te wees en dat geregtigheid in die land bevorder moet word.
- 7.2 Die boodskap van versoening raak byvoorbeeld die verhouding tussen die Afrikaners en Engelssprekendes in ons land. Dit is algemeen bekend dat die Engelse kerke en predikante skerp kritiek uitgespreek het teen die sisteem van sosiale onreg waarvoor die Afrikaners grotendeels verantwoordelik was. Dit kan die versoening in die land bevorder indien van dieselfde kant ook kritiek uitgespreek word teen (en skuldbelydenis gedoen word oor) die oorlogsmisdade en onreg wat teen die Afrikaners in die jare 1899-1902 gepleeg is.

- 7.3 Die boodskap van versoening raak ook heel in besonder die verhouding tussen swart en wit in ons land, verhoudings wat dikwels gekenmerk word deur vrees en haat. Die kerk is diep bekommerd oor die onaanvaarbaar hoë misdaadsyfer en oor die talle moorde wat (veral in KwaZulu-Natal, die Kaapse vlakke en op boere) gepleeg word. Die kerk vind ook die moord op ongebore babas – wat as aborsie-op-aanvraag bekend staan – moreel onaanvaarbaar. Die kerk roep lidmate op om alles moontlik te doen vir vrede en om nie die reg in eie hande te neem nie. Die kerk getuig ook teenoor die regering om alles in die werk te stel – byvoorbeeld om die polisiemag sterk uit te brei – om die misdaad in die land doeltreffend te hanteer.
- 7.4 Die kerk besef ook dat versoening nooit goedkoop is nie en dat die kerklike belydenis van “versoening deur voldoening” in sosiale terme vertaal moet word as “versoening met vergoeding”. Terwyl gewaak word teen onverantwoordelike regstellende aksie, is daar inderdaad baie wat moet reggestel word ten opsigte van die agtergeblewe gemeenskappe. Daarom moedig die kerk lidmate aan om daadwerklik en finansieel betrokke te raak by sosiale welsyns- en opheffingswerk. Die kerk moedig bevoorregte Christene aan om oorweging te verleen aan die gedagte om 1% van hulle inkomste vir sosiale welsyn aan te wend.
8. Die versoeningsboodskap verander intergodsdienstige verhoudings. Hierdie gesigspunt beteken geensins dat ander godsdienste as waar of saligmakend aanvaar of beskou moet word nie, maar wel dat die individuele aanhangers daarvan as mense geskape na die beeld van God bejeën en respekteer behoort te word. Christene behoort hulle in sosiale opsig waardig en wellewend te gedra.
9. Die versoeningsboodskap verander internasionale verhoudings. State en buurstate behoort sover moontlik in vrede met mekaar te leef en dreigemente, aggressie en geweld uit te skakel. Ondersteuning, vrye handel en ordelike vrye verkeer behoort – onder andere – internasionale verhoudings te kenmerk. Die kerk spreek sy dank uit teenoor die regering vir die ontspanne internasionale verhoudings wat gedurende hierdie dekade in Suid-Afrika verwerklik kon word.
10. Die versoeningsboodskap verander ook die mens se verhouding tot die natuur. Wie met God en sy naaste versoen is, leer ook waardering opbou vir die *ruimte* wat God aan die mens gegee het om sy lewe te leef. Omgewings-

en natuurbewaring is deel van die mens se roeping. Die kerk spreek sy diepe kommer en sorg uit oor die toenemende vervuiling van ons land, van die paaie en spoorlyne, die stede, dorpe en townships, die spruite, riviere en see, die lug en atmosfeer. Die kerk doen 'n beroep op dorpsrade, stadsrade, die nasionale regering en alle landsburgers om die natuur te beskerm en die omgewing skoon te hou.

11. Die kerk doen hierdie oproep op alle gelowiges, alle landsburgers en die regering in ootmoed oor sy eie nalatigheid in die verlede, maar in die verwagting dat konkrete probleme tans konkreet aangespreek behoort te word en die hoop dat die Here aan almal die krag en wysheid sal skenk vir die uitvoering van hulle roeping in hierdie mooi land. Mag sy koninkryk kom!

OOR DIE BOEK

Die wêreld en so ook die Suid-Afrikaanse samelewing, word letterlik oorspoel met honderd en een etiese vraagstukke. Christene soek na antwoorde, antwoorde wat eenvoudig nie soos spoeldiamante gereed lê net vir die optel nie. Morele beginsels en norme moet duidelik gedefinieer en morele vraagstukke moet behoorlik geartikuleer word, voordat aan 'n antwoord gedink kan word. Die skrywer gee in hierdie boekie aandag aan 'n hele aantal etiese vrae en nooit die geïnteresseerde leser uit om daaroor met hom saam te dink. Hy weerhou hom enersyds van absolutistiese antwoorde, maar probeer andersyds tog om leiding te gee oor die rigting waarin na 'n antwoord gesoek moet word. Deurgaans probeer hy om die Skrif as bron en norm vir die etiek te hanteer. En die koninkryk van God as sin-ontsluiting van die mens- en wêreldgeskiedenis.

OOR DIE SKRYWER

Die outeur het sy filosofiese en teologiese studies aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys voltooi, waarna hy vir 18 jaar in vier Gereformeerde gemeentes as predikant werksaam was. Hierna volg 'n agtienjarige profesoraat in Dogmatiek en Etiek, eers aan die Hammanskraalse Teologiese Skool vir deriten jaar en sedert 1995 aan die Teologiese Skool Potchefstroom. Sy dogmatiese belangstelling gaan veral uit na temas oor die *kerk* en die *koninkryk*, terwyl sy etiese belangstelling gerig is op temas wat handel oor oorlog en vrede, geweld en opstand, rebellie en rewolusie. Tans is hy besig met navorsing oor die etiek van Augustinus, waaroor hy hoop om uiteindelik 'n boek te publiseer.